Music Box / B4.

Vrye Weekblad

21 September 1990
Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

Is dít die Derde Mag?

Stompie se ma praat oor Winnie

Partisie-debat: Robert van Tonder

Omkoop-omkoop deur Zambië

Johan Heyns praat sy hart uit

Wêreld

Pres Walesa?

Die leier van die Poolse vakbond Solidariteit, Lech Walesa, kondig aan dat hy hom vir die volgende Poolse presidentsverkiesing beskikbaar stel. Die huidige president, die voormalige Kommunistiese leier Wojcieh Jaruzelski, onderneem om sy termyn kort te knip ten einde "onnodige sosiale emosies te vermy".

Zim klopjag

Die Zimbabwiese polisie doen 'n klopjag op die kantore van die pas gevormde Suider-Afrikaanse Menseregtestigting. Volgens die polisie het hulle vermoed dat die stigting geheime politieke bande met 'n ongespesifiseerde politieke party het.

Japanse keerpunt

Die Japanse regering sê hy glo 'n besoek deur pres FW de Klerk is nou moontlik. Waarnemers meen dit kan die keerpunt in betrekkinge tussen Japan en Suid-Afrika wees.

Wrede goewerneur

Irak stel 'n neef van pres Saddam Hoesein, Ali Hassan al-Majid, wat in 1987 'n aanval met chemiese wapens op 'n Koerdiese dorpie beveel het, as goewerneur van Koeweit aan. Die aanval in Junie 1987, waarin duisende mense dood is, was deel van 'n veldtog om verskeie Koerdiese gebiede te ontvolk. Tot 300 dorpies is binne dae platgestoot.

PLO se planne

Pro-Irakese afgevaardigdes van tien Arabiese lande en die Palestynse Bevrydingsorganisasie onderneem om Amerikaanse belange dwarsdeur die wêreld aan te val indien Amerika Irak sou aanval.

Rassis kry 18 jaar

Die leier van die rassistiese Australiese Nasionalistebeweging, Jack van Tongeren, noem 'n eed om Australië van Asiërs te "verlos". Hy en drie makkers word skuldig bevind op aanklagte van onder meer die afbranding van vyf Chinese restaurante. Hy word tot 18 jaar gevangenisstraf gevonnis.

Osoongat daar

Instrumente aan boord van 'n polêre satelliet registreer die jaarlikse osoongat bokant Antarktika 'n maand vroeër as in vorige jare. Toe kon die gat eers middel September gevind word, omdat die son toe eers vir die Antarktiese lente verskyn het. Vanjaar is infrarooi-straling gebruik.

Rusland koop kos

Terwyl die hereniging van die twee Duitslande naderkom, berei Berlyn hom voor om ontslae te raak van die enorme voorrade kos en ander daaglikse noodsaaklikhede wat die stad sedert die Berlynse blokkade van 1948 opgegaar het. Daar is reeds een potensiële koper - Rusland.

Hane na SA

Franse rugbybase steun die gedagte dat Suid-Afrika die Wêreldbeker in 1995 aanbied. Die Franse is ook gereed om 'n span na Suid-Afrika te stuur om die Springbokke se terugkeer na die internasionale arena te bespoedig.

SA en Aids

Agt miljoen mense dwarsdeur die wêreld het aan die begin van 1990 aan Aids gelei, sê die Wêreld-Gesondheidsorganisasie. Van hulle het 800 000 reeds gesterf. Suider-Afrika is die gebied met die hoogste infeksiekoers. Een uit elke veertig mense hier ly aan Aids.



Uit: The Star, Dinsdag 18 September 1990

Chinese maak skoon

Chinese vuurpelotons stel 65 mense tereg deur hulle in die agterkop te skiet. Dit is deel van 'n veldtog teen misdaad wat volgens die owerhede "nog lank gaan duur". Onder die veroordeeldes tel diewe van goedere by fabrieke, rowers van besoekers aan toilette, en "boewe" wat vrouens tot prostitusie verlei het.

Lugmaghoof afgedank

Die hoof van die Amerikaanse lugmag word afgedank na sy openbare voorspraak vir die doodmaak van pres Saddam Hoesein indien oorlog met Irak uitbreek. Hy het ook geklassifiseerde inligting oor die Amerikaanse magte in Saoedi-Arabië bekend gemaak.

Indiaanse monument

Na 114 jaar gaan die Cheyenne, Sioux en ander Indiaanse stamme se oorwinning oor Amerikaanse troepe by Little Bighorn deur die Amerikaanse regering erken word. By die bestaande monument vir die kavalleriste wat in "Custer's last stand" omgekom het, gaan nou 'n monument opgerig word vir die Indiane wat "hul lewens gegee het om hul gesinne, lewensstyl, kultuur en grond te beskerm".

Universiteit toe

Die owerhede in Kenia sluit die Egerton Universiteit in Nairobi na hewige gevegte tussen studente en die polisie. Die studente het betoog teen onregverdige puntetoekennings na eksamens.

Masels in Angola

Radio Maputo berig dat meer as 1 400 kinders in Luanda, Angola in die eerste vyf maande van dié jaar aan masels dood is.

Suid-Afrika

Vrede misluk

'n Gesamentlike vredespoging tussen Zoeloes en Xhosas in die townships misluk wanneer Koning Goodwill Zwelithini van die Zoeloes nie by twee beplande saamtrekke in Sebokeng en Tokoza opdaag nie.

Wit hof, asseblief

'n Ver-regse wat weens moord aangekla is vra dat swartmense nie tydens sy verhoor in die Hooggeregshof toegelaat word nie. Fanie Goosen, 'n lid van die AWB én die splintergroep Die Orde van die Dood, kom op 24 September voor op aanklagte van roof en moord.

NECC-strategie

Die National Education Co-ordinating Committee (NECC) loods 'n strategie om swart skoliere op die matriekeksamens voor te berei om verlede jaar se swak uitslae te vermy.

PAC en Sanlam

Die PAC beoog om die geld van Sanlam- en Old Mutual-aandeelhouers te gebruik om rykdom te herverdeel, volgens 'n lektor in strategiese bestuur aan die Universiteit van Zambië.

SAP en 'terroriste'

Die polisie sal net masjiengewere gebruik in gevalle waar hulle deur "terroriste" met AK-47-gewere of soortgelyke wapens aangeval word. Die montering van masjiengewere op Casspirs is deel van die jongste maatreëls - bekend as Operasie Ystervuis - om die geweld in die townships hok te slaan.

Nie ons pamflet

Die ANC se Vroue-liga distansieer hulle van 'n pamflet - getiteld: "Comrades in Arms, Join the ANC Women League Battalion" - wat in Natal gesirkuleer is. Dié pamflet vra dat lede van 32 Battaljon "onkant betrap en doodgemaak moet word".

Mediaverhoor

Hoewel die ANC nie "spesiale behandeling" vir Winnie Mandela verwag nie, teken dié organisie beswaar aan teen "'n verhoor deur die media", sê Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC. Dit volg op die Prokureur-generaal se besluit om haar te vervolg in verband met ontvoering wat na bewering tot die dood van die jong aktivis Stompie Seipei gelei het.

AWB en SAP

Die AWB beskuldig die Suid-Afrikaanse Polisie daarvan dat hulle kitskonstabels en pro-NP-polisiemanne gebruik om AWB-lede by Nasionale Party-vergaderings te karnuffel.

Eerwaarde eet weer

Eerw Emmanuel Lafonte van Soweto het dié week na 'n hongerstaking van 11 dae weer begin eet. Dit volg op 'n ontmoeting tussen hom en die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, én as gevolg van "die skok van die bloedbad op die trein in Johannesburg verlede week".

Kleinpiet besorg

Piet "Skiet" Rudolph - onder-leier van die Boerestaat Party wat volgens Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word - se seun Thinus spreek sy besorgdheid uit oor die beweerde verklaring wat sy pa voor 'n landdros afgelê het. Hy sê hy vrees dat sy pa gedwing is om die verklaring af te lê.

Swart én wit

Die polisie maak bekend dat daar beide swart-én witmense - en nie net swartmense soos voorheen berig nie - in die minibus was wat op 12 September op swart voetgangers in sentraal-Johannesburg geskiet het.

Maduna weer aangeval

Penuell Maduna - 'n lid van die bestuurskomitee wat ná die Groote Schuur-ontmoeting tussen die ANC en die regering tot stand gekom het - word aangeval en van sy motor beroof. Dit is die tweede aanval op Maduna.

Zambië en SA

Zambië oorweeg die instelling van handelsbetrekkinge met Suid-Afrika na amper drie dekades waartydens Zambië aan die voorpunt gestaan het om Suid-Afrika te isoleer. Dié betrekkinge, volgens amptenare, sal voor Desember gevestig word.

Zwane na galg

Charles Bongani Zwane, 22, wat saam met 'n makker altesame agt mense doodgeskiet het, word deur regter DO Vermooten nege keer ter dood veroordeel.

Amptenare vervolg

Regter Leonora van den Heever beveel in die derde verslag oor korrupsie in die Departement Onderwys en Opleiding aan dat minstens vyf amptenare weens bedrog krimineel vervolg moet word.

(Bronne: Sapa en AFP)



Plante in Chattanooga Times

Staat die Derde Mag, sê Umkhonto-hoof

Die vermeende betrokkenheid van 'n "Derde Mag" by die township-geweld aan die Rand het die land aan die praat. HENNIE SERFONTEIN het gaan ondersoek instel en kom met ontstellende aantygings en getuienis na vore

DIE sogenaamde Derde Mag wat regstreeks of onregstreeks verantwoordelik is vir die jongste vlaag van sinnelose geweld en die aanblaas van konflik in die townships, bestaan in der waarheid uit elemente van die polisie, die weermag en Inkatha.

Daarom is dit eintlik misleidend om te praat van 'n Derde Mag, want dit skep verkeerdelik die indruk dat die staat nie betrokke is nie.

Dit is die mening van Joe Modise, die hoof van Umkhonto we Sizwe (MK), die militêre vleuel van die ANC, in 'n onderhoud dié week.

Hy sê: "Ek is onseker oor die benaming `Derde Mag'. So ver dit my betref, gaan die meeste van die beskuldigings oor mense wat in die moorde geïmpliseer word, oor die betrokkenheid van die polisie, die Askari's, die BSB en Inkatha."

Modise sê dat die ANC die regering die afgelope tyd volledig ingelig het oor baie van dié misbruike.

"Daar is beëdigde verklarings met voorbeelde van polisie-betrokkenheid. Maar baie mense in Natal is nou te bang om na vore te kom, omdat daar gevalle is waar mense wat verklarings aan die polisie gemaak het, kort daarna deur Inkatha aangeval is."

Hy verduidelik dat 'n mens daarom streng gesproke eintlik nie kan praat van 'n Derde Mag asof dit 'n onafhanklike organisasie buite die veiligheidstrukture is nie.

"Tensy die polisie natuurlik deur iemand van buite die strukture beheer word. Maar dit is duidelik nie die geval nie. Baie van die geweldaksies word juis regstreeks of onregstreeks van binne die strukture beheer."

Modise vra of die polisie en hul forensiese deskundiges die lyke ondersoek het van almal wat in die geweld die afgelope ses weke gesterf het, want dit sal interessant wees hoeveel van hulle met polisie-ammunisie geskiet is. Ons inligting is dat die meeste van die persone deur die polisie geskiet is," beweer hy.

Modise hou die staat regstreeks verantwoordelik en sê: "Ons glo dat die staat die middele het om die bloedvergieting stop te sit. Maar ons is absoluut verbaas dat dit die staat so lank neem om die skuldiges aan te keer.

"Die regering hoef maar net by Gatsha Buthelezi te begin, want hy staan persoonlik aan die voorpunt van al die geweld. Hy is eintlik die bron van al die probleme."

Modise beweer dat uitgesoekte eenhede van die KwaZulu-polisie 'n paar jaar gelede 'n gespesialiseerde kommando-tipe van opleiding in Israel en Namibia ondergaan het. Die ANC het besliste inligting dat die KwaZulu-polisie en Inkatha-groepe spesiaal van Natal na die Rand vervoer is net voor die geweld so onverwags onlangs in die gebiede uitgebreek het.

Hy sê: "Om daardie rede was daar die bloedige en dodelike doeltreffendheid van die geheimsinnige aanvallers tydens die slagting van mense met die onlangse bloedbaddens. Dit getuig van gespesialiseerde opleiding."

Joe Modise

Modise vra hoekom die regering nog nie die KwaZulu-polisie ontwapen het nie, veral vanweë hul betrokkenheid by baie moorde in Natal.

Hy sê: "Hier aan die Rand weet die polisie, of behoort hulle te weet, wie die mense in die Inkatha-hostels is wat vir die moorde verantwoordelik is.

"Inkatha-ondersteuners loop openlik met AK47's rond, iets wat ons in die ANC nooit sal waag nie. Maar omdat daar geen kontak tussen Inkatha en die Oosblok-lande is nie, is dit duidelik hul bron is elemente van die staat."

Hy sê dit is baie duidelik in die regering se onvermoë om die skuldiges op te spoor en verwys in besonder na voorvalle by Sebokeng. In die een geval het die polisie 'n gewapende Inkatha-optog begelei terwyl ANC-ondersteuners met traangas bestook en uitmekaar gejaag is.

In 'n ander geval is nege mense dood en 'n aantal verwond in 'n koelbloedige aanval op 'n hostel. Die aanvallers was witmense. Hulle het blindelings deur die vensters geskiet. Die motor waarmee hulle weggejaag het, lyk net soos die motors wat deur die polisie gebruik word.

Hoewel die polisie van die laaste voorval in kennis gestel is, is niemand nog aangekeer nie. Modise vra: "Hoe is dit moontlik dat polisie in baie voorvalle waar Inkatha openlik mense aanval, nog nooit die skuldiges kon aankeer nie?

"In Suid-Afrika is die polisie bekend vir hul doeltreffendheid en die snelle aankeer van misdadigers. Hoe is dit moontlik dat hulle nou met blindheid geslaan word as massa-aanvalle voor hulle oë plaasvind?

"Maar sou een blanke vandag in Markstraat in Johannesburg vermoor word, kan 'n mens seker wees dat 'n intensiewe polisie-ondersoek onmiddellik geloods sal word."

Modise sê dit is merkwaardig dat dieselfde berigte van polisie-betrokkenheid uit Natal, die Oos- en Wes-Rand en uit Soweto kom.

Hy sê die regering vra die ANC vir bewyse vir hul beskuldigings. "Maar bewyse aan wie? Ons kan tog sekerlik nie aan die polisie ons inligting oorhandig nie omdat hulle dikwels self betrokke is."

Modise sê die moorde en massaslagtings is goed beplan, gekoördineer en baie berekend. Die gevolg is dat die een ding wat die ANC ten alle koste wou verhoed, juis nou weer gebeur, naamlik dat die veiligheidsmagte terug is in die townships.

"Dit beteken ons is presies terug waar ons begin het. Die opbou van die ANC as politieke organisasie en die skepping van 'n atmosfeer bevorderlik vir normale politiek word daarmee erg belemmer."

Hy vra hoe dit moontlik is dat pres FW de Klerk nie van al dié dinge bewus is nie. Modise waarsku: "Daarom is baie mense in die ANC besig om die regering se opregtheid in die onderhandelingsproses vanweë die polisie-betrokkenheid by die geweld te bevraagteken."

'Inkatha-skoktroepe is deur die SA Weermag opgelei'

DIE SA Weermag het in 1987 'n groep van 1 000 lede van Inkatha in die grootste geheimhouding by die opleidingsbasis Hippo in Owamboland in spesiale oorlogvoering opgelei. 'n Honderd van dié soldate het Recce-opleiding ontvang, terwyl 'n ander groep in die mobilisasie van die massas opgelei is.

Dié inligting is onlangs deur 'n gewese senior lid van die ontbinde Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) aan Vrye Weekblad verskaf.

Nog 'n lid van die BSB, Willie van Deventer, het in Mei vanjaar in 'n onderhoud met Vrye Weekblad in Londen gesê dat die BSB ook by dié opleiding betrokke was.

Vrye Weekblad verneem dat die ANC self in besit van inligting is wat daarop dui dat die weermag lede van Inkatha in spesiale oorlogvoering opgelei het en dat dié lede nou waarskynlik in townships aan die Witwatersrand bedrywig is.

Volgens Vrye Weekblad se inligting het die opleiding plaasgevind onder die vleuel van die Hoof van Staf Inligting (HSI) en 5 Verkenningsregiment van die SA Weermag.

Die weermag ontken dat hy ooit Inkatha in klandestiene oorlogvoering opgelei het.

Die opleiding het volgens Vrye Weekblad se inligting geskied onder die beheer van kmdte JP Opperman van HSI en Jakes Jacobs van 32 Bataljon. Dié gevreesde bataljon is vroeër vanjaar tydens die Natalse geweld ontplooi.

Talle lede van dié groep is uiteindelik in die Kwazulu-polisiemag opgeneem, terwyl ander as sogenaamde lyfwagte vir hoofman Mangosotho Buthelezi aangewend is.

'n Verdere groep Inkatha-lede is deur die weermag opgelei in 'n tegniek wat as "kontra-mobilisasie" bekend staan. Dié opleiding het oor 'n tydperk van twee jaar geskied.

Volgens dié tegniek word soldate opgelei en geleer om "die massas" te mobiliseer en aan te spoor tot gewelddadige aksie.

Die tegniek van kontra-mobilisasie is vir die weermag verfyn deur twee sielkundiges, wie se name aan Vrye Weekblad bekend is.

Die een sielkundige, wat op 'n plaas naby Bronkhorstspruit bly, is 'n gewese skoolhoof en werk tans vir 'n frontmaatskappy van HSI. Die ander sielkundige is 'n universiteitsprofessor.

Recce-opleiding behels die optrede van klein spesialisgroepies wat stil en ongesiens kan optree.

Die ANC glo dat die optrede van die sogenaamde Derde Mag dui op die teenwoordigheid van Inkatha-lede wat spesiaal opgelei is.

JACQUES PAUW

Die polisie en Inkatha: nuwe getuienis

BLANKE polisiemanne in sekere townships aan die Rand het hul swart kollegas saans ontwapen en daarna self die onlusgebiede gepatrolleer. Op dié manier het hulle regstreeks hulp aan die Inkatha-groepe verleen, hulle van een aanvalspunt na 'n ander vervoer en ook van wapens voorsien.

'n Vooraanstaande ANC-leier het dié inligting gister aan Vrye Weekblad gegee. Hy sê dat dit een van verskeie voorbeelde van polisie-betrokkenheid by die geweld is wat deur die ANC aan die regering voorgelê is.

Die feite het soos volg aan die lig gekom: Twee ANC-lede het ondersoek ingestel na n onrussituasie by 'n plakkerskamp. Hulle vind toe 'n patrollie van blanke en swart polisie in verskeie Casspirs.

Die polisie was besig om die plakkerwonings met traangas te bestook.

Daar was in daardie stadium geen oproeriges of enige rede hoegenaamd vir polisie-optrede nie.

Die polisie het die ANC-amptenare aanvanklik geïgnoreer. Toe het 'n swart offisier gesê hulle is "mense sonder breins" en gesê hulle moet hulself uit die voete maak.

'n Ruk later is een aangekeer en op bevel van 'n wit offisier in een van die Casspirs ingeboender.

Vir 'n paar uur lank moes die ANC-man saam met die polisie rondry en die beledigings van die wit polisie aanhoor. Aan die einde van die dag is hy in die hande van die swart polisie gelaat wat toe van diens af gegaan het.

Dieselfde swart offisier sê toe aan hom dat hy die ANC-amptenare versoek het om pad te gee omdat hy vir hul lewens gevrees het as hulle in die hande van die wit polisie val.

Hy is ook deur die swart polisie meegedeel dat hulle saans ontwapen word en nie op patrollie mag gaan nie, omdat die wit polisie dan vir Inkatha help. Die swart polisie het hul name en addresse aan die ANC man gegee, maar was uit vrees vir hul loopbane te bang om beëdigde verklarings af te lê.

Die ANC-leier vertel van 'n tweede voorbeeld van polisie betrokkenheid: Op die vooraand van die Inkatha-aanvalle aan die Rand het 'n span van vier swart en twee wit offisiere om middernag 'n hostel besoek. Die een wit offisier het die bewoners toegespreek terwyl'n swart offisier vir hom as tolk opgetree het.

Hy het gewaarsku dat 'n ANC-oorname oorheersing deur die Xhosas sal beteken. Daarom is dit belangrik dat die Zoeloes hulself bewapen en die Xhosas moet aanval.

Die polisie het daarop wapens en ammunisie aan die inwoners oorhandig, gepak in kaste met bewoording daarop wat daarop dui dat dit van die SAW af kom.

Daar is blykbaar 'n township waar 'n groep van twintig swart polisiemanne besluit het om in 'n stadium gesamentlike verklarings oor die optrede van hul wit kollegas af te lê, sê Vrye Weekblad se bron.

*Die Staatspresident het verlede week vir die eerste maal erken dat onbekende elemente betrokke kon wees by die onlangse geweld en menseslagtings.

Polisiewoordvoerders gee ook nou toe dat daar moontlik 'n Derde Mag kan bestaan, maar ontken ten sterkste dat die polisie daarby betrokke is.

Die polisie het ook nou amptelik bevestig dat swart- én witmense in die kombi was waaruit daar onlangs 'n aantal mense in die middestad van Johannesburg doodgeskiet en verwond is.

HENNIE SERFONTEIN

Menseregte vir almal

Triomfantlike Boesak-show verower die Kaap

Tot groot verleentheid van die SAKP-beheerde leierskap van die ANC in Wes-Kaapland het Allan Boesak die afgelope paar weke 'n triomfantlike toetrede tot die politiek gemaak. HENNIE SERFONTEIN doen verslag

MAANDAG het Allan Boesak vir Nelson Mandela, die vise-president van die ANC, aan 'n vergadering van 500 gemeenskapsleiers in Worcester voorgestel.

Toe Boesak opstaan om te praat, het 'n helde-ontvangs hom te beurt geval. Daar was uitroepe van: "Viva Boesak", en die naam Boesak is langdurig ritmies uitgeroep.

Toe Mandela aan die woord kom, het hy Boesak hartlike lof toegeswaai. Later die middag het Mandela 'n groot skare van 5 000 op Worcester toegespreek. Boesak kon nie teenwoordig wees nie want hy moes dringend terug Kaapstad toe.

In sy toespraak het Mandela na die belangrike bydraes van verskillende leiers in die stryd teen apartheid verwys. Toe hy Boesak se naam in sy afwesigheid noem, het die skare in spontane applous uitgebars en Mandela se toespraak is 'n paar minute lank onderbreek. Daarna het lede van die gehoor daarna verwys as die "Mandela en Boesak-show".

Boesak is spesiaal deur die Worcester-tak van die ANC uitgenooi om Mandela by beide vergaderings op die dorp aan die gehoor voor te stel. By 'n ontvangs vooraf het Mandela versoek dat Boesak langs hom sit sodat hulle kan gesels.

Die uitnodiging en die geesdriftige ontvangs van Boesak by 'n ANC-vergadering is 'n sigbare bewys van die onbetwisbare gewildheid wat hy in die Kaap, en veral in die plattelandse gebiede onder beide swart en bruin gemeenskappe, geniet.

Maar vir die Wes-Kaapse leierskap van die ANC moes die Boesak-triomf 'n groot politieke verleentheid en terugslag gewees het.

Want dit is welbekend dat hulle vasbeslote is om Boesak uit die ANC-leierskapstrukture te hou.

'n Paar weke gelede het 'n ANC-afvaardiging Boesak besoek. Hulle was Cheryl Carolus - ook lid van die SAKP-leierskap, Trevor Manuel, Christo Tinto en Graeme Bloch.

Boesak is meegedeel dat hy, na sy onlangse bedanking uit al sy kerklike poste en sy hangende egskeiding, vir 'n aantal maande op vakansie na die buiteland behoort te gaan.

Hulle het voorgestel dat hy na 'n "aanvaarbare plek soos Kuba" toe gaan. Met sy terugkeer sal hulle dan Boesak, wat nie 'n lid van die ANC is nie, se rol in die organisasie bespreek.

Maar Boesak het hulle blykbaar pront-uit gesê om te gaan doppies blaas.

Die Wes-Kaapse ANC-leierskap se probleem word vererger deur die feit dat Boesak die afgelope weke groot massa-vergaderings op die platteland toegespreek het.

Daarenteen sukkel die ANC om die organisasie op dreef te kry. Die lidmaatskap van takke is nie groot nie en die opkoms by vergaderings baie teleurstellend.

Dit is 'n skrille teenstelling met die jare tot onlangs toe Boesak as UDF-beskermheer duisende mense by vergaderings gelok het.

Sedert sy toetrede tot die politiek, 'n skrale drie weke gelede, het Boesak vier groot vergaderings toegespreek. Hy het sy politieke debuut op Graaff-Reinet, op uitnodiging van die gemeenskapsorganisasies, gemaak. Hy en 'n ANC-verteenwoordiger het 'n vergadering van 1 500 mense toegespreek.

Op Oudtshoorn het meer as 2 000 mense na hom gaan luister. Dié vergadering is as 'n "Allan Boesak-byeenkoms" geadverteer.

Verlede Saterdag, toe FW De Klerk voor 700 Nasionaliste op Middelburg gepraat het ter viering van die 75e bestaansjaar van die NP, het Boesak 'n vergadering van die plaaslike organisasies toegespreek wat deur byna 4 000 mense bygewoon is.

Op uitnodiging van die ANC-tak op Steenberg was hy die hoofspreker by 'n vergadering op Retreat, terwyl die ANC-tak van Khayelitsha hom uitgenooi het om by hulle aan te sluit.

Dié vergaderings bewys dat Boesak, ondanks sy verwerping deur die Wes-Kaapse ANC-leierskap, in die oë van Jan Alleman nog steeds die belangrikste politieke figuur in Kaapland is.

Allan Boesak... sy gewildheid neem toe

Mandela in Afrikaans steel Bolandse harte

TOE die inwoners van Worcester verlede Vrydag hoor Nelson Mandela, vise-president van die ANC, het sy beoogde weeklange besoek aan die Kaapprovinsie weens die geweld in Transvaal uitgestel, was hulle min gepla. Hulle het geglo "Madiba" sal kom en voortgegaan met reëlings vir 'n massa-vergadering.

En hy het hulle nie teleurgestel nie. Maandag het Mandela vir sy eerste besoek aan die Bolandse platteland opgedaag en die "swart" en "bruin" gemeenskappies van die Over-Hex vir 'n paar uur van hulle probleme en sorge laat vergeet.

Van vroeg Maandagoggend af het 'n reuse-skare Bolandpark, tuiste van provinsiale rugbywedstryde, op Worcester volgepak en die koue en motreën vir ure trotseer totdat Mandela net voor ses die middag sy verskyning in die stadion gemaak het. Die skare van sowat 5 000 was rasend.

Daar was mense in krukke en rystoele, oues en jonges, rykes en armes. Kinders van die township, wat feitlik die hele jaar skool boikot, was almal daar. Busse het ondersteuners uit die Kaap, Grabouw, Touwsrivier, Heidelberg en Laingsburg aangery.

"Ons het julle baie lief," het Mandela in Afrikaans gesê. "Dis lekker om hier in die Boland by julle te wees. Ek het mos vir 'n tyd self hier (in die Victor Verster-gevangenis) gebly."

Mandela het verduidelik dat Worcester vir die ANC baie spesiaal is omdat die swart, groen en goud van die beweging in 1981 vir die eerste keer na baie jare by die begrafnis van Hennie Ferus ('n gemeenskapsleier wat kort na aanhouding in 'n motorongeluk gesterf het) in die Boland in die openbaar vertoon is.

"Ons was in die tronk, maar toe ons dit hoor, het ons geweet die struggle het 'n keerpunt bereik," het hy bygevoeg.

Volgens hom is die Bolandse gemeenskap nog bekend vir die sogenaamde dopstelsel waaronder plaaswerkers gebuk gaan. "Ons land sal nie vry wees terwyl plaaswerkers nog so leef nie," het hy gesê.

Mandela se vliegtuig het die oggend om 20 minute voor tien op die lughawe DF Malan geland, waar hy deur onder andere meer Trevor Manuel, koördineerder van die ANC in die Wes-Kaap en Jakes Gerwel, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, ontmoet is.

Mandela se eerste blitsstop was Bonnievale, waar skares inwoners langs die strate hom welkom geheet het. 'n Groep blanke skoolkinders het hom uitgejou, terwyl die res van die dorp hom met "viva's" begroet het.

Na 'n kort toespraak in die stadion het hy deurgejaag na Zolani, die swart township by Ashton wat die afgelope jare gebuk gegaan het onder woeste gevegte tussen die polisie en inwoners.

"My hart is oop vandag. Dit is 'n grootse dag," het een van die beamptes geesdriftig gesê. "Ons het aan hom geskryf toe hy vrygelaat is. Ons het geweet hy sal kom. Viva Oumiesies! Viva Oumiesies!"

Nadat Mandela die skare in hoofsaaklik Xhosa oor leierskap toegespreek het, is hy vort na Robertson, waar hy kwalik by die gemeenskapsaal in die bruin township kon inkom. Dit was dieselfde saal waar die polisie in April vanjaar op 'n gemeenskapsvergadering toegesak en woeste gevegte tussen die inwoners en die geregsdienaars uitgebreek het. Altesaam 154 mense is beseer, terwyl twee kinders in gevegte daarna met die polisie dood is.

"Die klein gemeenskap van Robertson is regoor die wereld bekend vir sy militantheid. Julle kan selfs as die militantste gemeenskap in Suid-Afrika beskryf word. Ons eer en bewonder julle," het Mandela gesê.

Maandag was daar geen polisiemanne, onlus-eenhede of selfs die burgermag in sig nie. Toe die AWB-leier, Eugene Terre'Blanche, 'n maand gelede in die stadsaal gepraat het, was man en muis van die polisie daar.

By die Cumberland-hotel op Worcester is die geselskap deur Allan Boesak verwelkom en moes Mandela eers vir 'n ete aansit. Die hotelbestuurder en sy kelners kon nie vir genoeg "kiekies" saam met hul belangrike gas poseer nie.

CHRISTELLE TERREBLANCHE

ANC en Inkatha praat

SENIOR verteenwoordigers van die ANC en Inkatha het Woensdagaand in Durban ontmoet in 'n poging om die geweld in Natal te beëindig.

Die ontmoeting was die eerste tussen leiers van dié twee groepe na hul laaste ontmoeting in 1979 in London.

Sedert 1986 is 4 000 mense reeds dood in konflik tussen Inkatha en die ANC/UDF in Natal.

Volgens 'n verklaring wat na die ontmoeting uitgereik is, het albei partye probeer om mekaar se posisie te verstaan.

Tydens die ontmoeting is die geweld van die afgelope maand in townships aan die Rand ook bespreek sowel as plaaslike inisiatiewe om die geweld te beëindig.

Volgens die verklaring was die punte van bespreking so "dringend, belangrik en ernstig" dat 'n tweede ontmoeting op 26 September gaan plaasvind.

Die ANC-afvaardiging het betsaan uit vyf lede van die uitvoerende komitee waaronder Thomas Nkobi, die tesourier van die ANC, en Jacob Zuma, die veiligheidshoof.

Die vyf Inkatha-verteenwoordigers het onder meer bestaan uit die algemene-sekretaris, Frank Mdlalose, en die voorsitter van die Inkatha-jeugbrigade, Musa Zondi. - AFP

Wie se lyke is dit dié?

DIE lyke van 478 mense wat tydens geweld in townships aan die Witwatersrand dood is, is nog nie deur familielede by staatslykhuise opgeëis nie. Die polisie sê in 'n verklaring dié lyke sal armlastige begrafnisse ontvang indien die liggame nie opgeëis word nie.

Kapt Mikhachane Ngobeni, 'n polisiewoordvoerder van die Soweto-polisiekantoor, sê in die Diepkloof-lykshuis is daar 270 onopgeëisde lyke waarvan die meeste nog nie geïdentifiseer is nie. Volgens hom het 'n paar familie-lede die lyke kom identifiseer, maar is dit nog nie verwyder nie. - Sapa

Wat sê die mense van Ystervuis?

Shadrack Chabeli

Die regering het die afgelope naweek streng maatreëls aangekondig om die geweld in die townships te probeer beëindig. IRENE LOUW, CHRISTELLE DE JAGER en PHINEUS TSHUKUDU het mense in Johannesburg se strate gaan vra of hulle dink Operasie Ystervuis gaan werk, en wat húlle dink die geweld kan beëindig

Shadrack Chabeli, 27, 'n bode van Rockville: Die regering moet iets doen, en almal in die land moet daaroor bekommerd wees en die regering help om van die geweld ontslae te raak. Ystervuis is 'n goeie plan wat sal werk, want mens kan mekaar nie vertrou wanneer almal wapens het nie. Ystervuis moet dag en nag aangaan, sodat ons die hele tyd veilig voel.

Thandi Zondo, 33, 'n werklose van Soweto: Ek sien nie hoe doringdraad enigsins gaan help nie, die mense gaan dit net eenvoudig uit hul pad haal en voortgaan. Aan die ander kant dink ek dit sal werk, want dan hoef ons nie meer bang te wees om in die strate te loop nie. Dit is nêrens meer veilig nie, nie eers by die huis nie.

Karen Shallow, 'n reisagent van Johannesburg: Streng stappe is nodig, maar ek weet nie of die polisie en die weermag die regte mense is om dit te doen nie. Een of ander vredesmag is nodig, maar een wat vertrou kan word om neutraal op te tree. Die basiese beginsels van Operasie Ystervuis is reg, maar om masjiengewere aan die polisie en weermag te gee is malligheid. Dink net wat hulle daarmee kan doen. En wat as een gesteel word?

Leigh Johnson, 20, 'n student van Johannesburg: Ystervuis is aanvaarbaar slegs op 'n korttermyn-basis. Anders is dit heeltemal onnodig. Ek dink die probleem kan net deur die mense self opgelos word, wanneer hulle met met mekaar praat.

Victor Sibiya, 21, 'n leerling van Diepkloof: Ek dink dat as mense net met mekaar kan stilsit, praat en na mekaar luister, sal dit sekerlik beter gaan. Meer polisie sal net meer geweld beteken. Hulle is dan die oorsaak van die geweld in ons townships. Die nuwe Ystervuis-ding is sommer net nonsens.

John Asedi, 26, 'n verkoopsman van Meadowlands: Mandela en Buthelezi moet ontmoet om die probleme op te los. Ek dink Ystervuis sal mense beskerm want partykeer is mense swaar gewapen en niemand vat die wapens weg nie.



John Asedi

Norman Zulu, 'n smous van Soweto: Die enigste ding wat gaan help, is om meer weermagsoldate in te roep. Die polisie is van geen hulp nie, omdat mense nog sterf, al is hulle in die omgewing. Die army sal ver beter wees, en as hulle kampe oral in die townships kan opslaan, sal hulle altyd daar wees om probleemareas gou uit te pluis. Ystervuis kan werk.

Martha Shiburi

Martha Shiburi, 29, naaldwerker van Alexandra: Mense moet bid en leer om mekaar te respekteer. Ek self haat die woorde "Inkatha" en "ANC". Almal moet sê hulle is swart. Ystervuis is 'n goeie plan, want dit sal help om mense te beheer.

Siphiwe, 21, 'n student van KwaThema: Mandela en Buthelezi moet omtmoet en gesels. Hulle is die enigstes wat nou kan help. Meer troepe moet in die townships gebring word en ek dink die Ystervuis is 'n goeie ding.

Trevor, 'n sakeman van Johannesburg: Dit is hoogtyd dat ons leier, Mandela, iets oor die geweld doen. Ek was nog altyd 'n UDF-ondersteuner, maar ek dink Mandela is besig om op te mors. Niks wat hy sê is van enige hulp vir enigiemand nie.

John Prentice, 34, 'n rekenmeester van Johannesburg: Ek weet nie presies wat aangaan nie, maar dit is baie neerdrukkend en moet stopgesit word. Ek dink dat prominente mense van alle vlakke en groepe bymekaar moet kom en hard praat om 'n oplossing te kry.

Rebecca Kambule, 17, 'n leerling van Soweto: Al wat ek weet, is dat die nasie vernietig word. Ek dink as Mandela en Gatsha bymekaar kan kom, sal dit gedeeltelik help om die probleem op te los. En ek dink dat Ystervuis glad nie gaan werk nie. Dit sal voel of ons in 'n tronk lewe.

Judy Sagathevan, 21, 'n Unisa-student: Ystervuis gaan net baie mense kwater maak. Hoe meer die regering nuwe wette instel, soos Ystervuis, hoe meer teenkanting kan verwag word. 'n Anti-geweld veldtog kan 'n moontlike oplossing wees.

Garth Moulton, 21, 'n werklose van Randfontein: Die geweld moet ophou. Op die ou einde is dit ons, die gewone mense wat nie in die politiek belangstel nie, wat in die middel gevang word.

Caroline Madimanyane, 40, 'n Johannesburgse kosverkoper: Sweetheart, wanneer ek daaraan dink, kry ek trane in my oë. Ek weet nie wat dit alles kan stop nie. Die polisie moet net probeer. Ystervuis kan werk. Die polisie moet daar wees en tough wees. Veral op die treine. Ek ry nie meer trein werk toe nie.

Eddie Maree, 'n Johannesburgse sakeman: Enigiets wat werk, móét gedoen word. Mense moet ophou doodgaan. As Ystervuis werk, dan is dit goed. God, hulle kan tenks daarin vat, ek gee nie om nie, solank dit net ophou.

Sinesi Pascale, 65, 'n pensioenaris van Johannesburg: Die geweld sal nooit ophou nie. Die swartes het mekaar nog altyd doodgemaak.

Esrom Dhala, 60, van Soweto: Dit is moeilik om te sê wat sal help, want ons weet nie wat dit veroorsaak nie. Niemand weet wat gaan aan nie. Miskien sal Operasie Ystervuis help. Ek weet nie, ons sal maar sien.

Stanley Pillay, 43, 'n kredietbestuurder van Alberton: Operasie Ystervuis sal miskien help om mense te laat stop en dink, dat hulle besef geweld is nie die antwoord nie. Dit is ook belangrik dat alle leiers nou bymekaar kom en praat.

Savie Sooklingan, 37, 'n kredietklerk van Alberton: Ek dink Ystervuis is 'n goeie idee want onskuldige mense gaan dood en dit moet net ophou.

Alfred Masia, 28, 'n werklose van Ridgeway: De Klerk, Mandela en Buthelezi moet ontmoet om die probleem te bespreek want daar word gesê dat die Zoeloes die probleme veroorsaak.



Alfred Masia

Themba Nxumalo, 28, 'n werklose van Vosloorus: Die polisie kan die geweld stop. Hulle moet streng optree, maar teen almal. Daar moet nie kante gekies word nie, en hulle moet altyd daar wees. Ystervuis kan werk as dit so gedoen word.

Christine Damon, 'n reisagent van Johannesburg: Hulle moet iets doen. Ek week nie eintlik wat nie. Ystervuis kan werk. Die probleem is ook dat 'n mens nie weet wie agter die geweld sit nie. Daar is iemand wat dit aandryf, en om die probleem op te los, moet jy weet wie dit is.

Frans Mabaso, 26, 'n rekenaarkonsultant van Meadowlands: Die mense wat die geweld veroorsaak moet geïdentifiseer word en 'n neutrale liggaam van al die relevante partye en die polisie moet dan saamgestel word om dinge te monitor. Ek weet nie veel van Ystervuis nie, maar ek dink dit sal misluk want dit sal ons bewegings beperk.



Patrick Mohajane

Patrick Mohajane, 25, 'n werklose van Meadowlands: Die regering moet eers die wapens wegvat van al die groepe wat baklei. Leiers van al die swart organisasies, ook die kerke, moet bymekaarkom om die probleem op te los. Daar moet 'n gees van vergifnis tussen hulle wees. Ystervuis sal nooit werk nie. Dis soos 'n pa met 'n stout kind. Om hom te dwing om iets nie te doen nie, maak dit net erger.

Sydney Yadi, 47, 'n winkelassistent van Katlehong: Mandela en Buthelezi moet ontmoet en daaroor praat want onskuldige mense sterf nou vir geen goeie rede nie. Ek dink Ystervuis sal help.

Dennis Naidoo, 71, 'n winkelier van Lenasia: Mandela moes met die tuislandleiers en die swart raadslede, en ook ander swart politieke leiers gepraat het. Maar in plaas daarvan gaan hy oorsee terwyl mense besig is om dood te gaan. Operasie Ystervuis gaan gewis werk, want 'n klomp onwettige wapens word rondgedra en gebruik om onskuldige mense dood te maak.

Frank Brand, 22, 'n makelaar van Johannesburg: Mandela en Buthelezi moet praat. As hulle 'n ooreenkoms kan bereik, sal dit definitief help. Operasie Ystervuis is die antwoord om die toenemende geweld nou te beheer. Dit is noodsaaklik want onskuldige mense gaan dood.

Joseph Mohulatse, 'n makelaar van Meadowlands: Die regering moet huise vir die hostel-mense gee. Ystervuis is nie 'n goeie plan nie. Daar moet eerder met swart leiers gepraat word.

Ismael Mathaba, 26, 'n verkoopsman van Soweto: Die polisie stop nie die gevegte nie, so ek dink daar is meer soldate nodig. Hulle kan die geweld keer. Ek dink nie Ystervuis sal werk nie, want al word mense deursoek, sal hulle nog 'n manier kry om wapens in die hostelle te bring.

Jacob Nzimande, 35, 'n werklose van Dube: Al die mense van die hostelle moet teruggestuur word na hulle tuislande. Ystervuis sal nie werk nie, want die polisie help Inkatha. Al deursoek hulle mense by die hostel-hekke, sal die mense nog toegelaat word om wapens in te vat.

Nelson en FW: nasionale eerder as partyleiers

Swart Suid-Afrikaners begin Nelson Mandela en FW de Klerk as nasionale leiers los van hul partyverband sien. MAX DU PREEZ ontleed die bevindings van 'n meningsopname wat pas uitgereik is









DIE aansien van die ANC se de facto leier, Nelson Mandela, en dié van Staatspresident FW de Klerk het die laaste vyf maande onder stedelike swartmense toegeneem terwyl dié van Inkatha en hoofman Mangosuthu Buthelezi weer skerp gedaal het.

Dit was van die bevindings van navorsing deur Integrated Marketing Research (IMR) wat in Augustus onder 2 100 ekonomies aktiewe swartmense gedoen is.

Een van die uitstaande kenmerke van die navorsing is dat meer as die helfte van die respondente (51 persent) glo Inkatha maak 'n negatiewe bydrae tot die toekoms van Suid-Afrika. Toe 'n soortgelyke opname in April gedoen is, was net 18 persent krities oor Inkatha. Net die AWB (52 persent) word as 'n groter negatiewe mag gesien.

Die navorsing is gedoen voordat die ergste geweld in die Randse townships losgebars het. Dit is dus waarskynlik dat Inkatha vandag selfs swakker sal vaar.

'n Insiggewende bevinding is dat minder respondente nou as in April dink die Nasionale Party het 'n positiewe invloed op die toekoms (12 persent teenoor 21 persent); terwyl De Klerk self tweede op die lys van leiers is wat gereken word 'n positiewe bydrae lewer. De Klerk het 20 persent steun gekry teenoor Mandela se 34 persent, aartsbiskop Desmond Tutu se 15 persent en Buthelezi se 1 persent.

Dit bevestig 'n vermoede wat geruime tyd reeds onder politieke waarnemers bestaan: dat De Klerk as nasionale leier baie gewild is en respek afdwing, maar dat daar nog heelwat vooroordele is teen van sy kollegas en sy party self.

En tog is daar nou minder swartmense wat die NP as 'n negatiewe invloed beskou: 2 persent teenoor 8 persent in April.

Die ANC-patroon is nie baie anders nie. In April het 84 persent van die respondente gesê die ANC lewer 'n positiewe bydrae, vergeleke met net 66 persent in Augustus. In 'n Januarie-opname het 13 persent gesê Mandela is 'n verteenwoordigende leier in die swart gemeenskap, en in Augustus het hy 44 persent gekry.

Die PAC se aansien as 'n organisasie wat swart opinie verteenwoordig, het van 5 tot 20 persent gestyg. Die Kommunisteparty het sy 1 persent in Januarie tot 8 persent opgestoot.

Net 1 persent van respondente het in Januarie gedink De Klerk is verteenwoordigend van swart opinie. In Augustus het dit tot 'n verbasende 11 persent gestyg.

Buthelezi het met amper die helfte as verteenwoordiger van swart mening gedaal: van 9 tot 5 persent, en Inkatha van 9 tot 4 persent.

Die Wit Wolwe het gekwyn as bedreiging in die oë van die swart gemeenskap: In April het 52 persent hulle as 'n negatiewe mag beskou, maar in Augustus net 18 persent. Die PAC word nou net so min as 'n negatiewe invloed as in April beskou: 13 persent.

Neethling se huis onder oë

DIE eerste skote in die R1 miljoen-lastersaak tussen Vrye Weekblad en luit-genl Lothar Neethling het gister in die Randse Hooggeregshof geklap toe 'n aansoek van dié koerant toegestaan is dat hy die generaal se huis mag inspekteer, foto's neem en 'n video-opname daarvan maak.

Neethling, assistent-kommissaris van polisie, is ook deur regter Weyers gelas om die koste van Vrye Weekblad se twee advokate in die aansoek te betaal. Die inspektering van die huis moet voor die einde van September plaasvind.

Die aansoek spruit voort uit Neethling se weiering om Vrye Weekblad toe te laat om sy huis te inspekteer nadat hy en kapt Dirk Coetzee verskillende weergawes van die uitleg van sy huis en kantoor voor die Harms-kommissie gegee het.

Adv Bobby Levin, SC, namens Vrye Weekblad, het aangevoer dat só 'n inspeksie in belang van die behoorlike toepassing van geregtigheid is en dat dit noodsaaklik is om te bepaal wat die ware feite is. Hy het verseker dat daar geen verskuilde motiewe agter die aansoek skuil nie.

"Coetzee het sy weergawe gegee, en Neethling het sy weergawe gegee. Nou wil ons sien wat die feite is," het Levin aangevoer.

Neethling het aanvanklik ingewillig dat die huis ná Coetzee se getuienis in Londen vanaf 8 tot 12 September geïnspekteer kan word. Hy het aangevoer dat hy bang is dat 'n inspeksie voor sy getuienis die gewese veiligheidspolisieman onbehoorlik mag bevoordeel.

Neethling het Vrye Weekblad vir R1 miljoen en die Weekly Mail vir R500 000 gedagvaar nadat dié twee koerante bewerings van Coetzee gepubliseer het dat dié forensiese wetenskaplike by minstens twee geleenthede gif aan hom gegee het om vermeende ANC-lede mee te verdoof en te vergiftig. Coetzee het dié bewerings later voor die Harms-kommissie bevestig.

Die lastersaak word in November vanjaar in die Randse Hooggeregshof aangehoor. Neethling het 'n spesiale versoek tot die regterpresident gebring om die saak te vervroeg omdat hy 'n internasionale konferensie volgende jaar wil bywoon.

Met die aanvang van Woensdag se verrigtinge het die regter na Coetzee verwys en aan Levin gevra: "Is sy bynaam nie Slang of so iets nie." Levin het Weyers daarop gewys dat hy sekerlik dink aan Coetzee se meeloper, David Tshikalange, wat die bynaam van "Spyker" verwerf het.

Vrye Weekblad het Weyers daarop gewys dat sou dit blyk dat Coetzee wel 'n akkurate beskrywing van Neethling se huis en kantoor kan gee, dit sy weergawe mag steun dat hy die generaal besoek het om die gif te ontvang. Neethling het ontken dat Coetzee ooit by sy huis was.

Adv W Oshry, SC, namens Neethling, het in sy argument gesê dis 'n ongeëwenaarde en absurde aansoek.

In sy 62 jaar as praktiserende advokaat het hy nog nooit gehoor dat so 'n aansoek toegestaan word nie.

Oshry sê dat indien die huis nou inspekteer word, dit Coetzee in staat sal stel om 'n akkurate weergawe van Neethling se huis voor sy getuienis te kry en dat hy sy getuienis dienooreenkomstig mag aanpas. Die verhoorhof moet uiteindelik besluit of daar 'n behoefte aan 'n inspeksie bestaan.

"Hoekom word hierdie aansoek nou gebring? Dit word benodig vir een of ander verskuilde motief," het Oshry gesê.

Weyers het in sy uitspraak gesê hy vind Oshry se argument vreemd omdat daar wetlike voorsiening vir inspeksie tydens enige stadium van verrigtinge is. "Indien dit absurd is, hoekom word daar voorsiening vir inspeksies gemaak?"

Hy het gesê hy glo nie dat Coetzee 'n onbehoorlike voorsprong deur middel van 'n inspeksie kan kry nie omdat hy klaar onder eed sy weergawe van Neethling se huis en kantoor gegee het. Hy het bevind dat die uitleg en voorkoms van Neethling se huis 'n belangrike aspek van die saak is.

JACQUES PAUW

Sulke leiers is obseen en onverantwoordelik

Dr Frederik van Zyl Slabbert

Geweld maak 'n bespotting van onderhandeling. Leiers wat hoog opgee oor vrede en demokrasie maar nie hul verantwoordelikhede teenoor hul volgelinge nakom nie, is obseen en oneerlik, sê dr FREDERIK VAN ZYL SLABBERT, direkteur van beleid en beplanning van Idasa

NIKS ontmasker die bankrotskap van politici so brutaal soos geweld nie; niks verraai die broosheid van 'n sosiale orde makliker as die gevolge daarvan nie; niks daag die kwaliteit van 'n land se leiers so meedoënloos uit soos die voortsetting daarvan nie.

Geweld maak 'n bespotting van beskaafdheid, van "gesprekke oor gesprekke", van onderhandelings vir demokrasie. Daar kan geen demokrasie sonder 'n demokratiese kultuur wees nie. En enige kultuur wat van geweld en brutaliteit afhanklik is of sy inspirasie daaruit put, negeer kultuur en demokrasie.

Wanneer doodgewone mense doodgaan of mekaar in 'n waansin van blindelingse aggressie doodmaak; wanneer die jeug in die townships ronddwaal in 'n normatiewe lugleegte waarin die doodbrand van mense aanvaarbaar is; wanneer volwasse mans glo dat hulle slegs deur sinnelose verwoesting hul soeke na relevansie kan bevredig; wanneer gewapende skurke paradeer as patriotte om te kan intimideer, flikflooi en opsweep, dan moet leiers wat enige pretensie van 'n verbintenis tot vrede en demokrasie het, òf hul impotensie bely òf van hul sitvlakke af opstaan en iets doen.

"Om iets te doen" beteken nie om jou verantwoordelikheid te ontduik deur 'n ander die skuld te gee nie; dit beteken ook nie die romantisering van die retoriek van stryd deur oorlogspraatjies en militante uitsprake nie; ook nie om "amptelike beskerming" te verleen aan oorgretige agente van "wet en orde" nie.

Om iets te doen, beteken om jou geskiedenis in die oë te kyk, nie om voor te gee dat dit nie bestaan of nie 'n rol speel in jou daaglikse interaksie met ander nie.

Dit is futiel vir leiers om vir 'n demokrasie te onderhandel as hulle nie veiligheid eers normaliseer nie.

Ons geskiedenis het ons met 'n hoogs onopgeloste veiligheidsituasie gelaat. Wie is 'n polisieman? En wie is 'n soldaat? Wat is wet en wat is orde? Daar is die SAW, MK, Aquila, SAP, Kwazulu-polisie, "Greenflies", kitskonstabels, ANC Intelligensie, NI, Apla, die Ciskeise weermag, die Transkeise weermag, die Venda-weermag, krygshere, witdoeke, vigilantes, buurtwagte, sekuriteitsfirmas, people's courts, Makgotlas, bendes, kriminele, impi's en geheime agente.

In so 'n situasie is dit obseen vir leiers om rond te pronk en voor te gee oor vordering, "Minute" en die buitengewone solidariteit van ontmoetings om "vrede, voorspoed en demokrasie" te bevorder - en nie vir gewone mense te verduidelik hoe hul lewens veiliger gaan wees en wat hul eie verantwoordelikhede is om dit te bereik nie.

Die prys van vordering kan nie anargie wees nie en die prys van "ooreenkomste" kan nie sosiale disintegrasie wees nie. Nie as leiers leiers is en ooreenkomste enigiets beteken nie.

En die verwarring word groter wanneer leiers nie teen oorlogspraatjies, swak dissipline en uitlokking onder dié wat hulle lei, waarsku nie. Wanneer mense sterf, verskrikte families vlug en kinders swaarkry, is dit nie net obseen nie, maar oneerlik vir leiers om weg te loop van hul verantwoordelikheid.

Ons land staan op die drumpel van hoop vir 'n nuwe begin. Soos wat die oorgangstadium vorder, so behoort werklike sekuriteit te stabiliseer. Alle leiers wat 'n verbintenis tot 'n demokratiese toekoms verkondig, behoort saam te kom en die geweld aan te spreek want dit is die enkele mees belangrike oordeel oor en bedreiging van hul leierskap.

Eers as hulle dít aangespreek het - die suiwering van ons veiligheidsmagte van partisane misbruik - kan ons realisties uitsien na die onderhandeling van 'n demokrasie tydens die oorgangstadium.

Die kenmerk van demokratiese onderhandeling is verdraagsaamheid van verskille en respek vir diversiteit. Geweld is die onheilige antitese hiervan.

(Dié artikel het in die jongste uitgawe van Idasa se maandblad, Democracy in Action, verskyn.)

Die hange net onder die bergspits
is altyd die steilste, en dreigende
donderstorms maak terugdraai
maklik. Maar die beloning is die
bolug wat na vryheid ruik,
en die oneindige, ver uitsig.

Moedhou

Ons is amper bo!

HIRE-A-BUS
Posbus 6283
Dunswart
1508

Tel: 845-3353

Die busdiens na 'n nuwe toekoms

'Ons media was te eensydig'

ANDRè IGNATENKO van die Universiteit van Lomonosov in Moskou en sy afvaardiging van Russiese studente kuier steeds by die Afrikaanse departement van die Universiteit van Namibia. Dié week vertel hy meer oor die houdings jeens Afrika-lande, en Suider-Afrika in besonder, in die Sowjet-Unie. Sy taal is onveranderd gelaat.

'N MENS weet baie min oor Namibië in die Sowjet-Unie.

In die eerste plek is dit te wyte aan die status wat hierdie land in die verlede gehad het, as protektoraat van Suid-Afrika. Dit het meegebring dat hierdie region heeltemal geslote vir die mense in ons land was. Maar buitendien is dit die skuld van ons media wat die situasie en nie net in Namibië nie, maar ook in ander Afrikalande te eensydig en tendensieus belig het. In die loop van dekades is by ons 'n vereenvoudigde, skematiese beeld van Afrika geskep wat op dogmas van die primitiewe kommunisme gebaseer was.

Daarvolgens is al die probleme van die vasteland net deur die imperialistiese beleid van die Westerse lande veroorsaak en dus sou die enigste oplossing die revolusionêre stryd vir 'n nuwe sosialistiese samelewing gewees het. Daarby het 'n mens nie 'n onderskeid gemaak tussen Afrikalande met hul eie sosiale, ekonomiese en demografiese strukture.

Op daardie manier is 'n stereotipe by die man op straat uitgewerk, wat by elke gebeurtenis of situasie kan pas en alles klinkklaar verklaar. En as gevolg daarvan begin 'n mens nie so baie belangstel in besonderhede, verskille tussen die lande van Afrika en in die lande self nie.

Eers in die laaste tyd het daar artikels in die pers begin verskyn wat eerder vrae stel as antwoorde gee. Redelik objektief was byvoorbeeld die inligting wat ons media verstrek het, tydens die verkiesings in Namibië in 1989 en die onafhanklikwording in 1990. 'n Paar maande gelede het die Sowjet televisie.

Dit is miskien ironies, maar die onafhanklikwording van Namibië het met die gelyksoortige proses in Litaue saamgeval. En die reaksie sowel van die pers as van die regering in die Sowjet-Unie op hierdie twee gebeurtenisse was totaal verskillend. Tog geld dit mos vir elke regering dat hy van onafhanklikheid en vryheid die meeste hou as dit op ander lande betrekking het.

Een van die grootste wanopvattings wat by ons omtrent Afrika se toestand voorkom (en veral Suider-Afrika s'n), bestaan daarin dat 'n mens al die politieke botsings en konflikte beskou as gevolg van die stryd tussen twee rasse. Dit impliseer dat al die witmense en swartmense eensgesind teenoor mekaar staan en die enigste uitweg sou wees as die blanke minderheid toegee en van sy politieke en ekonomiese rol afstand doen ten gunste van die swart meerderheid. In die benadering was daar nie 'n plek vir versoening en samewerking tussen rasse en bevolkingsgroepe nie.

Vir my toe ek in die politieke gebeure in Suider-Afrika begin belang stel het, was dit 'n ware openbaring om agter te kom dat daar baie witmense in Suid-Afrika is wat nie die apartheidsbeleid voorstaan nie en selfs ondersteuners van die ANC is, en buitendien is daar nie absolute eenheid in die middel van die swart bevolking self nie en kan die politieke en nasionale konflikte tussen die swartmense 'n onversoenlike en selfs bloedige karakter hê.

In die verlede was ons land baie dikwels betrokke by oorloë en revolusies in die Derde Wêreld. Die buitelandse beleid was daarop gerig om meer invloed in ander lande te verwerf deur een of ander groepering te ondersteun en die verandering van die politieke stelsel in 'n voordelige rigting te bevorder.

Gelukkig is daardie tyd verby. Die nuwe ontwikkeling in ons land wat die naam van perestroika gekry het, het dit moontlik gemaak dat 'n mens ou stereotipes verwerp en nuwe oplossings soek. Die benadering tot die probleme van die Derde Wêreld verskuif van konfrontasie na samewerking en dialoog. In hierdie opsig het die nasionale probleme en konflikte in ons eie land 'n groot rol gespeel, want die politici moes insien dat dit onmoontlik is om stabiliteit in 'n multinasionale staat te bereik sonder om met belange en gevoelens van verskillende volke rekening te hou.

Ons bly nog kort in Namibië en ek waag solank nie in hierdie artikel my mening oor die land se situasie uitspreek nie, maar my uitgangspunt by die beoordeling is: daar is nie nasies of rasse wat ongelyk is nie; daar is nie nasies of rasse wat skuldig of onskuldig is nie; die enigste uitweg vir die wêreld se volke kan 'n konstruktiewe dialoog en samewerking wees.

'As mense tussen dié junk woon, word hulle ook junk'

Verlede Dinsdagnag is die inwoners van Phola Park deur bloedstollende gille wakker gemaak. Dit was die begin van 'n lang nag van geweld en bloedvergieting waarin meer as 26 mense dood, en 1 000 plakkershuise afgebrand is. PEARLIE JOUBERT het dié plakkerskamp aan die Oos-Rand gaan besoek

"Ons weet nie of hy gekap of geskiet is nie..."

(Foto: Pearlie Joubert)

AAN die rand van Phola Park lê 'n dooie man onder 'n kombers.

Nie ver daarvandaan is "Viva Beirut" groot teen 'n half-uitgebrande vragmotor gespuit.

'n Jong kind met 'n kopdoek wat laag oor haar oë getrek is, roep vanuit die gebrande sinkplate en uitgebrande motors, waar mans en vroue besig is om tussen die rommel en gemors weer huise aanmekaar te slaan, en wys na die lyk.

"Hy lê maar hier. Niemand weet wie hy is of wat gebeur het nie. Ons het vanoggend 'n kombers oor sy gesig gegooi, want die kinders speel hierso," vertel sy.

"Ons weet nie of hy gekap of geskiet is nie," en sy loop soos Hansie en Grietjie al met die bloedkolle langs na 'n huis. "Hier het hulle seker vir die eerste maal baklei."

In die huis is daar bloed teen die muur en op die vloer. Die huis is heeltemal leeg behalwe vir 'n leë bottel Black Label wat omgekeer op die vloer lê.

Twee kinders, wat nie ouer as sewe jaar kan wees nie, speel 'n entjie van die lyk met stukke gesmelte metaal.

'n Week gelede is dié plakkersgebied tydens 'n nag van moord en vlamme byna heeltemal verwoes.

Dié inwoners, of dié wat nog daar is, sê dit gaan nou rustiger. Verlede Dinsdagnag het die gemeenskap wakker geword met oorlogsgille - en meer as 1 000 plakkershuisies is afgebrand.

Niemand weet hoeveel mense dié nag in Phola Park dood is nie. Die amptelike syfer is 23.

Die kind, wat die lyk uitwys, sê hulle kry nou nog party oggende dooie mense tussen die uitgebrande huise. Partye vrouens soek steeds na hul kinders en hul mans.

"Viva Beirut" in Phola Park (Foto: Adrian Enthoven)

Baie inwoners het dié nag gevlug en party van hulle kon net die klere aan hul lyf en dalk 'n kombers gryp voordat hulle die nag in is.

"Ons het mans met rooi bande om hul koppe gesien - hulle het messe en gewere gehad en ons het gehardloop. My een kind is nou nog weg, iewers langs die pad het ons mekaar verloor. Die mense sê ons huis en alles is verbrand. Ek wil nie gaan kyk nie," vertel 'n vrou wat in die erf van die Eden Park Katolieke Kerk bly waarheen sy gevlug het.

Vanuit dié gebied het ongeveer 10 000 mense na verskillende plekke gevlug vir skuiling. Hulle het in die gronde van die Natalspruit-Hospitaal, Brickkor waar bakstene gemaak word, en na die Rooms Katolieke Kerk gevlug.

Operasie Honger, Rooikruis en verskillende kerke gee kos, klere en komberse aan dié mense.

Kort duskant 'n halfverwoeste hostel in Tokoza, net langs Phola Park, staan twee busse. Groepies mense, met hul besittings wat in plastieksakke toegedraai is, sit in die son en koop kaartjies by die busbestuurder.

"Ons gaan nou terug Transkei toe. Na wat gebeur het, wil ons nie meer hier woon nie," vertel 'n jongman.

Net anderkant die busse staan vyf groot mans. Die een man knyp 'n yslike panga onder sy arm vas. Die lem is in 'n trui toegedraai.

"Ek hardloop weg, want die mense sê Inkatha soek my en wil my doodmaak omdat ek glo 'n Inkathalid doodgemaak het. Ek is bang," sê die man en beduie na die vyf mans.

Suster Bernard Ncube was ook in Phola Park saam met teoloë van die Instituut vir Kontekstuele Teologie.

"Die lewe het junk geword. As mense tussen dié junk woon, word hulle ook junk. Mens kan nie anders nie," sê sy, en wys na die afgebrande sink- en houthuise, die hope rommel wat oral rondlê en die kinders wat tussen die gemors speel.

Skaars drie treë van waar die lyk lê, het 'n gesin pas weer hul huis opgerig. Skuins voor die huis lê 'n boomstomp wat swart, groen en goud geverf is. Bo-op die stomp is "One setler, one bullet" geverf.

Is civics eerder as Ystervuis die oplossing?

Die UDF se civic associations is eens gesien as die vyand van die staat en deel van die "totale aanslag". Vandag is dit dalk die enigste oplossing vir die anargie in die townships wat die afgelope maand sowat 1 000 lewens geëis het. PEARLIE JOUBERT doen verslag

GEMEENSKAPSTRUKTURE - Civic Associations - bestaan jare lank al in die townships. Dié strukture het tydens die ergste onderdrukking van swart politieke organisasies en die verskillende noodtoestande voortgegaan om gemeenskappe rondom verskillende sake te mobiliseer.

Civic-strukture en die ANC en UDF het verskillende programme begin implementeer as teenvoeter vir die geweld wat 'n gees van hulpeloosheid in die Witwatersrandse townships geskep het.

Civics word wyd gesien as die enigste onmiddellike manier om gemeenskappe te organiseer, te dissiplineer en anargie te voorkom. Daar word geglo dat die 38 civic-strukure aan die Rand die geweld kan help stopsit en die spanning tussen hostel- en township-inwoners kan ontlont.

Die bestaan van 'n sterk civic word juis as die belangrikste rede gesien waarom geweld nie dié keer in Alexandra by Sandton uitgebreek het nie.

Die president van die Civic Association van Suid-Transvaal (Cast), Moses Mayekiso, sê civic-strukture aan die Rand beywer hulle tans hoofsaaklik vir die beëindiging van die geweld. Volgens hom is beskermingskomitees, wat geruime tyd reeds in die meeste townships aan die Rand opereer, tydens die uitbreek van geweld ingestel om mense te beskerm. Mense word ook gevra om 'n klein fooi aan dié beskermingskomitees te betaal.

Volgens die streeksorganiseerder van Cast, Sthembiso Radebe, is erf-, straat-, blok-, streek- en townshipkomitees die afgelope tyd ingestel om mense te beskerm.

"Die civics is sterk, maar ons taak word bemoeilik deur die omstandighede op die oomblik. Die mense is bang en vra vir wapens. Daar was al baie versoeke tot die ANC om wapens," sê die tesourier van Cast, Chris Dhlamini.

"Die mense wil wapens hê omdat hulle bedreig en magteloos voel," sê die algemene sekretaris van Cast, Sam Ntuli. Hy woon in Tokoza, een van die townships waar die geweld op sy ergste was.

"Daar is verwarring oor wáár die geweld vandaan kom en die mense weet nie wie om te glo en wie om te vertrou nie. Daarom soek hulle wapens."

Radebe beklemtoon egter dat die beskermingskomitees opgelei word om mense te beskerm sonder om noodwendig wapens te gebruik.

Lede van verskillende civics wou nie veel uitbrei oor die beskermingskomitees, die bewapening van dié komitees en hoe hulle saamgestel word nie.

Hoewel Ntuli sê dat veral ouer mans tans gedurende die nag in skofte werk om mense te beskerm, vorm ook baie jong mans, en selfs 16-jariges, deel van dié komitees.

Hy wou nie uitbrei oor die mate van bewapening van dié komitees nie.

"Ja, hier is mense wat bewapen is en ons probeer dat net die beskermingskomitees wapens by hulle dra, maar mense is bang en hulle dra wapens en daar is niks wat ons daaraan kan doen nie," sê Ntuli.

Die ANC se publisiteitsdepartement sê die civics het groepe aangewys om te monitor wie in die townships inkom in 'n poging om vreemdelinge met wapens te keer.

Die welslae van dié groepe het onlangs sterk onder verdenking gekom toe die binnelandse leier van die ANC, Walter Sisulu, blykbaar 'n vals oproep ontvang het dat mense in Diepkloof, Soweto aangeval is.

Sisulu het die polisie geskakel waarna die polisie blykbaar in 'n lokval gelei is. 'n Polisieman is doodgeskiet.

In reaksie hierop het Mayekiso gesê die civics werk tans onder moeilike omstandighede.

"Niemand weet presies wat daar gebeur het nie, maar die civics kan nie suksesvol wees indien die staat voortgaan om dié strukture te ontwrig nie. Tydens die geweld die afgelope tyd het dit telkens gebeur dat die polisie en weermag georganiseerde beskermingsmagte in die townships op verskillende maniere ontwrig het."

Daar bestaan meningsverskille tussen lede van die civics in die verskillende townships ten opsigte van spanning tussen hostel- en township-inwoners. Lede van die Tokoza-civic sê township-inwoners blameer hostelbewoners vir die geweld.

Dhlamini sê egter dit is nie die geval nie.

"Die indruk dat die geweld tussen die hostel- en township-inwoners begin het, het die afgelope tyd ontstaan. Baie mense dink so, maar daar is bewyse dat geweld georkestreer en deur buitegroepe gepleeg is, en nie deur die hostelbewoners begin is nie," sê hy.

Mayekiso sê civics is verteenwoordigend van die hele gemeenskap - ook die hostelbewoners.

Phola Park, wat net langs Tokoza geleë is, word ook deur die civic van Tokoza verteenwoordig. Dit lyk egter of die strukture daar die afgelope tyd platgeval het.

"Die hostelbewoners is die afgelope maand voorgehou as die primêre oorsaak van geweld aan die Randse townships. Die hostelle is 'n geïntegreerde deel van ons gemeenskap. Ons dink nie die afgelope tyd se geweld kom van die hostelle af nie.

"Georkestreerde geweld is vanuit die hostelle gedoen, maar ons dink 'n derde mag en ander kleiner groepe gebruik die hostelle vanwaar hulle dade van geweld teen township-inwoners én hostelbewoners pleeg," sê Mayekiso.

Radebe en Petrus Maloi van die Sharpeville-civic in Soweto stem hiermee saam.

"Saam met die township-inwoners het die inwoners van die hostelle wag gestaan voor die hostelle om die mense met die rooi bande om hul koppe uit die hostelle te hou," sê Maloi.

Ntuli sê egter die mense in Tokoza verdink die hostelbewoners, "maar niemand is regtig seker nie".

"Hier in Tokoza is daar spanning tussen die hostelle en die township. Die civic beoog om binnekort 'n vergadering saam te roep om dié probleem te probeer oplos. Cast beoog ook om in die nabye toekoms weg te doen met die hostelstelsel en die hostelle te omskep in kleiner familie-eenhede," sê Mayekiso.

Weermagopleiding onder die soeklig

Na die geweld aan die Rand, waar ongeveer 1 000 mense hul lewens verloor het, is daar min mense wat nie die troepe in die townships wil hê nie. Operasie Ystervuis sal waarskynlik veroorsaak dat meer troepe ontplooi word. PEARLIE JOUBERT het 'n paar vrae gevra oor die gereedheid van veral diensplígtiges om situasies van politieke geweld reg te lees en te hanteer en hul reg om te weier om townshipdiens te doen.

IN die lig van aantygings dat die veiligheidsmagte nie onlussituasies in die townships objektief hanteer nie, ontstaan vrae oor die vermoë van diensplígtiges om die regte besluite te neem sou hulle in situasies van oproer in die townships betrokke raak.

Troepe ontvang geen politieke inligting in verband met die spesifieke politieke omstandighede in 'n spesifieke township nie, het 'n woordvoeder van die weermag gesê. "Die rol van die weermag in die townhips is net ter hulpverlening aan die polisie.

"Troepe ontvang slegs inligting oor die taktiese situasie binne 'n spesifieke township en vorm deel van die strategiese beplanning."

Prof Peter Vale van die Sentrum vir Suider-Afrika-Studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland sê die feit dat troepe geen politieke inligting ontvang oor die veranderende aard van die Suid-Afrikaanse politieke situasie nie, kan moontlik aanleiding gee tot verkeerde besluite wat geneem word tydens onlussituasies.

Volgens Vale het veertig jaar van apartheid "Suid-Afrikaners met 'n baie simplistiese beeld van mekaar gelaat".

"In die meeste gevalle is dié indruk en veralgemeende idee van verskillende rassegroepe aangehelp deur 'n spesifieke sosialiseringsproses," sê Vale.

Hy sê die weermag het nog al die jare soldate met die idee gelos dat die "vyand swartmense en kommuniste" is. "Dit is onwaarskynlik dat troepe, wanneer hulle in die townships ingestuur word, nie sal terugval op dié stereotipe idees nie."

Volgens hom sou dit onmoontlik wees vir dié soldate, "selfs professionele sodate", om hul werk sonder onderskeid te doen.

"Dit sou daarom ook, om die minste te sê, domastrant wees om dié troepe op gevaarlike werk uit te stuur sonder dat hulle 'n duidelike idee het van die veranderende politieke aard van Suid-Afrika."

'n Groot aantal soldate kom vir die eerste maal in 'n township en in baie gevalle ook vir die eerste maal in aanraking met swartmense wanneer hulle tydens onlussituasies na townships gestuur word. Die weermag sê hulle kan nie dit in ag neem nie en dit speel nie 'n rol wanneer besluit word wie na die townships gestuur moet word nie.

Daar is heelwat gevalle bekend van diensplígtiges wat geweier het om townshipsdiens te doen en geen stappe is teen hulle geneem nie. Maar die weermag-woordvoerder het gister gesê 'n lid van die weermag mag nie wettige bevele verontagsaam nie. "Indien 'n troep sou weier om townshipdiens te doen, sal daar teen hom opgetree word in terme van die Bylae 1 van die Verdedigingswet, die reglement van dissipline." Hy wou nie bekend maak hoeveel diensplígtiges daar tans in die townships aan die Witwatersrand ontplooi is nie.

Ten opsigte van die opleiding wat dié troepe ondergaan voordat hulle in townships aangewend word, sê die weermag geen soldaat word na 'n townships gestuur alvorens hulle opleiding in stedelike teeninsurgensie ondergaan het nie. Dit behels skarebeheer, kordon-soektog, patrollering, padblokkades en beskermingstake.

Hulle ontvang ook ander opleiding vir die take wat moontlik in die townships verrig moet word tydens onlussituasies. Die weermag wou nie uitbrei oor presies wat dié take behels nie.

"Die weermag is daar om geweld stop te sit ongeag van wie dit pleeg. In die weermag se situasie is die vyand geweld en dit maak nie saak wie dit pleeg of wat dit veroorsaak nie - ons moet dit bloot beëindig," sê die woordvoerder. Volgens die nasionale koördineerder van die End Conscription Campaign, Roddy Payne, ondergaan diensplígtiges "baie min" opleiding in die hantering van onlus-situasies.

"Hulle is opgelei om oorlog te maak en nie om die vrede te handhaaf nie en die toerusting wat hulle gebruik bevestig dit ook," sê hy. Dié soldate dra R4-gewere, 'n kragtige aanvalsgeweer gemaak vir oorlogtoestande, wat gelaai is met lewendige ammunisie.

'n Woordvoerder van die weermag het bevestig dat troepe in die Randse townships met R4-gewere en skerppunt-ammunisie uitgereik is. Volgens hom is daar ook sommige troepe wat met haelgewere en donshael uitgereik is.

Troepe in die townships... sal hulle die regte besluite in onlussituasies kan neem?

SA se leiers (32): Bantu Holomisa

"TRANSKEI is vasbeslote om 'n sleutelrol in die afbreek van apartheid-strukture in Suid-Afrika te speel en deel te wees van die herstrukturering van 'n post-apartheid Suid-Afrika."

Só wil genl-maj Bantu Holomisa sy deel doen om die nuwe Suid-Afrika te vestig. Holomisa is die voorsitter van die militêre raad en raad van ministers van Transkei.

Holomisa het vanjaar 'n leidende rol gespeel in pogings om die geweld in die townships hok te slaan. Onlangs het hy samesprekinge hieroor met Suid-Afrikaanse kabinetsministers en hoofman Mangosuthu Buthelezi gevoer. Hierna het hy die Suid-Afrikaanse polisie egter daarvan beskuldig dat hulle kop in een mus met Inkatha is.

Hy het gewaarsku dat Transkei hom verplig sal voel om sy burgers in Suid-Afrika te gaan verdedig indien die geweld nie beëindig word nie.

Oor die rol wat Transkei in 'n nuwe Suid-Afrika kan speel, is Holomisa baie optimisties. Hy meen die meeste Transkeiers beskou hulself as volle burgers van Suid-Afrika en dat hul toekoms "onlosmaaklik verbind is met dié van Suid-Afrika".

Hy is op 25 Julie 1955 in Mqanduli, Transkei gebore. Hy is die seun van die afgestorwe hoofman Bazindlovu Holomisa.

Hy het in 1975 gematrikuleer. In 1976 het hy by die burgerlike dienste aangesluit en vir ses maande in die Departement van Pos en Telekommunikasie in Umtata gewerk. In Julie van dieselfde jaar het hy by die Transkeise weermag aangesluit.

Holomisa was een van die sterkste teenstanders van die gebruik van wit soldate in die uitvoerende posisies in die Transkeise weermag. Toe hy nog 'n brigadier in dié weermag was, is hy nege weke lank aangehou omdat hy te velde getrek het teen 'n private blanke veiligheidsonderneming wat lede van die Transkeise weermag sou oplei.

Op 30 Desember 1987 het hy die gesag in 'n bloedlose staatsgreep by die eerste minister, hoofman George Matanzima, oorgeneem.

Hy het hom veral die bekamping van korrupsie en wanorde in die administrasie van Transkei ten doel gestel.

Holomisa is met Tunyelwa, 'n predikant se dogter, getroud. Hulle het twee dogters, Nomsa, 8, en Anele, 6, en 'n seun Bantu Mandla, 3.

IRENE LOUW

Voorkom SAW-wangedrag só

Met die nuwe ontplooiing van soldate in townships aan die Witwatersrand het dit belangrik geword om strukture op te rig wat wangedrag deur lede van die veiligheidsmagte kan voorkom, argumenteer ADRIAN ENTHOVEN

HOEWEL die weermag, anders as die polisie, 'n rekord het van redelike goeie gedrag in die townships aan die Witwatersrand, is daar baie verslae van wangedrag deur weermaglede, veral uit Natal.

Dié verslae het die spanning tussen township-inwoners en veiligheidsmagte verhoog en tot onnodige botsings gelei. Township-inwoners het ook hul vertroue in die weermag as 'n onpartydige vredesmag verloor.

Dié probleme kan in 'n groot mate opgelos word deur die oprigting van strukture waar mense klagtes kan lê indien lede van die veiligheidsmagte hulself wangedra. Dit is egter ook belangrik dat township-inwoners weet wat hul regte is en wat lede van die veiligheidsmagte mag en nie mag doen nie.

Voordat weermaglede in die townships ingaan, word daar van hulle verwag om 'n sekere gedragskode te onderskryf. 'n Deel van dié kode behels dat troepe moet onderneem "dat hulle bewus daarvan is dat hulle streng verbied word om enige township-inwoner aan te rand en vuil taal teen die inwoners te gebruik".

Daar word ook, volgens dié dokument, van die troepe vereis om die "maksimum geweld teen die vyand te gebruik en die maksimum vriendskap teenoor die plaaslike bevolking".

Daar word van hulle verwag om die vyand te beskou as die aanhitsers van geweld en nie as lede van 'n spesifieke politieke organisasie nie, en daar word van hulle verwag om polities neutraal te wees.

Daar word ook van troepe verwag om ordentlik en met respek teenoor die inwoners van die townships op te tree.

Die meeste township-inwoners is nie bewus van dié beperkings wat op weermaglede geplaas word nie.

Die Legal Resources Centre in Durban het beëdigde verklarings van meer as 100 bladsye ingesamel wat weermag-wangedrag in die omgewing dokumenteer.

Volgens die minister van Verdediging, Magnus Malan, is daar verlede jaar tien klagtes teen weermaglede gemaak oor wangedrag in townships.

Die Regshulpsentrum is bewus van ongeveer 50 klagtes wat gelê is ten opsigte van wangedrag van soldate in townships die afgelope vier maande.

Dié klagtes sluit die viktimisering van mense in wat blykbaar ANC-lede of -ondersteuners is, die steel van kos en besittings tydens klopjagte en agressiwiteit en onbeskofte gedrag gedurende klopjagte sowel as die vernietiging van eiendom. Klagtes is ook gemaak dat lede van die weermag huiwerig is om Inkatha-lede te ontwapen.

Township-inwoners weet nie wat om te doen wanneer soldate hul eiendom vernietig of hulle aangerand word nie.

Baie van dié slagoffers het reeds briewe aan die minister van Verdediging, die Staatspresident en die Kommissaris van Polisie geskryf, maar in geen van dié gevalle is daar teen die soldate opgetree nie.

Klagtes van die aard kan egter onmoontlik deur dié kanale hanteer word en moet eerder deur ander strukture aangespreek word wat spesiaal opgerig is om ontevredenheid en klagtes van dié aard te hanteer.

Die voortslepende geweld van die afgelope maand het die spanning tussen die veiligheidsmagte en townships-inwoners verskerp en inwoners wantrou die motiewe van dié magte in die townships.

Juis daarom is dit so belangrik dat die weermag hulself as 'n neutrale vredesmag voorhou en om dit te verseker en die aanduidinge wat reeds bestaan dat die regering 'n onafhanklike verdedigingsmag wil saamstel, is dit belangrik dat strukture saamgestel word om die veiligheidsmagte se optredes te monitor.

Terselfdertyd is dit ook belangrik dat township-inwoners, wat deur Operasie Ystervuis geraak word, bewus gemaak moet word van hul regte.

Deur dit te bewerkstellig kan vertroue weer in die veiligheidsmagte herstel word.

Stompie se ma oor Winnie

Joyce Mananki, ma van die vermoorde tiener-aktivis Stompie Moeketsi Seipei, voor haar pondok in Tumahole.
(Foto: Walter Dhladhla/AFP)

TUMAHOLE - In haar beskeie pondokkie van hout en blik in die onbeskutte, windverwaaide veld buite Parys het die vermoorde tieneraktivis, Stompie Moeketsi Seipei, se ma dié week gesê sy is bly dat Winnie Mandela uiteindelik voor die hof gaan verskyn.

Joyce Mananki, 34, wag vergeefs sedert haar 14-jarige seun se dood op Nuwejaarsdag verlede jaar vir 'n verduideliking oor hoekom hy na Mandela se huis geneem is en daar vermoor is.

Met haar enigste ander kind, 'n vierjarige dogter, op haar heup het Mananki op Sotho vertel: "Ek voel dat enigiemand wat 'n misdaad gepleeg het, aangekla moet word.

"Ek is nie gelukkig dat dit Winnie Mandela is nie want sy is nog 'n leier, maar sy moes vir my kom kuier het. Ek kan haar haar nie vergewe nie. Ek moes met die pyn van my seun se dood saamlewe."

Sy sê sy het dit moeilik gevind om die getuienis te aanvaar dat Stompie, wat bereid was om sy lewe vir die ANC te gee, in die huis van een van die ANC se leiers aangeval is.

Sy ontken ten sterkste dat hy 'n polisie-informant was.

"Ek was seergemaak omdat ek nie gedink het dat so 'n ding in die huis van Winnie kon gebeur nie. Ek kry nog seer. Dit sou nie so erg gewees het as Winnie hierheen gekom het om my daarvan te vertel nie."

Jerry Richardson, Winnie Mandela se nie-amptelike lyfwag, is op 8 Augustus weens die moord op Stompie ter dood veroordeel.

Die Witwatersrand prokureur-generaal, Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, het Dinsdag aangekondig dat Winnie Mandela, 56, en sewe beweerde medepligtiges op vier aanklagtes van ontvoering en vier van aanranding met die doel om ernstig te

'Ek kan haar nie vergewe nie'

beseer, in die hof gaan verskyn.

Stompie en drie ander seuns is in Desember 1988 deur Richardson en lede van die sogenaamde Mandela United Football Club van 'n Metodiste-pastorie in Diepkloof, Soweto, na Mandela se nabygeleë huis geneem.

Daar, volgens getuienis in Richardson se verhoor, het Mandela aan die aanranding op die seuns deelgeneem deur Stompie met 'n sambok te slaan om hulle te laat erken dat hulle by 'n Metodiste-predikant, Paul Verryn, geslaap het.

Mandela sou Stompie daarvan beskuldig het dat hy vier ANC-lede wat in Parys deur die polisie doodgeskiet is, verraai het, en het gesê dat Stompie nie die reg het om te lewe nie, het die hof gehoor.

Op Nuwejaarsdag verlede jaar het die 41-jarige Richardson Stompie na 'n stuk oop grond in Soweto geneem en hom vermoor.

Van Richardson se afspraak met die galg sê Mananki: "Dit is pynlik dat hy gaan hang, maar ek kan dit nie help nie, ek het my eie pyn gehad."

Mananki onthef die ANC van alle blaam. "Ek blameer die Mandela United Football Club," sê sy, maar voeg by sy is bitter dat niemand van die ANC-leierskap haar kom sien het nie.

Die enigste mense wat haar besoek het, was 'n UDF-ampsdraer en Paul Verryn, sê Mananki.

BRYAN PEARSON/AFP

'Wit liberales is bang vir Winnie'

PROF FATIMA MEER van die Universiteit van Natal en biograaf van Nelson Mandela is 'n ou vriend van die Mandela-gesin. Meer en 'n kollega, Allan Reynolds, maak beswaar teen 'n berig oor Winnie Mandela wat onlangs in Vrye Weekblad verskyn het. Hier is hul effens verkorte brief:

WINNIE MANDELA is clearly every sensation-seeking journalist's dream: if you don't have a story, you can always resurrect old stories on her and present them as something new. If you are a writer of the Wilber Smith ilk, you can let your imagination run wild on her personality and produce best-selling exotica. Where would they all be, one wonders, if there was copyright on Mrs Mandela, or if she was the sort of person who sued for libel?

Just such an article appeared in the August 31 edition of your newspaper. The journalist compiled a set of insinuations and innuendos, most of them unsubstantiated or inaccurate, suggesting that Mrs Mandela is irresponsible, pushy and an embarassment to her husband whom she allegedly dominates.

* Mrs Mandela was accused of having gate-crashed the launch of the ANC Womens' League. The fact was that she represented an important Soweto branch of the league; her arrival was eagerly awaited and her presence loudly applauded by the assembled crowd. She was instrumental in moving a key resolution that resulted in the league holding its protest marches nation-wide.

* She was accused of attending ANC national executive meetings, although she was not on the executive. This is untrue. Mrs Mandela has far too great a respect for democratic procedures, and far too keen a sense of propriety, to intrude into structures to which she has not been nominated or elected.

* Mrs Mandela was accused of not being an ANC/UDF leader. The fact is that for the thirty years that the ANC was banned, Mrs Mandela was the most vital symbol of the ANC. In three consecutive surveys conducted in the latter part of the seventies in the Transvaal, she was voted as one of the three most important leaders, a fact interpreted by the researchers as high support for the ANC.

* She was criticised for her outspoken support of the armed struggle. Mrs Mandela has done more than reflect the ANC's factual position on this issue, which is that while the armed struggle has been suspended to facilitate negotiations, it has not been ended. That position is confirmed by such ANC spokespeople as Chris Hani, Harry Gwala and Ahmed Kathrada.

* It is alleged that her appointment to the welfare portfolio suggests some sort of nepotism. The fact is that Mrs Mandela has special competance as a social worker. She was one of the first qualified black social workers in South Africa and, before her persecution, as such in the Baragwanath hospital and in the Johannesburg Child Welfare agency.

Colleagues described her work as outstanding. When she was banished to Brandfort, despite the appalling conditions under which she was forced to live, she initiated several worthwhile welfare projects; establishing an informal clinic, a sewing club for unemployed women, a youth club and an emergency relief centre in the township, providing food and clothing to impoverished families in the area.

Her commitment to this work, which often imperilled her own hazardous survival on the wrong side of the state, evidences a deeply felt empathy and compassion for her people. She is well-qualified to handle the enormous tasks she will take on in the welfare portfolio.

* As to the allegations that she dominates her husband - there is a very special relationship between the Mandelas who love and respect each other. Linda Goode Bryant, senior economic policy analyst for the borough of Manhattan, commented publicly that "there is an equality in her partnership with her husband that you rarely see in the black male-female dynamic in this country when it comes to leadership".

* A popular line of attack is also the suggestion that Mrs Mandela is a spendthrift. The Mandelas run a large household which means they share their personal income with a very large number of people in the usual township tradition. The much-maligned Mandela home has turned out to be a six-bedroomed house shared by an extended family of close and distant relatives, and the aides so necessary to their position. In addition, their house serves the vital function it was intended to as a de-facto headquarters for the movement.

The local press, specifically the liberal white press, has had a field day in misrepresenting Mrs Mandela to the international community. But recently Mrs Mandela had the opportunity of making direct contact with the international community.

Her tour to Europe and the United States this year was triumphant: the normally sedate Los Angeles Times banner-headlined "Wowed by Winnie", commented that Mrs Mandela was winning "nothing but adulation" on her tour with her husband.

In a world ruled by the media, Winnie Mandela has become a super-star. The noted American political analyst, David Treadwell, commented that "she has won an international following of her own for her work". She is the public face of the South African resistance movement, and it is to that face that the people of the world urge their governments to pledge diplomatic and financial support.

Even the British press have been drawn to note that Winnie Mandela even more than her husband, deserves personal credit for the liberation of her country.

Winnie Mandela is "troublesome" precisely because she is so challenging. She challenges all those who believe a wife, particularly a black wife, should be a woman who stays at home and out of trouble. Mrs Mandela is irrepressible. She goes out there, speaks her mind, and gets on with what needs to be done, whatever the consequences to herself.

Part of the criticism against her, particularly that from the liberal white press, probably stems from her radicalism. Oxford historian RW Johnson, no admirer of hers, identifies her as a representative of the radical faction of the ANC, and it is perhaps here that the root of the opposition to her lies: white liberals fear her black radicalism.

Another point of the criticism comes from those who wish harm to the ANC and to Mandela himself; and these fears are both public and private.

A secret document recently exposed within ANC ranks reflected the attempts of some insiders to undermine the popularity of Mandela. Conor Cruise O'Brian, writing in "The Times Lierary Supplement", sees the vilification plot against Mrs Mandela as a way of destroying Nelson Mandela.

Manjifieke natuurskoon, verskriklike korrupsie en ellende, gawe mense en 'n reuse burokrasie

Zambië: die ware Afrika?

Zambië het bekend geraak as die land van Kenneth Kaunda en die land waarvandaan die ANC sy vryheidstryd gevoer het. Dis 'n land waar min gewone Suid-Afrikaners kom. Dis ook 'n land wat die afgelope jare ontsaglike ekonomiese, sosiale en politieke probleme onder lede het. JACQUES PAUW gee sy indrukke van 'n besoek aan Lusaka en 'n reis deur die suidelike gedeelte van Zambië



Die besige markplein aan die buitewyke van Lusaka waar enigiets van motorbande tot tarentale gekoop kan word (Foto's: Jacques Pauw)

DIE Zambiese regering adverteer Zambië as "die ware Afrika" en "die regte Afrika-ondervinding".

Hulle sê dis 'n land waar die wekroep van die visarend oor die Zambezi-vallei en die getrompetter van troppe van honderde olifante nog deur elke toeris geniet kan word.

Dis ook 'n land van manjifieke riviere en mere, valleie en grasvlaktes en 'n purper sonsondergang wat oor die Zambiese natuurprag wegsterf.

In brosjures beskryf die regering dit as 'n vreedsame land wat wag om ontdek te word. Lusaka, sê hulle, is 'n besige en groeiende stad met 'n lewendige sakesentrum.

Ja, Zambië is 'n land geseën met 'n besondere en onontdekte natuurskoon.

Maar "die ware Afrika" het ook 'n ander kant.

Dis 'n land waar die grootste deel van sy bevolking in ontsettende armoede leef, van ekonomiese wanorde en politieke onrus.

Die gemiddelde Zambiër se lewensverwagting is sowat 45 jaar, sekere ekonome glo die helfte van die bevolking is werkloos en dié land se buitelandse skuld is per kapita van die bevolking die hoogtste ter wêreld.

Dis boonop 'n land van 'n onbeholpe en oorgewig burokrasie, korrupsie om elke hoek en draai en staatsamptenare wat blatant omgekoop word.

"Die ware Afrika" is al vir 26 jaar die land van president Kenneth Kaunda, of sommer net KK, 'n eens gesiene en bykans mitiese staatshoof met wie se unieke politieke filosofie van humanisme vandag openlik gespot word.

Hy kry die skuld vir bykans elke sosiale, politieke en ekonomiese probleem in Zambië, het 'n klompie aande gelede oor televisie begin huil toe hy uitgevra is oor sy beweerde rykdom van 4 biljoen dollar en het boonop ernstige familieprobleme.

Van sy drie seuns is een dood aan Aids, die tweede staan tereg weens moord en die derde het glo ook Aids onder lede. Sy vrou word verdink van smokkelhandel in ivoor.

Zambië is 'n land van goed en sleg, van mooi en lelik.

□□□

Dis agtuur op 'n Donderdagoggend in Lusaka, hoofstad van Zambië. 'n Lang ry mense staan en wag vir die Djiafounda-bus wat hulle van dié eens voorspoedige en vooruitstrewende stad 487 kilometer ver na Livingston aan die suidgrens moet vervoer.

Voor my staan 'n vrou met 'n hok met twee hoenders en 'n tarentaal wat sy minute vantevore op die deurmekaar en kleurryke mark aan die buitewyke van die sakesentrum gekoop het.

Sy kyk kort-kort om na dié vreemde wit gesig wat ook wag om op die gehawende blou bus met die baie duike en gladde bande te klim. In die kaartjieskantoor stoei 'n groep mense letterlik om die laaste paar sitplekke. Busse, treine en vliegtuie is stampvol weens die petrolkrisis die afgelope maand.

Die vrou voor my dra 'n kleurryke hemp waarop staan "We are what we are because of KK". Ek vra haar wat sy vir haar pluimvee betaal het. Driehonderd kwatcha, sê sy. Dis sowat R7 elk.

Die bus is oorvol. Nadat elke beskikbare sitplek ingeneem is, word nog mense in die gangetjie ingedruk. Skuins voor my hou 'n man 'n maer, bruin hond vas wat met groot lus na die hoenders en tarentaal kyk.

Die bus trek ruk-ruk weg en draai in Cairostraat, hoofstraat van Lusaka, af. Die bus ry langs die hoogste gebou in Zambië, 'n kollege, verby. Sy koperdak blink in die vroegoggendson.

□□□

Ja, Zambië was 'n land wat eens geskitter het in die rykdom van sy koperneerslae. Zambiërs dink vandag met heimwee terug aan die vet jare na onafhanklikheid in 1964 toe die koperprys hoog was en dié land 'n suksesverhaal in die dekolonialisering van Afrika was. Daar was baie werk, kos en vooruitgang.

Dit was die jare toe Kaunda se filosofie van humanisme, sy eie mengsel van die Christendom en die sosialisme, naasteliefde en vrede onder Zambiërs bewerkstellig en hulle in 'n trotse nasie saamgesnoer is.

Sy status in die internasionale gemeenskap en veral Afrika het 'n verdere hupstoot gekry weens sy ongekwalifiseerde steun aan bevrydingsbewegings. Die ANC, Swapo, Frelimo, die NPLA en Zipra is almal onder Kaunda se beskermende vlerk gehuisves.

Maar soos ook die geval in baie ander Afrika-lande, het Zambië se afhanklikheid van 'n enkele kommoditeit uiteindelik tot sy val gelei, sê Stanley Naidoo, Zambiese ekonoom en sakeman. Die koperprys het in die middel sewentigerjare met byna 50 persent gedaal en Zambië se ekonomiese en sosiale verval het begin.

Teen 1980 was Zambië reeds byna bankrot en 'n al hoe groter deel van sy bevolking het onder die broodlyn begin leef. Vandag is Zambië een van die armste lande in Afrika. Sy buitelandse skuld beloop 7,2 biljoen dollar.

Verstedeliking in die sestiger- en sewentigerjare het 'n groot gedeelte van die bevolking na dorpe en stede gedryf. Met die ineenstorting van die ekonomie is baie mense werkloos gelaat en volgens Naidoo is tot 50 persent van die bevolking werkloos.

□□□

Daar is vandag min van die eertydse glorie van Lusaka oor. Plek-plek sukkel mense tussen rommel deur, bedelaars lê op sypaadjies vir 'n aalmoes en wag en lang rye motors wag vir 'n nuwe besending petrol.

Hier in "die ware Afrika" loop 'n vrou met 'n beeskop in 'n skottel in die hoofstraat af, in 'n supermark dring mense saam om 'n hoop varswatervis en aan die onderkant van Cairostraat verkoop 'n medisyneman allerlei dieredele.

Die sogenaamde "compounds" - 'n koloniale term vir die townships rondom Lusaka - het in slums verander en vandag is die grootste gedeelte sonder water, riolering en elektrisiteit. Vroeër vanjaar het 'n cholera-epidemie in dié compounds uitgebreek en meer as 100 mense is dood.

Lusaka is vandag een van die duurste stede in Afrika, terwyl die bevolking vandag kwalik meer verdien as tien jaar gelede.

Dickson Nkazi, 'n taxibestuurder, sê hy verdien 4 000 kwachas (R270) per maand. Hy kan kwalik sy familie onderhou, en vertel verder dat sy taxi onlangs gebreek het en dat hy nou totaal sonder inkomste is omdat daar nie onderdele beskikbaar is nie.

Nkazi probeer nou 'n lewe maak deur buitelandse valuta op die swartmark te ruil. Hy het my op 'n straathoek in Lusaka voorgekeer en gevra of ek enige Amerikaanse dollarnote by my het. Sy aanbod was 80 kwachas per dollar, dubbel die amptelike wisselkoers.

Almal is op soek na buitelandse valuta omdat die kwacha so min is. Elke paar minute nader 'n inwoner of sakeman 'n toeris met 'n spesiale aanbod. Hoewel dit streng teen die wet is, word dit byna openlik gedoen.

In die goeie hotelle (teen sowat R250 per nag) word toeriste gewaarsku teen gewetenlose valuta-uitbuiters. 'n Amerikaanse toeris het vertel hoe sy die vorige dag 'n vyftig dollar-noot aan 'n handelaar gegee het wat 4 000 kwachas aan haar moes terugee.

Hy het 'n bondel "note" in haar hand gestop en verdwyn. Net die boonste en onderste noot van die bondel was 'n 50 kwacha-noot - die res was gesnyde papier.

Hoewel Zambië ryk is aan natuurlike hulpbronne en 'n hoë reënval het, is die landbou onderontwikkel en moet die land kos invoer. Supermarkrakke is vol basiese kosprodukte uit Suid-Afrika.

In belastingvrye winkels kan meer weelde-items met buitelandse valuta gekoop word, maar 'n pak graanvlokkies kos R12, 'n skyf sjokalade R6 en 'n blikkie koeldrank R2,50.

□□□

Zambië stink van korrupsie. Kaunda se humanisme wat vra vir naasteliefde, sosiale geregtigheid en 'n einde aan uitbuiting het beslis nie onder staatsamptenare posgevat nie, sê Naidoo.

Hy sê benewens die grootskaalse korrupsie en omkopery, word byna 20 persent van die land se bruto binnelandse produk aan die instandhouding van die staatsdiens spandeer.

Daarby het Zambië eintlik twee burokrasieë, die gewone staatsdiens, wat in elk geval veels te groot en lomp is, en die baie vlakke van funksionarisse in Kaunda se United National Independence Party (Unip).

Die Vryheidsmonument in Lusaka wat Zambië se dekolonialisering met Brittanje in 1964 simboliseer. In die agtergrond is Kaunda se nuwe hoofkwartier in aanbou - 'n geskenk van die Chinese regering

'n Tradisionele medisyneman in 'n kulturele stat naby Livingstone in die suide van Zambië

'n Buitelandse besoeker kan vergeet om sy weg deur Zambië sonder omkopery te vind. My eerste ondervinding daarvan was toe ek na die kantore van Zambian Airways in Lusaka is om my terugvlug na Suid-Afrika van Woensdag na Sondag uit te stel.

Nadat die beampte in sy rekenaar rondgesoek het, is die antwoord kort en saaklik: "Sorry, I think the flight is full."

Ek het my kaartjie teruggevra, 100 kwachas daarin gesit, dit vir hom teruggee en gevra om nog net een keer te probeer.

'n Minuut later was daar vir my 'n sitplek op die vliegtuig en die geld in die beampte se sak.

Die tweede keer was met my terugkeer na Suid-Afrika. Die beampte wat my handbagasie deursoek het, het my gevra hoeveel kwacha ek by my het. Sowat 300, het ek geantwoord.

"Jy mag dit nie uitneem nie."

"Mag ek gou teruggaan en iets daarmee koop?"

"Nee."

"Nou wat moet ek daarmee maak?"

"Jy kan dit vir my gee."

Op die ou end is ek sonder my kwachas deur doeane.

Ek is ook in Lusaka in hegtenis geneem omdat ek 'n foto van die Vryheidsmonument geneem het. Dis 'n nasionale simbool van Zambië en word elke aand op televisie gesien.

Met die besoeker se binnekoms in Zambië word hy daarop gewys dat daar 'n noodtoestand in die land is en geen foto's van staatsgeboue geneem mag word nie.

Ek het uiteindelik in die "special branch" se hoofkwartier beland waar 'n lang, maer "captain" in 'n blou safaripak my in sy vuil kantoor ondervra het. Teen die muur was die gebruiklike foto van Kaunda. (Dis wet dat daar in openbare geboue 'n foto van Kaunda moet pryk.)

"Maar ek het net die monument afgeneem. Dis mos nie 'n gebou nie," was my argument.

"Nee, maar die monument is soos 'n staatsgebou. Dis 'n baie ernstige oortreding."

"Nou wat gaan jy doen?"

"Ek weet nie, ons sal maar moet sien. Dit hang alles van jou af."

Ek weet nie of ek my verbeel het nie, maar ek kon sweer hy het geskimp vir 'n aalmoes. Ek het gewik en weeg om maar weer 'n 100 kwachas uit my sak te haal, maar het aan 'n beter plan gedink en gesê ek ken eintlik Kaunda, ek was verlede jaar 'n gas in State House.

Ek is kort daarna daar uit.

□□□

DIT raas verskriklik in die blou Djiafounda-bus. Tussen die opgewonde mensestemme deur, 'n hoender wat klink of hy nekomgedraai word en die gebiêr van musiek kraak die ou bus boonop elke keer as hy 'n slaggat in die pad tref.

Ek vind uiteindelik uit dat die vrou met die hoenders en tarentaal langs my se naam Austino is. Ek vra haar of sy van Kaunda hou. Sy dra immers 'n hemp met die woorde "We are what we are because of KK".

Sy sê versigtig dat sy nog van hom hou, maar dat die mense honger is en wanneer 'n mens se maag skreeu, dink jy nie reguit nie. Sal sy in die komende referendum ten gunste van 'n veelparty-demokrasie stem? Ja, sonder twyfel.

Kaunda het die afgelope twee jaar twee staatsgrepe en verskeie politieke opstande oorleef. In Junie vanjaar, enkele dae na die tweede mislukte staatsgreep, was daar grootskaalse betogings en plundery in Lusaka weens voedseltekorte en die verdubbeling in die prys van mieliemeel.

Volgens amptelike syfers is 27 mense doodgeskiet, maar daar word wyd aanvaar dat die dodetal meer as 100 was.

Kaunda het die blaam vir die betoging op "agitators van die veelparty-demokrasie" geplaas en die voorstanders daarvan as "wilde honde" beskryf wat die land in chaos en wanorde gaan dompel.

Kaunda het verlede maand gesê hy sal as staatshoof uittree sodra hy die Zambiese ekonomie herstel het. Die referendum oor die veelparty-demokrasie word in Augustus volgende jaar gehou.

The Movement to Multi-Party Democracy het verlede maand sy eerste groot openbare byeenkoms in die noorde van Zambië gehou. Meer as 100 000 mense het die grootste politieke vergadering nog in Zambië bygewoon en gevra dat Kaunda moet bedank.

Die kritiek teen die struikelende ekonomie word vierkantig voor Kaunda se deur gelê. Waar hy voorheen byna immuun teen kritiek was, word sy absolute beheer oor die ekonomie as vyand nommer een gesien, sê Naidoo.

□□□

David Livingstone, daardie befaamde ontdekkingsreisiger, het verlief geraak op Zambië en sy hart in dié pragtige land verloor. Op sy versoek is hy dan ook in 1873 onder 'n boom begrawe.

Hy het op 'n keer gesê dat die vrede en ruimte hom onbenullig laat voel en dat hy telkens oorweldig word deur die grootsheid van Zambië.

Livingstone was reg. Toe die blou bus my duskant die afdraaipad na die Kafue-wildtuin aflaai, het 'n nuwe Zambië voor my ontvou.

Zambië is 'n groot land van 750 000 vierkante kilometer waarvan hy byna agt persent aan natuurbewaring afstaan. Hy het die grootste natuurgebied in die hele Afrika.

Die Kafue-wildtuin is een van die grootste wildtuine ter wêreld met 'n ryk diere- en voëllewe. Die magtige Kafue-rivier, omsoom deur diepgroen bosse, is 'n speelplek vir groot troppe olifante, seekoeie en krokodille.

Zambië is die een land in Afrika wat daarin geslaag het om die smokkelhandel in ivoor te stop. Waar daar voorheen sowat 3 600 olifante per jaar onwettig geskiet is, het die syfer nou afgeneem tot sowat 100. Daar is tans meer as 10 000 olifante in Zambië.

Toe hy die Victoria-waterval, een van die sewe natuurwonders van die wêreld, ontdek het, het Livingstone geskryf: "Niemand kan dié skoonheid beskryf nie. Só 'n wonderlike gesig kon net deur engele geskep gewees het."

Een miljoen gelling water van die Zambezirivier stort elke sekonde oor dié 1,7 kilometer lange, 100 meter hoë waterval.

Die Zambezi is een van die groot riviere van die wêreld, en kronkel soos 'n dik, swart slang deur Zambië. Op sekere plekke is die Zambezi tot 'n kilometer breed met 'n verskeidenheid van eilande, en is in baie opsigte die lewensaar van Zambië.

Dit is hier op die oewer van die Zambezi waar die eens goue hart van die kontinent steeds klop met die polsslag wat net Afrika kan bied.

Vrye Weekblad, 21 September 1990

Bekroonde jeugboeke verskil oor 'Nuwe SA'

Ergste is pappie se plathand

PLEK VAN DOLFYNE
Deur Maretha Maartens
Tafelberg (R16,95)

DROOMWA
Deur Barrie Hough
Tafelberg (R16,95)

JAN KONTERDANS

DIé twee boeke het pas vanjaar Sanlampryse vir jeuglektuur gekry: 'n eerste prys (goud) aan Maartens en 'n tweede prys (silwer) aan Hough. Maar moenie glo die twee boeke is naastenby in dieselfde klas nie. Maar nou ja, resensente se opinies is subjektief...

Laat 'n mens dink aan daardie Spaanse prys vir poësie waar die derde prys 'n silwer roos is, die tweede prys 'n goue roos en die eerste prys 'n regte roos! Om aan Hough se boek 'n silwer prys te gee, is 'n klap in die gesig.

"Droomwa" moes 'n koper prys - met groenspaan op - gekry het, want die regte lewe stink nog lank in die vingers na jy dié pragtige boekie neergesit het. Hiermee word die belofte wat Hough se eerste boek, "My kat word herfs", geskep het, vervul.

Die vernaamste verskil tussen die boeke is myns insiens dat 'n jong leser weet niks gevaarliks of sleg kan ooit in "Plek van dolfyne" gebeur nie. Dis 'n boek vir die oorbeskermdes. Die taalgebruik is vlot en vernuftig, die beelde treffend en dikwels baie mooi, maar niemand kan doodgaan nie. Die ergste wat met jou kan gebeur, is pappie se plathand, of sonbrand.

Barrie Hough

Maretha Maartens





Die storie is saai. Die slim kind gaan beslis 'n boeiende Ingelse boek bo "Dolfyne" verkies, en die wendings is voorspelbaar, swakkies, of totaal afwesig. Kyk, 'n jeugboek moet darem "hooks" hê, allemagtig.

Tog is dit 'n leersame boek: 'n Swart seuntjie gaan 'n week lank op 'n kerkbegeleide toer vir oumense op Jeffreysbaai. Hy moet die wit dominee se hiperaktiewe kind oppas, want dié se wit maatjie is, volgens ma-dominee, 'n slegte invloed op haar kind.

Boodskap: goeie, gehoorsame, blinkgestyselde swart kinders is beter as blanke vabonde wat net goed is vir kwaadgeld en gesag uitdaag. Dis middelklas-waardes wat ons in hierdie land opdraende gaan gee, nie wit velle nie, my broer en suster.

Die blankes se geveinsdhede kontrasteer goed met Moses, die Sotho-kêreltjie, se eerlike gemoedswêreld.

Daarenteen is "Droomwa" die aangrypende, eg menslike verhaal van Paul van Zyl, 'n tiener van so 13 jaar oud, wat na sy pa se dood saam met sy ma en twee broers hul intrek neem in 'n woonstel in Hillbrow. Die gesin moet met minder klaarkom, want Paul se ma weier om sy oorlede pa se groot Buick, sy droomwa, te verkoop. 'n Mens verkoop nie 'n droom nie, behalwe as jy moet en lank genoeg gewag het. En selfs dan maak jy seker die koper is iemand wat ook kan droom...

"Droomwa" is oor geloofbare, gewone mense wat in 'n harde wêreld hul drome laat waar word. Daar is soveel onopgesmukte liefde in die boek vir mense in hul onafheid, en vir Johannesburg, spesifiek Hillbrow. En meer leersaam as Maartens se boek omdat dit nie probeer nie, dit is net. Die skrywer het moeite gemaak met elke sin, tog is die boek nie "gewerk" nie. Dit het 'n vanselfsprekende oortuigingskrag.

"Droomwa" slaag op meer as 'n storievlak. Vergelyk Paul se droom wat 'n realistiese omskommeling is van gegewe uit sy wakker wêreld. Enige sielkundige behoort daarmee tevrede te wees. 'n Kind kan in "Droomwa" soveel leer van 'n enkelouer se leed, en omgekeerd, want dis nie net 'n storie vir jongmense nie...

Albei boeke probeer iets van die "nuwe Suid-Afrika" by die leser tuisbring, maar dis asof "Dolfyne" se Moses nog nooit apartheid beleef het nie. In "Droomwa" word die begrip vir die lot van swartmense soos snykunde in die jong psige tuisgebring, meen ek, en al die karakters is rond. Dié boek van Hough is 'n onmisbare toevoeging tot jeugboeke met 'n stedelike tema in Suid-Afrika.

Ek vra myself: sal 'n nie-wit Afrikaanssprekende (13 jaar oud) "Droomwa" wil lees? Antwoord: ja. En Engelssprekendes ook, beslis, want die ervaring daarin is absoluut Suid-Afrika.

Nie so met "Dolfyne" nie, methinks.

Jan Konterdans is 'n vryskutjoernalis van Johannesburg.

Nuwe 'uitgeweke' boeke

NUWE boeke van onder meer die uitgeweke Suid-Afrikaanse skrywer Keorapetse Kgositsile word Saterdagmiddag 12-uur in die Warehouse by die Markteater, Newtown, Johannesburg bekend gestel.

Kgositsile, wat die land reeds in 1961 verlaat het en nou hoogleeraar in Engels aan die Universiteit van Zambië is, se nuwe bundel poësie heet "When the Clouds Clear". (Sien gedig hieronder.)

Daar word ook voorgelees uit Sankie Dolly Nkondo, ANC-verteenwoordiger in Bonn wat na die '76-opstand uit die land weg is, se boek "Flames of Fury and other poems"; uit Zinjiva Winston Nkondo se "The Long Road: The Tunnel"; en uit "Horns for Hondo" van Lesego Rampolokeng.

Al vier dié boeke word deur die Congress of South African Writers uitgegee.

Die geroemde Suid-Afrikaanse skrywer Nadine Godimer spreek die verwelkomingswoord waarna die digter Jeremy Cronin 'n toespraak hou en Barbara Masekela, kultuurhoof van die ANC, die boeke sal bekend stel.

Morning in Tunis
(for Zweli and Katlego)

Of the paradise and glory
Of the never-ever time
Of a place none can point at
No matter how many preachers are born
There will be no celebration of life
Except where memory collected and collective
From then now and then guides us

Now even though
My children have never known peace
I would like the children of the world
To see with their ear
And sing the sunrise in Tunis

It is heart-of-watermelon red
Mellow like an amber slice of moon
As it emerges from high rock and low cloud
Suspended near the blueless sky
A spectre between nothing and nothing
Without a single ray of light
As if to simply say
Don't you know the world is remarkable

Uit: "When the Clouds Clear" van Keorapetse Kgositsile

Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

Beseringstyd

Alles deel van die Spel



Sport behoort – en kán – veilig wees.
Dr. Dawie van Velden, President van die Suid-Afrikaanse Sportgeneeskunde Vereniging, bespreek die veilige deelname in verskeie sportsoorte.
Leer hoe om sportbeserings te voorkom, watter oefeninge gevaarlik is, die probleme met dwelms, voordele van oefeninge, en ook oor dié mense wat nooit aan sport moet deelneem nie.
Die Voorkoming en Behandeling van Sportbeserings is 'n eksklusiewe handboek, by CNA beskikbaar vir slegs R29,95.

CNA
Eerste met 'n fees van pret

Also available in English

IDEAS & CO 30406

'Uit die gemors kom nog 'n Boere-UDI'

Die wit tuisland-debat (3): die Boerestaat Party se siening

Die 67-jarige Robert van Tonder en vader van die Boerestaat-gedagte kom uit 'n stoere Boere-familie wat intiem betrokke was by die politieke stryd van dié eeu. HENNIE SERFONTEIN het met die leier van die Boerestaat Party gaan gesels

ONS sit in die ruim voorhuis van sy huis op sy plaas "Sandspruit" noord van Johannesburg. Dit dien ook as kantoor. Teen die een muur is daar 3 000 boeke - een van die volledigste biblioteke oor die Boeregeskiedenis en die Suid-Afrikaanse blanke politiek. Twee ander mure hang vol rare en waardevolle foto's van Boere-leiers en handtekeninge van politieke leiers en staatsmanne.

Ons praat oor sy Boerestaat-ideaal.

Die Boerestaat-gedagte is nuut in die politiek. Waar kom dit vandaan?

Ek het met Boere-politiek grootgeword. My vader het as 16-jarige onder genl Ben Viljoen geveg en aan die 1914-rebellie en die 1922-mynstakings deelgeneem. In die dertigerjare was hy een van die eerste NP én Afrikaanse stadsraadlede van Johannesburg.

As matriekseun in die veertigerjare op Helpmekaar het ek aan die Ossewabrandwag (OB) behoort. Ek was 'n korporaal in die Stormjaers, die militêre vleuel van die OB. Die OB het 'n Boere-republiek en 'n terugkeer na Boere-ideale gepropageer. My grootste oomblik was toe ek as skoolseun in hegtenis geneem, saam met andere by Marshallplein ondervra, en twee-uur die nag vrygelaat is.

Hoe het jou verlede jou huidige denke beïnvloed?

Ek kan onthou in watter grootse ellende my mense in die dertigerjare geleef het - deur armoede as gevolg van die Engelse Oorlog en die depressie is hulle in tienduisende van hul plase na die stede gedwing.

Hoed in die hand moes hulle kom werk soek en kon nie eens Engels praat met die besigheidsbase wat hulle vertrap en verguis het nie. Ek het die lyding van die Boerevolk in die stad gesien. Daarom is ek vasbeslote dat die Boere nie weer eens alles moet verloor in 'n politieke revolusie en weer tot die armblankedom gedryf word nie.

Maar hoekom kom jy as 't ware uit die bloute en propageer 'n gedagte wat vir 'n halfeeu reeds vergete is?

Twee boeke het 'n belangrike rol in my denke gespeel: "Milner's Young Men" oor hoe die ondergang van die Boere beplan is; en die boek van Theodor Herzl van 1896, "Das Juden Staat". Dit het my geleer dat die Boere, soos die Jode, slegs kan voortbestaan mits hul verowerde republieke herstel word.

As ons Boere ons eie staat gehad het, sou dit nie nodig gewees het dat my seun opgeroep word om die gevegte tussen Zoeloes en Xhosas, wie se state honderde myle ver is, te probeer stop nie. Ons seuns word opgeroep om vermiet doodgeskiet te word.

Maar al word die Boere-republieke herstel, sal die swartes steeds die meerderheid vorm?

Nee, ons drie miljoen Boere sal die meerderheidsvolk in ons eie staat wees. Onthou dat die halfmiljoen Engelssprekendes - Duitsers, Franse, Hollanders, Portugese en ander - soos

Robert van Tonder

in die ou Republiek ook later deel van die Boerevolk sal vorm.

Die tweede grootste groep sal die 90 000 Zoeloes wees wat nog hier woon. Dan is daar volkereste van Sotho's, Vendas, Sjangaans, Xhosas ensovoorts, maar hulle het almal reeds hul eie state.

Maar hoe sal julle julself as Boere handhaaf?

Dis baie eenvoudig. Herstel net eers jou eie staat. As jy die staat beheer, beheer jy die belastingstruktuur. Jy hou die lisensie- en konsessieregte en jy bepaal die wette van werkgewing. Jy beheer die geldvoorraad en bepaal die ekonomiese beleid.

Deur al die magte aan te wend tot behoud en versterking van jou eie mense, sal jou eie volk binne 'n dekade of minder die leisels stewig in hul hande hê.

Immigrante sal vanaf die Dietse lande kom, en die stroom van Engelse sal stopgesit word. Ons geboortesyfer sal ons deur gesin-, huis- en geboortetoelaes opstoot.

Wat van Johannesburg en Soweto wat die KP en andere wil prysgee?

Dit is onsinnig om dié twee stede aan die swartmense af te staan. Dit vorm die dinamo van ons ekonomie. Net soos in 1899 weier ons om afstand te doen van wat aan ons behoort.

Die twee stede is niks anders as werkplekke nie. Die feit dat hier vreemde blankes en swartes werk, maak dit nie hulle land nie. Dis die Boere se land.

Onthou meer as 60 persent van die swartes is werkloos. Daar is geen verpligting op 'n staat om vreemde werkloses te vestig nie. In Afrika-lande word hulle teruggestuur, en Duitsland stuur oortollige Turke terug.

Hoe gaan julle die Boerestaat skep? Gaan julle aan onderhandelings deelneem?

Ons onderhandel nie met die ANC wat 'n kommunistiese proletariaat verteenwoordig nie. Ons neem nie aan dié proses deel nie.

Ons sal wel praat met die tradisionele leiers van die Zoeloes, Sothos en ander swart volke.

Maar ons sal ons eise stel aan die De Klerk-regering soos ons reeds gedoen het. 'n Referendum sal ons egter boikot want dan is ons verplig om die uitslag te aanvaar. Ons sal nie toelaat dat die Cape Dutch en liberaliste van Natal en die Kaap oor die toekoms van die Boerevolk besluit nie.

Ek meen die onderhandelingsproses sal in duie stort en in chaos verval. Dit gebeur reeds want die swartmense doen dit vir ons met die huidige gevegte. Ons hoef dit nie eens self te doen nie.

Uit dié gemors sal ons Boere ons toekoms beveilig met ons eie UDI. Ons is oortuig die meerderheid van polisie en die weermag sal ons ondersteun.

'Ons eise is nie net op kleur gegrond nie'

"DIE herstel van ons gewese Boere-republieke van Transvaal, Vrystaat en Vryheid in 'n nuwe, moderne Boerestaat" - dit is die politieke ideaal en beleid van die meeste buiteparlementêre regse groepe vandag.

Dié groepe bestaan uit die Boerestaat Party van Robert van Tonder, die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) van Eugene TerreBlanche en die Boere Weerstandsbeweging (BWB) onder leiding van Andrew Ford.

Die Boerestaat-gedagte is egter 'n nuwe politieke idee en bring 'n heel nuwe dimensie tot die partisie-debat in regse geledere.

Die partisie-gedagte het sedert 1948 uit die Nasionale Party (NP) se ou apartheidsbeleid van 'n blanke staat en 'n aantal swart etniese tuislande of volkstate gespruit.

Van Tonder is die vader van dié nuwe Boerestaat-gedagte en propageer dit in sy boek "Boerestaat" wat in 1977 verskyn en in 1990 sy tiende herdruk beleef het.

Daarin plaas hy vir die eerste maal die idees wat meer as vyftig jaar gelede laas gehoor is, op die politieke tafel.

Dit het 'n dekade geneem voordat die Boerestaat-gedagte prakties deel van die blanke politieke debat en werklikheid geword het.

Volgens Van Tonder was daar twee belangrike deurbrake in die tagtigerjare:

"Die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) in 1982 het die partisie-gedagte weer sterk na vore laat kom en die aandag daarop gevestig.

"Die AWB het dit in 1983 as amptelike beleid aanvaar en Eugene TerreBlanche, met sy dramatiese redenaarsvermoë, het tiendui-sende mense tot dié gedagte oorgehaal.

"Carel Boshoff se onlangse propagering van 'n klein Afrikaner-volkstaat is 'n variant van my idee," sê Van Tonder.

Die Boerestaat-gedagte verskil egter in belangrike opsigte ideologies en prakties van beide die KP se partisie-gedagte en dié van die Afrikaner-volkstaat.

Eerstens behels dit die "herstel" van die ou Boere-republieke van Transvaal, Vrystaat en Vryheid, minus die reeds gestigte selfregerende "onafhanklike" swart tuislande.

Tweedens word die bestaan van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) die afgelope 80 jaar op geskiedkundige gronde verwerp en word "afstand gedoen" van Kaapland en Natal. Laasgenoemde word in KwaZulu, Transkei, Ciskei en Hexania verdeel.

Derdens berus dit op die fundamentele aanname dat daar 'n basiese verskil tussen Boere en Afrikaners is. Die Boere bewoon die ou Republieke, terwyl die Afrikaners, die "Cape Dutch" en "Afrikaner-liberales" in die ou Britse kolonies woon.

Die Boere word as 'n aparte volk beskou wat soewereine onafhanklike Boere-republieke besit het, wat internasionale staatsregtelik erken is en wat op onwettige en immorele wyse deur Brittanje oorrompel is.

Van Tonder beskou die skepping van die Unie van Suid-Afrika in 1910 as die begin van die einde van die Boere as 'n aparte volk. Hy beskou dit as 'n komplot deur Engelse oorlogsmisdadigers, Cape Dutch Afrikaanssprekendes en verraaiers soos Botha en Smuts.

Van Tonder sê: "Die tyd het aangebreek dat ons Boere die RSA vaarwel moet roep, want ons verkeer binne 'n staatsraamwerk waarin ons nooit kan wen en waarin ons glad nie sal kan voortbestaan nie.

"In 1906 het Alfred Milner - daardie Boerehater - die Britse argitek van die Unie van Suid-Afrika, gesê: 'Hoewel unifikasie die Boere tydelik in politieke beheer van die hele Suid-Afrika sal plaas, sal dit - ironies genoeg - hul uiteindelike en finale val beteken.'

"Milner en sy trawante het geweet dat as hy die verslane Boerevolk in een staat met 14 ander volke ingooi, hulle eindelik verswelg gaan word."

Die politieke Boere-leiers word daarvan beskuldig dat hulle na 1910, as politieke strategie om mag te bekom, besluit het om alle Afrikaanssprekendes kunsmatig te verenig. Die Boere se identiteit is verder verwater toe daar na 1961 slegs van Suid-Afrikaners gepraat is.

Van Tonder spot: "Met daardie stap het ons Boere wêreldkampioene geword - ons was die eerste volk wat in 80 jaar drie name gehad het: eers Boere, toe Afrikaners en nou Suid-Afrikaners."

Daar word gewys dat die 1914-rebellie die regstreekse gevolg was van 'n ooreenkoms tussen die generaals in 1902 om met die wapen die Boerevryheid terug te wen sodra Engeland in die moeilikheid is. "Maar Cape Dutch Afrikaners sou Botha en Smuts verraai toe die Boere rebelleer om hul ideale te verwesenlik en geweld teen hul eie kamerade gebruik het," sê die Boerestaat-volgelinge.

In 1919 vorm die NP-leiers vergeefs 'n afvaardiging na die Vrede van Versailles om die Vryheid van die Boere-republieke terug te probeer kry.

Die Boerestaters het baie by die Jode en hul geskiedkundige aanspraak op die ou staat Israel geleer. Dit berus op die stigting van 'n Joodse staat en nie 'n blanke staat nie.

"Ons aansprake berus op ons bestaan as 'n Boerevolk met 'n eie, unieke geskiedenis, taal, kultuur en kleur. Maar dit berus nie net op kleur nie. Daarom is ons eise nie op partisie gegrond nie. Want die gedagte van partisie berus net op kleur, en dít veronderstel valslik dat al die sogenaamde blankes in Suid-Afrika een volk sou wees."

Wim Booyse, die politieke risiko-konsultant van Pretoria, beskou die groeiende regse ondersteuning vir die Boerestaat-gedagte as baie belangrik: "Die partisie-gedagte as sulks is besig om 'n stadige dood te sterf. Die Boerestaat-plan is konkreet, duidelik verstaanbaar in teenstelling met die vae algemeenhede van die KP. Ook is dit baie meer aanvaarbaar as die klein Afrikaner-volkstaatsplan van Carel Boshoff.

"Daar is alle aanduidings dat in huidige intense informele gesprekke agter die skerms om 'n verenigde regse front teen die regering te vorm, aanvaarding van die Boerestaat-idee 'n gemeenskaplike grondslag van samewerking mag bied.

"Hoe onprakties en idealistiese dié plan mag voorkom, moet ons onthou dat in tye van onsekerheid en krisis soos vandag, daar altyd 'n terugkeer na ou konserwatiewe waardes en geskiedkundige nasionalisme is."

'Ek het probeer om 'n gehoorsame

Prof Johan Heyns, hoogleraar in dogmatiek en etiek aan die wit NG Kerk se teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, en voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk, kan volgens die bepalinge van die kerk nie weer herkies word in die posisie as moderator wanneer die Algemene Sinode in Oktober in Bloemfontein byeenkom nie. Hy kan wel in 'n ander posisie op die moderatuur verkies word. INA VAN DER LINDE vertel van sy verkiesing vier jaar gelede, en stel 'n paar vrae aan hom.

MET die verkiesing van Johan Heyns tot moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986 in Kaapstad, het 'n soort euforie oor die ou sinodesaal gehang. Terwyl die streng gesigte van sy voorgangers vanuit foto-rame na sinodegangers staar - onder hulle die formidabele dr Koot Vorster - het Heyns-ondersteuners trane uit die oë gevee van blydskap. 'n Sinodale amptenaar het verheug uitgeroep dat die "plafon bokant sy kop" nou verwyder is.

Heyns se verkiesing het as 'n algehele verrassing gekom. Hy is beskou as deel van die "linkse minderheid" in die sinode. Agter hom het die sogenaamde Hervormingsdag-getuienis van agt teoloë gelê.

Hierin het hy en andere in 'n brief in Die Kerkbode in 1980 kommer uitgespreek oor die polarisasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe, en die noodsaak van politieke en maatskaplike hervorming beklemtoon.

Dit is hom nie maklik vergewe nie. Met die 1982 Algemene Sinode in sy tuisdorp, Pretoria, het hy die minderheidstem gekry in elke verkiesing vir 'n posisie in die Breë Moderatuur (nou bekend as die Algemene Sinodale Kommissie) - die kerklike winkelrak waaruit sinodegangers gewoonlik hul leiers kies.

Met die eerste perskonferensie ná sy verkiesing het hy die verbreking van die kerklike isolasie waarin die NG Kerk hom bevind het, as prioriteit gestel. Onder sy leierskap het die NG Kerk 'n ekumeniese oplewing beleef, wat met sy charismatiese persoonlikheid en sjarme saamhang, eerder as met kerkbeleid. Die afgelope vier jaar het hy meer besoeke van joernaliste en buite- en binnelandse kerkmanne en -groepe ontvang as moontlik al sy voorgangers saam.

Nogtans het die euforie van 1986 plek gemaak vir ontnugtering. Vir baie van sy ondersteuners het sy retoriek vasgehak by 'n voor-FW tydgees. Hulle is teleurgesteld oor standpunte betreffende kerkeenheid wat tydens die Vereeniging-beraad van NG Kerke ingeneem is. Hier volg 'n uittreksel uit 'n lang onderhoud met Heyns:

Wat het geword van die euforie van vier jaar gelede? In die lig van die feit dat u in die verlede sterk krities was op die rigting wat die Kerk tóé ingeslaan het, het mense verwag dat u die stang gaan vasbyt en gaan laat loop, en tog het u by Kerk en Samelewing (KS - die beleidsdokument van die Kerk) gaan vassteek.

As jy nie in die struktuur self is nie, kan 'n mens baie makliker, vryer praat, maar wanneer jy self in die struktuur opgeneem word, dan word daar uit die aard van die saak bepaalde remminge op jou geplaas. Dit het ek maar algaande ontdek.

Buite die struktuur het jy nie die verantwoordelikheid van die struktuur nie, maar as jy in die struktuur is en meegedoen het aan die totstandkoming van die beleid, dan het jy 'n totaal nuwe verantwoordelikheid...

Ek kon nie buite KS gaan nie, omdat die persoon van Johan Heyns en die voorsitter van die sinode nie van mekaar losgemaak kan word nie...

Ek ag myself gebonde aan KS, ek was entoesiasties daaroor. Ek het my moreel gebonde gevoel aan KS. Nie net omdat ek deel was van die span wat KS help voorberei het nie, maar ten diepste ook omdat ek glo dat wat daar staan, teologies reg is. Toe ek vroeër dieselfde goed wat in KS staan bepleit het, is dit eenvoudig afgestem.

Het die reaksie hier plaaslik op KS in die kerk vir u as 'n skok gekom?

Na Oktober 1986 het ek begin besef daar gaan 'n geweldige reaksie kom as gevolg van KS, en 1987 was vir my eenvoudig 'n verskriklike jaar. Ek was elkeen van die 52 naweke van daardie jaar weg. Ek het letterlik regoor die land gepraat.

Die reaksie het my geskok, omdat ek gemeen het dat wat op sinodale vlak gebeur het, ook deurgewerk het op die vlak van die gemeentes. Ek het eers daarna besef ons sit met 'n enorme groot vakuum in kommunikasie. Ras, Volk en Nasie (RVN - die vorige beleidsdokument van die Kerk) het in 1972 op die rakke beland. Ons dominees het RVN nie gestel en verdedig nie.

Waarom nie?

Ek weet nie of dominees altyd so betrokke is nie. En as dominees betrokke is, is daar 'n vrees-element dat die reaksie in die gemeente negatief sal wees en dat hulle weerstand sal ondervind. Verder weet ek nie of dominees altyd in staat is om die fyn onderskeidinge wat gemaak is, en die aktualiteit van die saak self aan te voel en deur te gee nie. Daar's so half 'n onbetrokkenheid en 'n onvermoë om dit deur te gee. Dis amper makliker om alles maar rustig en koel en kalm te laat gaan.

Toe ek nou in die ding ingegooi is en orals is daar vergaderings en mense wat sê hulle gaan loop en al daardie dinge en ek begin hoor wat is die mense se tipe reaksie op KS, het ek begin besef dat hulle die ontwikkeling vanaf die sewentigerjare tot 1986 gewoon net nie meegemaak het nie. Daar is 'n geweldige groot gaping tussen wat op sinodale vlak gebeur het en wat op die gemeentelike vlak werklik deurgekom het.

En ek is bevrees oor wat nou dalk gaan gebeur. Die tweede KS gaan waarskynlik ook 'n groot skok wees vir sommige mense, omdat die eerste KS nog nie eens behoorlik verwerk en deurdink is en verder gegaan is met die konsekwensies van die eerste KS nie.

En die skeuring van die Afrikaanse Protestantse Kerk?

Dit was 'n diep traumatiese ervaring vir my. Juis omdat ek soveel ideale van ekumenisiteit en kerkeenheid gehad het. Juis omdat ek vanuit my teologiese vertrekpunt, naamlik die begrip van die koninkryk van God as die sentrale tema wat in 'n sekere sin die begrip kerk relasionaliseer (in 'n groter konteksplaas), juis omdat ek my beywer het om weg te kom van kerkisme af, dan die skokkende ervaring te beleef dat juis in my tyd 'n kerkskeuring plaasgevind het.

Daar is nou ook mense wat dreig om te loop, afhangende van wat die sinode gaan besluit. Ek sien natuurlik geen enkele rede - selfs al sou die nuwe KS behoorlik goedgekeur en aanvaar word - waarom mense dit nodig ag om uit die Kerk te gaan nie. Selfs al sou hulle nie met al die formuleringe saamstem nie, sou hulle myns insiens nie vanuit teologiese redes die Kerk kan verlaat nie, net so min as wat daar met die eerste KS rede was om die Kerk te verlaat...

Wat ons in die tweede KS gedoen het, is niks anders nie as om selfs helderder en duideliker uit te spel. Ook standpunte oor apartheid en sogenaamde Christelike Nasionale onderwys - ons probeer dit meer Bybels stel. Verder kan ek nie oor die voorstelle uitbrei nie.

U is heelwat deur regses geterroriseer.

Daar was 'n tyd wat daar geen uur van die nag was wat die telefoon nie gelui het nie. Baie oproepe was anoniem. Daar is vir my gevra wanneer trek jy na Mamelodi toe, wanneer los jy jou vrou om by 'n swart vrou in te trek - dis te lelik, ek kan nie die presiese woorde hier herhaal nie. Dit was op 'n vlak wat my stom verbaas laat staan het. Die soort fanatisme, religieuse fanatisme.

In hierdie huis was 'n groep mense wat 'n vloek oor die huis kom uitspreek het... Ja, die Kappiekommando en Marie van Zyl. Ek het nie tevore kennis gemaak met die tipe Afrikaner wat sulke argumente gebruik het nie. Ek is ook al alles genoem, van humanis, liberalis, vrymesselaar, kommunis, deel van Illuminati, 'n Jood (Heynskowitz). Ek is op 'n plaas in die Wes-Transvaal gebore en het daar grootgeword... Ons het bomdreigemente gehad, mense wat gedreig het om ons te kom doodmaak. Ons moes bepaalde veiligheidsmaatreëls aanbring, want my vrou was dikwels alleen tuis. Een oggend voor kerk het ons agt telefoonoproepe met dreigemente na mekaar gehad. Ek het gelukkig ook 'n soort dikvelligheid ontwikkel.

'Ek weet nie of dominees altyd so betrokke is nie. En as dominees betrokke is, is daar 'n vrees-element dat die reaksie in die gemeente negatief sal wees en dat hulle weerstand sal ondervind.'

U word van die ander kant (van links) daarvan beskuldig dat u die status quo ondersteun, dat u 'n hof-teoloog is, en deur pleidooie vir "bekering van die hart" u skuldig maak aan 'n cop-out om die ware probleme te ontwyk.

'n Dik vel is miskien te kras gestel. Dit het my wel soms laat duisel. Van links en regs kom besware. Dit het my laat wonder of ek nie juis in 'n goeie posisie sit nie. Ek dink nie ek het ooit die posisie ingeneem waar een groep my vir homself kon opeis nie. Vir die linkses is ek nie links genoeg nie en vir die regses nie regs genoeg nie. Dit is in 'n sekere opsig vir my 'n kompliment.

Ek laat my nie in so 'n kategorie plaas nie. Ek is nie verlig nie en ek is nie verkramp nie - ek probeer verankerd wees. Dit beteken dat ek vir my sekere basies beginsels gestel het wat ononderhandelbaar is. Dit is Bybelse beginsels van reg en geregtigheid, wat tegelykertyd ook probeer om oop wees na albei kante toe, om nie 'n toe mens te wees nie, om 'n gebalanseerde houding te probeer inneem.

En met my basiese wetenskaplike instelling te besef die wêreld is nie maar net reg en verkeerd nie. Daar is 'n fyn genuanseerdheid in standpunte wat ek probeer opvang het, maar wat in die verlede vir my geweldig baie

Uitsoekgeleenthede vir die kieskeurige adverteerder

Vrye Weekblad is tans besig om drie bylaes voor te berei: Vrye Weekblad Kuns/Art, wat op 26 Oktober sal verskyn, Vrye Weekblad Ekologie/Ecology (16 November), en Vrye Weekblad Boeke/Books (14 Desember).

Vrye Weekblad Kuns/Art is 'n unieke bylae oor die beeldende kunste. Dit word versorg deur Kendall Geers en Andrea Vinassa.

Ons kan nou al belowe dat ***Vrye Weekblad Ekologie/Ecology*** van die heel beste omgewingspublikasies ooit gaan wees, met 'n spesiale fokus op hoe om omgewingsbewaring in ons situasie bekostigbaar te maak en die noodsaak daarvoor tuis te bring by alle vlakke van die samelewing. Dit word versorg deur Marek Patzer, 'n groen aktivis wat ook in vandag se uitgawe van Vrye Weekblad 'n bydrae lewer. Dit belowe om lewendig, interessant en gesaghebbend te wees.

Vrye Weekblad Boeke/Books (VWB) het met die laaste uitgawe bewys dat dit die mees gerespekteerde tydskrif oor die letterkunde in Suid-Afrika is. Die Somer-uitgawe, wat weer deur Koos Prinsloo en Ryk Hattingh versorg word, gaan heelwat meer oorspronklike werk bevat, asook 'n paar verrassinkies...

Die mense wat dié bylaes koop, is die room van die Suid-Afrikaanse lesersmark. Tog is die tariewe uiters billik: R2 700 vir 'n wit en swart volblad, R1 400 vir 'n halfblad en R10 per kolom/cm vir kleiner advertensies. Daar is 'n ekstra fooi vir spot- of volkleur.

Maak sommer nou al seker jy kry plek vir jou advertensie in dié gesogte bylaes. Skakel Manie Eagar of Louwrins Potgieter vandag nog by (011) 836-2151. Hulle kan ook enige verdere navrae beantwoord.

VryeWeekblad

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

seun van die kerk te wees'



Prof Johan Heyns

probleme verskaf het. Daar was mense wat vir my gesê het: ons kan jou verstaan tot op 'n punt, maar dan verstaan ons jou nie meer nie.

Die punt is die grense van hulle waarheidsiening, waar ek dan verder gaan en sê: "Kom ons probeer die standpunt van die ander man akkommodeer en verstaan."

Ek probeer ook dié soort objektiwiteit nastreef, en het moontlik nie altyd geslaag nie. Maar ek het in elk geval as basiese teologiese vertrekpunt - wat ook deel is van my hele filosofiese instelling - 'n begrip van die koninkryk wat ruimer is as maar net my siening. Ek probeer altyd die ander kant insien, wat natuurlik vir my ander probleme veroorsaak.

Wat van die beskuldiging dat u uitsprake maak en soos 'n pous optree - in teenstelling met ds Kobus Potgieter, die vorige moderator, wat bykans nooit kommentaar wou lewer op enigiets nie en 'n baie lae openbare profiel gehandhaaf het?

Partykeer het ek gewonder of dit nie beter sou wees om meer gesag te hê nie. Dat ek bloot kan sê "dit is so", en dan is dit so. Ek kon natuurlik 'n ander styl gekies het deur te sê ek het nog nie koerante gelees nie, of ek het nie kommentaar om te lewer nie.

Dit is so dat ek baie genader is deur die pers en deur die media om kommentaar te lewer, wat ek hoeveel kere geweier het om te doen wanneer ek gemeen het dit nie op my terrein lê of nie belangrik genoeg is nie.

Ek het nooit probeer om op outokratiese manier op te tree nie, maar het juis probeer om 'n leier te wees binne my beperkte posisie as maar net 'n voorsitter van 'n Kerk se kommissie.

Ek het maar net my standpunte probeer stel en was in die posisie om dit te doen - dikwels in baie delikate posisies - en het gemeen as ek dit nie doen nie, dan versaak ek my plig. En ek het KS gehad om te stel.

Dit val my vreemd op dat u voortdurend KS byhaal. Ek kan my skaars voorstel dat een van die sogenaamde Engelse kerkleiers eers sal teruggaan na 'n beleidsdokument voor hulle hul oor aktuele sake uitspreek.

Die kerkstelsel wat ons het met sy presbiteriale kerkregering, laat baie min ruimte vir 'n individuele mening. Die biskop en die aartsbiskop en die kardinaal en die pous kan in eie reg uitsprake maak ongeag wat kerkvergaderings sê. In die gereformeerde kerkreg word nie gevra wat dink jy nie, maar wat dink jou kerk... Ek het probeer om 'n gehoorsame seun van die kerk te wees in die sin dat ek probeer weergee het wat ek aangevoel het, leef in die hart van die Kerk.

Op die eerste perskonferensies na u verkiesing het u ekumene as 'n prioriteit gestel. Is u teleurgesteld met wat bereik is?

Nee, ek is opgewonde, al is dit 'n gedempte opgewondenheid omdat ek nie alles bereik het wat ek sou wou bereik nie. Ek sou graag wou sien dat ons in dié vier jaar weer opgeneem is in die Wêrelbond van Gereformeerde Kerke, maar ons is nie. Ons lidmaatskap is nog steeds opgeskort en met die SA Raad van Kerke is ons nog waar ons was.

Aan die ander kant, as ek dink aan die feit dat ek minstens ses, sewe uitnodigings na die buiteland ontvang het van kerkleiers en vir televisie-onderhoude waarheen ek nie gegaan het nie - ek vertrek dié week na Engeland - dis behalwe al die uitnodigings wat ek wel aanvaar het, en ek meen daar is tog iets bereik... Op persoonlike vlak was daar baie goeie kontakte, maar ook binnelands oor kerkgrense heen. As ek kon vertel hoeveel kerke, godsdienstige groepe, charismatiese groepe hier was en waar ek gepraat en gepreek het, het iets geweldigs gebeur, hoewel ek meer sou wou sien gebeur.

Daar is nou twee voorstelle voor die sinode, een van Wes-Transvaal - let wel - en een van Wes-Kaap dat ons waarnemerstatus van die SARK vra. Ek dink daar is dinge besig om te gebeur.

Ons sien geweldig uit na die groot kerkeberaad in November. Dit is 'n geskiedkundige gebeurtenis. Ons is vir die eerste keer saam met mense van die SARK op 'n loodskomitee, ons het 'n uitstekende verhouding met Frank Chikane en Desmond Tutu.

Die beskuldiging oor Vereeniging was dat die NG Kerk-afvaardiging nie eens aan versoeke van sy eie familie kon voldoen oor sake soos kerkeenheid nie. Hoe voorsien u dan nou dat julle iets anders sal kan bied?

Ek glo nie die posisie met Vereeniging was vergelykbaar nie, omdat ons daar in 'n uitvoerende posisie was waar ons die Kerk se standpunt moes stel. Nou kom ons by 'n posisie waar ons oor die toekoms gaan praat - dis 'n totaal nuwe posisie waar ons nuwe beleidstandpunte kan stel.

Maar by Vereeniging is u tog ook gevra om oor die toekoms te praat?

Ja, maar ons kon by Vereeniging hoogstens spekuleer oor wat in die toekoms kan gebeur. Ons was op Vereeniging trouens nie eens duidelik wat die ASK se aanbeveling oor kerkeenheid gaan wees nie en het geworstel met ons eie modelle... Maar nou gaan ons na die sinode waar nuwe dinge bespreek en besluit kan word.

U het die afgelope tyd nou al 'n paar maal herhaal dat die Kerk meer betrokke moet wees by die armoede rondom ons. Waarom nou skielik?

Die hele wórsteling rondom eenheidstrukture het my ernstig laat vra of die struktuur van eenheid wel so belangrik is? Is dit belangriker as om eenheid konkreet te beleef?

Die belewenis van eenheid eerder as 'n struktuur van eenheid. Ek meen binne die monogame struktuur van eenheid in die huwelik kan ek en my vrou nog soos kat en hond leef. Die struktuur is nie 'n kitsoplossing nie. Ons moet op 'n ander vlak begin.

Die konkrete geweldsituasie het verder die vermoede bevestig dat 'n mens nie iemand wat honger is en plak, kan gaan doop en praat oor sake soos die grootdoop en kleindoop nie, of oor beleidsake en oor die Drie-eenheid nie.

'n Mens wat honger is, moet jy kos gee en mense wat nie huise het nie, moet jy van huisvesting voorsien. As ons dit vroeër begin doen het binne die gegewe strukture, sou ons baie meer konkreet betrokke gewees het by sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme van ons land - sou ons meer geweet het van die nood wat in ons jong kerke aanwesig was.

Die besef oor die armoede in ons land het gekom weens my baie kontak met swartmense en my blootstelling aan die situasies die afgelope tyd - ek is die afgelope vier jaar blootgestel soos nog nooit tevore nie.

Ons in die bevoorregte posisies kan maklik praat oor armoede met 'n brood onder ons arm. Hoe bring mens dit na die praktyk in 'n kerk vir hoofsaaklik wit-boordjie werkers? Hoe word die kerk vir die bevoorregtes kerk van die armes en noodlydendes?

Ek weet nie. Maar ek verstaan die verskil tussen die Engelse kerke en die Afrikaanse kerke nou beter as ooit. Die verskil is dat hulle 80 persent swart lidmate het, nie in selfstandige onafhanklike kerk georganiseer is met wie hulle net sporadies kontak het nie, maar vir wie dit 'n daagliks eksistensiële belewenis is dat daar swartmense is wat aan die ontvangkant van apartheid staan. Ek het al gesê apartheid het ons op aparte eilande laat uitspoel. Die eiland in die NG Kerk is dat ons ons probleme gaan institusionaliseer het in selfstandige kerke. Wat weet ons werklik van die nood wat in daardie mense se sinodale gebiede, hul huise en harte omgaan?

Maar is dit nie teenstrydig met u standpunt dat een struktuur vir die NG Kerk-familie nie nou 'n prioriteit is nie? U sê dan juis deur een struktuur te word ons die ellende van andere kan raaksien.

Ek stel dit liefs andersom. Die feit dat daar verskillende strukture is, verhinder dat ons mekaar se probleme verstaan. Nie omdat die strukture dit onmoontlik gemaak het nie, maar omdat die mense binne die strukture 'n soort geborgenheid gevoel het wat maak dat hulle gesê het dis nie vir ons nodig om met ander kontak te maak nie.

As die vier (NG) kerke onderling groter kontak gehad het... Natuurlik sou dit makliker gewees het as daar minder strukture was om nader aan mekaar te kom. My vraag is net of ons nie behep geraak het met strukture nie en of ons dit nou vir 'n keer moet los, selfs eenheidstrukture moet minimaliseer en 'n eenheidsbelewing gaan ervaar waar ek as blanke saam met 'n plakker vir hom gaan sê ek wil jou help om 'n huis te bou.

Klink dit nie weer al te veel na 'n cop-out van u kant om die kwessie van kerklike eenheid te omseil nie?

Dit is heeltemal moontlik dat die beswaar ingebring kan word. Maar ek sal dit ontken dat dié 'n wegvlug is, omdat ek begin om ander se nood aan te voel. Die nood van die plakker en die nood van die armes.

Ons kan nog altyd lid wees van 'n gemeente al is ons een kerk en ook niks beleef van die koinonia en barmhartigheid ten opsigte van mense wat in die bo-dorp woon teenoor die wat in die onder-dorp woon nie.

Ek het die laaste tyd hiervoor 'n geweldige sensitiwiteit ontwikkel. Christus kom na ons toe as 'n gestalte van 'n man wat honger is, en 'n man wat dors is, en 'n man wat nie huisvesting het nie... En ons moet die Christus in die man in sy nood erken en vir hom moet ons 'n naaste wees.

Hoe lyk u pad vorentoe?

Ek sou graag rustiger wou lewe, en die volgende vyf jaar voor my aftrede meer aandag wou gee aan die akademie... Ek het geen ander aspirasies nie, behalwe om die dinge wat teoreties is in praktyk om te sit.

By ons afskeid vra ek hom of hy vrae anders beantwoord as dit deur regses aan hom gestel word.

Nee, ek sou nie. Hier was nou die dag 'n man wat my beskuldig het dat ek 'n dubbele agenda het. Ek sê: 'Wat, wil jy my sê ek is 'n tweegatjakkals?"

Nee, ek het nie 'n dubbele agenda nie. Ek is inherent 'n baie oop en reguit mens.

KLAGTES EN NAVRAE

Enigiemand wat probleme het met die tuis- of posaflewerings van Vrye Weekblad, moet dit asseblief onder ons verspreiders se aandag bring. Die regstreekse klagtelyn van Times Media Beperk, ons verspreiders in die Transvaal en die Vrystaat, is (011) 497-2911. Mev Rossouw van Allied Publishers, wat die Kaapse verspreiding hanteer, se nommer is (021) 511-0003. As jy nog ontevrede is of oor die algemene beskikbaarheid van Vrye Weekblad wil kla, bel gerus vir Cathy Fennessy by (011) 836-2151.

Vrye Weekblad

O, Boereplaas, geboortegrond, aan wie behoort jy eintlik?



IN die twee jongste uitgawes van die Farmer's Weekly word daar gekyk na die landbou-filosofie en -beleid van die drie groot swart teenspelers in die Suid-Afrikaanse politiek. Dié soort artikel in 'n boeretydskrif, en die nuus dat die deur nou oopstaan vir die oprigting van vakbonde vir plaas- en huiswerkers, het die hele wêreld van die plattelandse swartman en -vrou weer voorop kom plaas.

Die "redistribution of wealth" beteken ook, sonder twyfel, die "redistribution of land". Miskien kan 'n mens by 'n ander geleentheid kyk na die praktiese implikasies van so 'n herverdeling - ligtelik praat jy nie daaroor in dié kontrei waar ek woon nie...

Oor die emosionele implikasies nog minder, want baie Afrikaners (elke "ware" een, sê 'n vriend) se hart is gebêre in 'n stukkie grond iewers, *"waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo"*. Dieselfde een, neem mens aan, waarvan WEG Louw geskryf het dat *"hy, boer alleen, met God kan praat"*.

Hoeveel geslagte skoolkinders het nie oor die jare kennis gemaak met dié idilliese versugting van WEG Louw nie:

"O om 'n boer te wees wat werk
met sy hande in die son
die liewe, lange dag; om saans
moeg terug te kom
van die lande, en te slaap
tot die rooidag deur die vensters breek,
en teen die tweede hanekraai, oor die ryp,
die ploegstert vas te hou",
en wat nog verder daarop volg.

'n Wit en suiwer bestaan, waar daar werklik nie eens sprake is daarvan dat ander mense ook op die plaas woon en werk nie, of enige invloed het op die alledaagse lewe.

Nee, gee my dan eerder CP Hoogenhout se "Moeilikheid om liedjies te maak op 'n boere-

'So by die deurblaai van bundels en bloemlesings, sien 'n mens hoe stil die Afrikaanse digbundels bly oor hierdie vervreemding en ontneming van grond, en kan jy verstaan hoe ook die letterkunde daartoe bygedra het om die onbewuste aanspraak van die witman op sulke groot dele van die land te help vestig.'

plaas" uit die beginjare van die Afrikaanse poësie. Hier is geen sprake van rus en vrede nie. 'n Jong daag op met 'n kar vol vis wat wil uitspan, die van-toe-af-al-teenwoordige Ewa raas en gaan tekere sodat ons aspirant-digter moet uitroep: "hoor daar nou weer so 'n meid!" Daarna kom skink Jan nog sy dop, en net as hy hoop om te begin skryf, moet die Oubaas, die Seur, weer die klong hoor raas met die nuus dat die jong die kraal oopgelaat het.

O, Boereplaas, geboortegrond, jou het ek lief bo alles!

Wat het ons onthou in Afrikaans van ander mense se geboortegrond? In haar boek oor "The Cape and the Kafirs" skryf ene mev H Ward oor die pleidooi 150 jaar gelede van 'n kaptein wat ten prooi geval het van grondsug van die wittes en wat saam met al sy volgelinge gewoon verskuif is:

"Here my father, a great Chief, dwelt; these pastures were crowded with cattle; here I have lived to grow old; here my children have been born; let me die in peace where I have lived so long."

In 1926 skryf Rollie Reggie in Ilanga Lase Natal in 'n lang gedig "My Country" die volgende:

"Here and there poor whites claim you,
My country - leaving Natives helpless.
Here and there the cotton planters claim you,
My country - leaving Natives hopeless.

Reeds in 1896, egter, verskyn daar in Ons Klijntji 'n gedig van MH Neser, "Di Klaagliid van di Laaste Boesman" oor die toe-eiening van grond en die verwyt: *"Ja, Duusman, jy het wel ons land ontvreem"*; Totius skryf in sy "Kafferlied":

Die Kaffer het gekom, die witman hy
kom later.
Die Kaffer het gevat, die witman hy
vat later.
Die Kaffer het gewoon, die witman hy
woon later.
(En wie dink u is dit wat laaste lag in dié gedig!)

En die bekendste van die versgedeeltes waarin daar wel iets oor dié verskuiwing van die besit van landbougrond gesê word, gaan amper by jou verby in die slot van CM van den Heever se "Die gevalle Zoeloe-indoena":

Die grassaad sal nog buig,
die beeste bulk, die lewe roep,
maar jy?
Hier waar jy was, sal skape wei.

So by die deurblaai van bundels en bloemlesings, sien 'n mens hoe stil die Afrikaanse digbundels bly oor hierdie vervreemding en ontneming van grond, en kan jy verstaan hoe ook die letterkunde daartoe bygedra het om die onbewuste aanspraak van die witman op sulke groot dele van die land te help vestig.

En dis aansprake waaroor hoog opgegee word binne sekere kringe van die regse politiek.

O, om boer te wees, gaan nogal heelwat dinge verder vorentoe vra...

Geloofspraatjies



ANDRÉ VAN NIEKERK

Hou op om politiek met 'n Jesus-banier te adverteer

Wat is die oorsaak van die obsessie om by Nelson Mandela te hoor of hy in Christus glo of nie?

Dit kan wees dat mense graag in so 'n toestand van intense verdeeldheid soos waarin ons ons nou bevind, na gemeenskaplike simbole en waarhede soek. 'n Gemeenskaplike geloof in Christus kan sekerlik politieke strydpunte relativeer.

Die motief kan egter ook wees dat mense Mandela se (on)geloofsuitsprake wil gebruik om die verdeling in die swart magsblok verder te stimuleer.

Godsdienstige strikvrae om jou eie belange te bevorder is natuurlik niks nuut nie. Dink maar aan die vraag oor die belasting aan die keiser waarmee die Fariseërs en andere Jesus van Nasaret probeer vastrek het (Matt 22).

Die vraag het 'n eksplisiete politieke strekking gehad. Sowel 'n "ja" as 'n "nee" sou aan politieke groepe die geleentheid gegee het om Hom aan te kla.

Mandela het ook nie met 'n "ja" of 'n "nee" die vrae oor sy Christenskap geantwoord nie. Of hy daardeur werklik aan die strik ontkom het, betwyfel ek. Die feit dat hy dit nie openlik erken het nie, sou vir talle neerkom op 'n de facto ontkenning. Ek het egter begrip vir sy ontwyking van 'n regstreekse antwoord.

In 'n onderhoud met die SAUK het Mandela gesê godsdiens moet nie gebruik word om te "adverteer" nie. In terme van die negatiewe potensiaal van godsdiens, soos dit in die geskiedenis bevestig is, het Mandela reg. Godsdiens is een van die kragtigste maniere waarmee mense hulle eie politieke belange vergoddelik het. Só het godsdiens strydpunte vererger en selfs tot die status van 'n heilige oorlog verhef. In ons eie land het ons nog nie die helse woede van sulke fanatisme beleef nie. 'n Belfast-situasie is ons natuurlik nie vry te spreek in 'n land waar 75 persent van die mense beweer dat hulle aan 'n kerk behoort nie.

Die wit wêreld begryp die negatiewe gebruik van die Christendom moeilik en vind daarom 'n vreemde gerusstelling in 'n woordelikse Christelike belydenis. As daar net besef kan word wat dit aan ons land gedoen het dat sogenaamde Christene "koud gelaat" is oor die vreemde dood van 'n swart leier. Wat het dit nie aan mense se persepsie van die Evangelie gedoen as hulle menswaardigheid ontken is én dit nog statutêr bevestig is nie?

Wat het dit aan God gedoen toe miljoene mense met dwang verskuif is en dit Godslasterlik geregverdig is met 'n teksvers dat God die woonplekke en grense van volke gestel het?

Op dié punt stem ek saam met Mandela. Kom ons hou op om ons politieke belange met 'n Jesus-banier te adverteer. Dit het al genoeg skade gedoen.

Op 'n tweede punt stem ek egter nie met hom saam nie. Hy is volkome reg as hy sê dat ons godsdiens nie ons eie planne of persoon moet adverteer nie. Sy motivering daarvoor, naamlik dat godsdiens 'n "private saak" is, is myns insiens nie reg nie.

Dit mag wees dat talle godsdienste slegs op 'n private verhouding tussen die godheid en die individu gerig is. Dit is ook so dat daar vertolkings in die Christendom is wat die Evangelie tot 'n private verhouding tussen 'n mens se "siel" en God beperk. Ek meen egter dat die Evangelie wesenlik 'n openbare gerigtheid het.

Die Christelike geloof het positiewe potensiaal ten opsigte van die teenswoordige sosiale werklikheid. Die "sout van die aarde"- en "lig vir die wêreld"-bydraes van Shaftesvury vir industriële geregtigheid in die 19e eeuse Brittanje en Moeder Teresa in die armoede-spiraal van hedendaagse Kalkutta, is enkele voorbeelde wat dit kan bevestig.

Christen-wees het immers met Christus te doen. Wat ook al die verskillende vertolkings van Christus is, kan die navolging van Hom nie tot die binnekamer beperk bly nie. Volgens getuienis het Christus juis die pyn van die lydingsvolle mense in sy tyd raakgesien.

Alle mense - ook die sondige Samaritaanse vrou, word deur Hom as volle mens aanvaar (vergelyk Joh 4).

Christus gaan die rassisme en seksisme van sy tyd teë. Hy laat Hom nie vasvang deur 'n menslike "constituency" se beperkte belange nie, maar wil sy navolgers juis van hul groepsugtigheid bevry.

'Wat het dit aan God gedoen toe miljoene mense met dwang verskuif is en dit Godslasterlik geregverdig is met 'n teksvers dat God die woonplekke en grense van volke gestel het?'

Die ervaring van God se onvoorwaardelike aanvaarding deur die lewende voorbeeld van Christus het 'n persoonlike (of private) gewaarwording in my veroorsaak.

Maar dit lei ook daartoe dat die skille van 'n mens se oë vir die naaste se pyn afval. Sy onvoorwaardelike aanvaarding skep 'n sekerheidsgrondslag waarop 'n mens die waagstuk kan onderneem om diepe selfondersoek te doen, om jou eie vooroordele raak te sien, en om gevestigde idees krities te toets. Daarin is 'n heilige teenstrydigheid. Eers as jy weet dat jy ten volle aanvaar word nes jy is, kan jy aan 'n proses deelneem waarin jy niks in en om jou sonder meer aanvaar nie.

Die absolutisme van godsdiens kom tot 'n einde aan die Kruis van Christus. Godsdienstige mense wat in hul fanatieke blindheid God se Seun vermoor het, open ons oë vir die mens se natuurlike kortsigtigheid en eiesinnigheid.

'n Relativering van menslike insigte, 'n oopheid vir ander, 'n raaksien van aardse werklikhede maar ook 'n nederige neerbuig voor 'n God en 'n werklikheid wat groter is as ons. Die wete dat God groter is as ons godsdienstigheid, beteken onder meer dat ons kan erken dat God heidene soos Kores uit die Ou Testamentiese tyd kon gebruik om bevryding te bring. God is nie beperk tot belydende Christene nie.

Die Evangelie kan misbruik word om ons maatskaplike probleme verder te beduiwel. Die Evangelie van Jesus Christus kan egter ook toegelaat word om ons eie absoluuthede te ontgoddelik. Meneer Mandela, teen laasgenoemde uitwerking kan ons sekerlik nie beswaar hê nie!

(Dr André van Niekerk is die leraar van die NG gemeente Jakaranda, Pretoria)

Hieroor behoort Bush en De Klerk te praat



FW de Klerk



George Bush

Die man van Tuynhuys gaan volgende week met die man van die Withuis gesels. 'n Mens weet nie waaroor hulle gaan praat nie. SAMPIE TERREBLANCHE stel voor waaroor die twee uitvoerende presidente behóórt te praat.

Standhoudende demokrasie

DIE Amerikaners glo dat die wieg van demokrasie nie in Athene of London gestaan het nie, maar op die maagdelike grond van Amerika. Ter regverdiging van hulle aanspraak voer hulle aan dat die Amerikaners ses oorloë ter wille van demokrasie geveg het.

In hul Vryheidsoorlog is die koloniale juk afgegooi; in die Burgeroorlog is die bedreiging van slawerny uit die weg geruim; die Eerste Wêreld veilig gemaak vir demokrasie; die Tweede Wêreldoorlog het die bedreiging van fascisme vernietig; die koue oorlog is "geveg" om die kommunistiese aanslag af te weer en die burgerregte-stryd is gestry om die gevare van rassediskriminasie uit die weg te ruim.

Bush sou aan FW kon sê dat demokrasie 'n baie hoë en waardevolle loerierkrans is wat herhaaldelik verower moet word. Dis iets waarvoor nie net een nie maar baie oorloë geveg moet word en wat onvermoeide waaksaamheid en toewyding verg.

Hopelik sal Bush en De Klerk ook praat oor die voorwaardes waaraan (deurlopend) voldoen sal moet word om nie net 'n demokratiese stelsel nie, maar 'n standhoudende demokrasie in dié Afrikaland tot stand te bring. Bush sal hopelik aan FW sê dat enige alliansie wat tussen die NP en die ANC (minus die SAKP) gepoog mag word, tot mislukking gedoem sal wees omdat dit net 'n deursigtige vorm van koöpsie, nog 'n weergawe van 'n fop-demokrasie en nog 'n poging tot boereverneukery gaan wees.

As Bush eerlik gaan wees, sal hy aan FW moet sê dat 'n ware demokratiese stelsel 'n luukse is wat in sy 20e eeuse vorm geneig is om soveel staatsfinansiële eise op te wek dat selfs 'n ryk land soos Amerika dikwels onder die aanslag daarvan steier. Daarna sou hulle seker kan saamstem dat 'n relatief arm land soos Suid-Afrika met soveel strukturele ongelykhede, hom eintlik nie die luukse van 'n ware demokratiese stelsel kan veroorloof nie.

Nogtans sal hulle moet saamstem dat Suid-Afrika, as hy weer legitimiteit en internasionale aanvaarbaarheid wil verwerf, geen ander keuse het as om 'n demokratiese stelsel in te stel nie.

Miskien sal FW probeer om vir Bush tereg te wys oor hoe "skeef" Amerika se demokrasie is omdat 'n klein staatjie soos Maine net soveel verteenwoordigers in die Senaat het as die groot en digbevolkte Kalifornië. Bush sal waarskynlik dié punt moet toegee, maar FW kan daarop wys dat hierdie "skeefheid" geduld word slegs omdat die "beskerming" wat dit aan Maine bied, niks met rassisme te make het nie.

As FW sou probeer om Bush se steun te werf vir perke (= "constraints") wat in ons nuwe demokratiese grondwet (vir ten minste 'n ooreengekome oorgangstydperk) ingebou moet word om demokrasie alhier lewensvatbaar te maak, sal hy Bush moet oortuig dat daardie perke bloot daarop bereken gaan wees om die (kwesbare) ekonomie teen oordrewe parlementêre eise te beskerm en geen - maar hoegenaamd geen - rasse- of kleurkonnotasie of verskuilde bedoelings gaan hê nie.

Suid-Afrika en die internasionale gemeenskap

Die herstel van Suid-Afrika as 'n respektabele lid van die internasionale gemeenskap van lande, is nie alleen 'n onontbeerlike voorvereiste vir die herstel van Suid-Afrika se ekonomiese groeivermoë nie, maar ook vir die handhawing van demokrasie oor die lang termyn.

Bush gaan hopelik in baie duidelike taal aan FW sê dat die enigste manier waarop Suid-Afrika weer 'n respektabele lid van die internasionale gemeenskap kan word, is om so gou as moontlik 'n aanvaarbare vorm van demokrasie te institusionaliseer én deur op 'n sigbare wyse rassisme uit te roei en deur vir die nare erfenis van apartheid te kompenseer.

Die omstrede vraag is eerder hoe die buiteland (en veral die VSA) betrokke gaan raak in die herstel van die ekonomie en die instelling van 'n standhoudende demokrasie. Om weer 'n groeikoers van 5 na 6 persent per jaar te handhaaf, sal Suid-Afrika 'n invloei van 12 biljoen dollar se kapitaal per jaar nodig hê in sê die eerste 10 jaar. Gaan Bush bereid wees om die openbare em private sektore in die VSA vir sê 'n derde daarvan te verbind of om dit sterk aan te moedig? Of is dit waar dat die Amerikaners die reputasie het dat hulle hul "vyande" meedoënloos kan druk, maar nie bereid is om 'n nuwe nie-rassige demokratiese vriend te liefkoos nie? As dit waar is, is dit betreurenswaardig van die leier van die Weste.

Een ding is seker, ekonomies kan ons nie alleen die mas opkom nie. En wat van grondwetlike hervorming? Kan ons alleen daardie mas opkom? Waarskynlik nie. Sal 'n neutrale internasionale skeidsregter nie mettertyd nodig wees om die onderhandelingsknope deur te hak nie? Miskien behoort Bush en De Klerk nou al oor dié baie netelige onderwerp te gesels. As hulle kan saamstem, kan dit die vind van 'n grondwetlike ooreenkoms bespoedig.

'n Nuwe ekonomiese struktuur

Wanneer die struktuurveranderings wat die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel sal moet ondergaan ter wille van 'n standhoudende demokrasie ter sprake kom, sal Bush waarskynlik nie eintlik raad aan FW kan gee nie. Ondanks die noue wisselwerking wat sedert die Groot Depressie tussen die Amerikaanse politiek en ekonomie bestaan, verkondig Bush steeds die Reaganomiese snert as sou die ekonomiese en die politieke aktiwiteite in twee waterdigte kompartemente plaasvind (of behoort plaas te vind).

Ongelukkig wil die wit politici en sakemanne in Suid-Afrika tog so graag glo dat die ekonomie en die politiek los van mekaar behoort te staan! Hulle sal gou daarvan oortuig moet word dat demokrasie in dié land net standhoudend kan wees as die konsentrasie van rykdom, mag en kontrole in te min wit hande tot 'n bevredigende mate - al is dit geleidelik - gedemokratiseer kan word en as geleenthede ook gelyker verdeel kan word.

Die nuwe storie van die wit kapitalistiese sektor dat dié sektor self die nodig herverdeling sal bewerkstellig as die wit gans wat die goue eiers lê net onversteurd gelaat word, is 'n ware storie vir die vaak.

Een ding staan soos 'n paal bo water: sonder toepaslike ekonomiese perestroika kan daar van standhoudende demokratizasiya geen sprake wees nie. As Bush dit nie weet nie, moet De Klerk dit by Gorbatsjof gaan verneem.

'n Nuwe sosiale struktuur

As daar een saak is waaroor Bush baie goeie raad aan FW kan gee, dan is dit oor hoe onontbeerlik 'n geïntegreerde sosiale struktuur is vir die handhawing van 'n demokratiese bestel.

Een van die merkwaardigste dinge van die VSA is dat dit deur die "meltingpot"-proses 'n nuwe nasie geskep het met genoeg dwarssnydende belange groeperinge om 'n hoë mate van stabiliteit en saambinding aan daardie groot bevolking te gee. Die "meltingpot"-proses en die nasiebou het weliswaar soms skeef geloop en is nog nie voltooi nie. Nogtans is dit iets merkwaardig.

Ek hoop Bush gaan FW se kop deeglik was omdat hy steeds statutêre of ander skelm gedefinieerde groepe as boustene vir 'n nuwe grondwetlike bestel wil gebruik. Daarmee sal ewigdurende konflik en botsing en geweldpleging in die nuwe grondwet ingebou word en sal ons demokrasie nie standhoudend kan blyk te wees nie. Dit is seker waar dat 'n berekende poging tot sosiale integrasie die (reeds endemiese) geweldpleging kan verhoog, maar sonder sodanige integrasie kan daar ook geen langtermyn-vrede, stabiliteit en voorspoed wees nie.

Oop-en-toe-skole

Ek hoop van harte dat Meester Bush die skolier De Klerk 'n behoorlike loesing sal gee oor die patetiese oop-en-toe-skole-modelle wat die laerskoolseun Clase vir hom aanmekaar getimmer het.

Bush sou De Klerk daaraan kon herinner dat die burgerregte-stryd in die VSA nie afgeloop was voordat "bussing" gebruik is om dit wat met die "meltingpot"-proses verkeerd geloop het, reg te stel nie. Indien dit ons erns is om 'n geïntegreerde sosiale struktuur tot stand te bring as grondslag vir 'n standhoudende toekomstige demokrasie, dan sal alle skole so gou as moontlik volledig oopgestel moet word. As die NP se beleid die beëindiging van diskriminasie is - soos FW sê - dan is dit in plain Afrikaans die beëindiging van ALLE diskriminasie. Dan is daar geen plek meer vir skelm diskriminasie nie.

Saambindende simbole

Een ding waaroor Bush vir FW baie goeie raad sal kan gee, is oor hoe onontbeerlik saambindende simbole vir 'n standhoudende demokrasie is. Wanneer, o wanneer, gaan ons tog simbole soos byvoorbeeld Washington, die Amerikaanse volksleid en vlag en monumente soos die Viëtnamese muur hê waarmee ALMAL as lojale Suid-Afrikaners met entoesiasme kan identifiseer? Wanneer, o wanneer tog? Eers wanneer ons van die eensydige Afrikaner-simbole ontslae geraak het? Ja. En hoe gouer, hoe beter!

---

*(**Sampie Terreblanche** is professor in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch.)*

Vrye Weekblad

De Klerk se 356 dae

Staatspresident FW de Klerk was dié week presies 'n jaar lank in sy amp. Daar kan min twyfel wees dat hy die één staatshoof sedert Uniewording is waaroor geskiedkundiges eendag meer positief as negatief sal skryf.

Dit is jammer dat daar nou al meer vrae gevra word oor De Klerk se vermoë om sy veiligheidsmagte te beheer. Dit is juis dit wat nou die hele onderhandelingsproses en die vordering na 'n vreedsame, voorspoedige demokrasie in die gevaar stel.

Sy ongewone gewildheid onder ons land se swart gemeenskap is ongelukkig ook aan die taan soos mense begin wonder of De Klerk besef wat nog sal moet gebeur voordat Suid-Afrika werklik 'n oop, regverdige gemeenskap kan wees.

Maar kom ons kyk vlugtig na sy jaar in die amp.

Hy het begin met die afskaf van die verbod op vreedsame opmarse. Dit het gelei tot 'n hele aantal vredesmarse wat mense heelwat stoom laat afblaas het en laat voel het dinge is aan die verander.

Kort daarna het die oopstelling van strande en ander geriewe, die moratorium op die doodstraf en die inkorting van militêre diensplig gevolg.

Maar sy Rubicon was op 2 Februarie. Die vrymaking van die ANC, PAC en ander organisasies, die vrylating van Nelson Mandela en die verbintenis tot onderhandeling het die grondslag gelê vir die prosesse wat nou aan die gang is en wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n metamorfose laat ondergaan het.

Dit is seker so dat De Klerk aan die begin van die post-PW Botha-era weens binne- en buitelandse druk nie 'n keuse gehad het as om die kritieke besluit te neem tussen verdere onderdrukking en wit oorheersing aan die een kant en demokrasie aan die ander kant nie.

Maar vir sy waagmoed en visie om toe die regte keuse te maak, verdien hy die respek van alle Suid-Afrikaners. Hy moes toe al geweet het dat dié besluit allerlei destabiliserende magte sou ontketen en dat hy deur 'n groot deel van sy eie etniese gemeenskap as 'n verraaier gesien sou word.

Miskien het FW de Klerk sy meeste kritici eers daarna begin verras. PW Botha het sy termyn ook goed afgeskop met stappe soos die afskaf van die paswette, maar daarna het hy die res van sy termyn probeer om die sneeubal wat hy aan die rol gesit het, te probeer keer.

De Klerk het vasgebyt en nie eens vir regse fanatisme teruggedeins nie. Hy het die noodtoestand opgehef, op gereelde grondslag met die ANC begin kommunikeer - en só 'n uiters waardevolle vriendskap met Nelson Mandela opgebou - en sy eie party vir almal oopgestel.

Vandag is die proses van onderhandeling so te sê onomkeerbaar en is die "Nuwe Suid-Afrika" nie net meer 'n hersenskim nie.

Daarom is dit so jammer dat daar 'n paar wanklanke in sy bestuur is. Die belangrikste hiervan is sy weiering om staatskole oop te stel of ten minste oop skole aan te moedig; sy sagte hand op die veiligheidsmagte wat nog soos in die ou dae tekere gaan; en sy onwilligheid om euwels soos die polisie en weermag se moordbendes se aksies in die buiteland te laat ondersoek en dié organisasies summier te laat ontbind.

Daarby kom sy klaarblyklike onwilligheid om die rol van die "Derde Mag" in die huidige township-geweld, wat duidelik sterk bande met die veiligheidsmagte en sekurokrate het, te laat blootstel.

Ons wens die Staatspresident baie sterkte toe vir die volgende jaar wat voorlê. Ons toekoms is in 'n groot mate in sy hande.

Masjiengewere?

Ons verwelkom die daadwerklike optrede wat nou deur Operasie Ystervuis beoog word, en ons glo die meeste mense wat in die Randse townships woon, verwelkom dit ook.

Dit is nooit lekker om sulke kragdadige stappe uitgevoer te sien nie, maar die anargie van die laaste maand en die ontsettende lewensverlies kan net nie in 'n beskaafde gemeenskap geduld word nie. Dit verlaag die waarde van ons mense se lewens, en dit kan net die rooi ligte laat aangaan vir wat in die toekoms kan gebeur.

Tog vind ons dit jammer dat die regering nie die stappe met groter oorleg met die ANC en ander verteenwoordigende leiers in die townships geneem het nie. Die tyd van eensydige besluitneming oor sake wat die swart gemeenskap ten nouste raak, is vir altyd verby.

En ons vind die besluit dat daar van masjiengewere gebruik gemaak mag word, uiters onverantwoordelik en gevaarlik - veral omdat daar min vertroue is in die vermoë van baie lede van ons veiligheidsmagte om hulself in 'n gespanne situasie te beheer.

Masjiengewere hoort in oorloë. Dit is 'n wapen wat ontwerp is om 'n groot aantal mense in 'n kort tyd sonder aansien des persoons dood te skiet.



BRIEWE

Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.

Wat van die 'heilige swart leiers'?

B Loggenberg van Alberton skryf 'n Ope Brief aan Max du Preez:

Ek vind myself as mede-Afrikaner heeltemal verstote na al die ope "demokratiese" briewe wat jy so op 'n vriendskapstrant skrywe aan ons ministers, staatspresident, ensovoorts. Dis darem 'n riem onder die hart om te sien hoe jy hulle, so van skuins af, op die gat skop.

Snaaks dat ek nog nie 'n brief gesien het wat darem probeer om ons "heilige swart leiers" 'n bietjie te kritiseer nie. Maar hoe kan jy dit dan nou doen? Nou-nou sê hulle jy's rassisties en onsimpatiek teenoor die onderdruktes en dan moet jy dalk die "Vrye" uit "Vrye Weekblad" haal.

Jy sien Max, dis nou eintlik hoekom ek aan jou skryf. Die dag toe die eerste Vrye Weekblad verskyn het, het ek gedink "Dank die hemel! Uiteindelik het ons 'n koerant wat dit gaan vertel soos wat dit werklik is. 'n Koerant vir die Afrikaner wat vir homself kan dink. 'n Koerant wat nie gaan probeer om 'n spul propaganda in ons kele af te druk nie."

Max, ek het regtig gedink jy is die tipe Afrikaner vir wie ek my nie hoef te skaam nie. 'n Afrikaner met die spreekwoordelike "balls" om te kan opstaan en sy sê te sê sonder om sy broek nat te maak net oor wat dalk met hom kan gebeur.

Maar toe begin julle alles aan te val wat die regering probeer doen het, al was dit iets goeds. Julle val toe elke liewe party of organisasie aan wat dit waag om enigiets skeef oor die ANC te sê. Dis darem baie opmerklik dat die ANC, volgens julle, net mooi geen fout kan maak nie. En die foute wat hulle maak, is tog so duidelik, of hoe?

Moet ons nie maar almal oor dieselfde kam skeer nie? Dit is tog duidelik as ons dit nie doen nie, gaan ons met dieselfde gemors sit as waarin ons voor 2 Februarie gesit het. Al verskil is dat die kante net omgeruil sal wees.

Ek sien nou die dag Vrye Weekblad se embleem: 'n aanpassing van die ANC se wapen met 'n ossewa in die agtergrond. Nou ontstaan die volgende vrae: Hoe vry is Vrye Weekblad?

Word julle nie dalk ook beheer deur die dogmatiese ideologieë wat die koerante van die Nasionale Pers oorheers nie?

'n Laaste ding. Waar kry Vrye Weekblad sy geld? Deur verkope? Of deur een of ander organisasie?

(Ja-nee. - Redakteur)

Simulated seks?

Haas van Linden skryf:

'n Mens kan nie NIKS van Chris Pretorius se toneelstuk "Weird Sex in Maputo" sê nie. Soos alles wat hy aanpak, tart die wonderlike maar gebrekkige stuk 'n reaksie uit jou uit.

Pleasurably nostalgies, al die leeglêery - rook, drink, frenzied lovemaking between bouts of apathy - maar a nee a, die "enkeld is die mens gebore"-boodskap dring te skeef deur. Dis mos nie soos jy nie, Chris. Los die dieper betekenisse uit! En moet jouself asseblief nie sensor nie.

Real as dammit wyn, egte sigarette, maar simulated seks? Wanneer was die broekies veronderstel om aan te wees en wanneer af? 'n Lekker Pinter in 'n warmer klimaat. Congratulations!

Hef aan

Gerhard Kemp van Unlondale skryf:

Ek skryf dié brief na aanleiding van Matteus 10:34-36. Jesus het nie na die aarde gekom om ten alle koste vrede te bewerkstellig nie. Hy het inderdaad gekom om oorlog te maak teen Satan en sy demoniese meelopers.

Jesus het toe ook 'n oorwinning behaal by die Kruis.

Ons is geneig om "ter wille van die nuwe SA" met erkende ateïstiese organisasies soos die ANC/SAKP-alliansie te onderhandel en selfs kompromieë aan te gaan en dit terwyl Nelson Mandela nie openlik sy geloof - van watter aard ook al - wil bely nie.

Ons as Christene se plig is om die Evangelie uit te dra en 'n stryd te voer teen die vyande van die Christendom - al is dit dan ten koste van kommunistiese vrede in die "nuwe Suid-Afrika".

Wat ontstellend is, is dat Joe Slovo gesê het die einddoel van die SAKP is om deur die ANC die mag in Suid-Afrika te bekom. Wat gaan die Christen se posisie dan wees? Ons Christene moet dus nou al, voor dit te laat is, ons stryd teen kommunisme en die New Age-beweging begin.

(Brief verkort - Redakteur)

Net musiek

Judith van Huyssteen van Bloemfontein skryf:

Ek was een van die ongelukkige siele wat nie Abdullah Ibrahim se konsert kon bywoon nie. Ek was dus baie jaloers op my vriende wat wel kon gaan. Donderdagoggend is ek wakkergebel en die kommentaar was "hy het voor die klavier gaan sit en vir 'n volle uur en 'n kwart net gespeel en gespeel en gespeel... Ek is nou nog in 'n trance..."

Goed, ek was nie daar nie, maar ek was baie teleurgesteld om Audrey Brown se reaksie op die konsert te verneem. Twee jaar gelede was ek gelukkig genoeg om 'n konsert van Ibrahim in München, Duitsland by te woon. Daar het hy ook net voor die klavier gaan sit, nie met die gehoor gepraat nie, en die hele aand musiek gemaak. My indruk was dat sy musiek ernstig is en dat daar nie tyd vir mooipraatjies en politieke krete is nie.

Dit gaan oor sy musiek en nie oor wat die gehoor wil hê nie. Goed so vir 'n gróót kunstenaar.

(Brief verkort - Redakteur)

Wie betaal?

Fair Is Fair van Lenasia skryf:

TV licence fees were recently increased to R120 per annum.

A substantial percentage of the total fees collected by the SABC is utilised for the promotion of Afrikaans programs and thus the promotion of the Afrikaner culture.

Why should this be done at the expense of the other cultural groups who also pay the licence fees?

I have nothing against Afrikaners promoting their culture but it must be done at their own expense.

Vervolg op bl 22

Kleinboet en sy tye, deur Ouboet

DIS nou die een ernstige boek wat 'n blitsverkoper gaan wees. Want wie is die hotste property in die land? FW de Klerk. En wie ken hom die beste? Ouboet Wimpie.

"FW de Klerk - The Man and His Times", is wat Brolloks se bronne sê die boek se naam gaan wees. En Wimpie het dit glo klaar aan die uitgewer, Jonathan Ball, gegee. Seker vir die Krismismark. (Het julle gehoor dis net 79 winkeldae voor Kersfees?)

Die verhaal van Wimpie en FW is self 'n boek werd. Want die laaste paar jaar sit dié twee nou nie eintlik langs dieselfde politieke vuur nie. Daar was plek-plek glo soveel spanning dat hulle skaars met mekaar gepraat het.

Vandag lyk dinge veel anders. Daar is weer vrede in die De Klerk-familie. En Wimpie moet seker heelwat krediet kry vir FW se monumentale spronge in die 357 dae wat hy president is.

Maar nou hoor Brolloks verder dat die Suid-Afrikaans/Nederlandse joernalis Evert van Dijk ook amper klaar is met 'n soort biografie oor FW. Ook vir die Krismismark. Hy het glo sommer by die heel eerste De Klerks begin wat Suid-Afrika toe gekom het en die storie regdeur vertel tot nou.

* As FW nie oppas nie, word hy nog 'n groter industrie as die Teenage Mutant Ninja Turtles.

Kat en muis

Die groot- en dubbelpratery van ons politici die laaste paar weke het Brolloks laat dink aan die storie van die drie muise (Brolloks hóú tog so van dierestories) wat sit en spog oor hoe sterk hulle nou eintlik is.

Die eerste muis sê as hy 'n stuk kaas in 'n muisval raakloop, rek hy die muisval met sy pote oop, hap die kaas en maak die val dan weer toe.

BROLLOKS EN BITTERGAL

Die tweede muis sê hy is so taai dat hy 'n hele blik Rattex kan opeet en nie eens sooibrand daarvan kry nie.

* Die derde muis, wel wetende dat hy iets dramaties uit die hoed sal moet trek, rol sy oë verveeld en sê: "Verskoon my, kêrels, ek moet net gou die kat gaan bykom."

Kry 'n junior

Bittergal gesels dié week met 'n prokureur oor Nelson Mandela se deurmekaar uitlatinge wat almal verwar en niemand beïndruk het nie. Toe sê die prokureur: "Nelson is soos 'n stokou senior advokaat. Hy het 'n junior advokaat nodig om hom op te pas en in die regte rigting te wys, dan kan hy briljant wees."

Miskien het Nelson en die ANC eerder deesdae 'n agentskap soos Saatchi en Saatchi nodig om hul verflenterde beeld 'n bietjie te poets en 'n slag behoorlike skakelwerk te doen...

* Of moet Nelson dalk Chris Heunis se decoder gaan leen sodat 'n mens hom ook kan verstaan?

Bloed

Daar was glo bloed aan die mure tydens die uitgerekte vergadering van die ANC se uitvoerende komitee dié week.

Die sekurokrate en die propagandiste en die ideoloë en die nasionaliste en die New Left en die kommuniste was glo almal aanmekaar.

En die kommuniste se boodskap was glo: Onttrek aan die onderhandelinge, en back to the armed struggle.

* Watse armed struggle? Limpetmyne by bushaltes?

Die armes

Dit het half 'n voorstedelike legende geword, dié storie van die Rolls Royce met die bufferplakker "Fuck the poor". Toe hoor Brolloks gister vir 'n feit van 'n werknemer van 'n groot versekeringsmaatskappy wat op motorversekering spesialiseer dat sy grootbaas juis so 'n plakker op sy Rolls het.

* Dis nou die een bate wat die ANC maar kan nasionaliseer!

Walvis

Dis seker die common streep in Brolloks, maar hy het nogal 'n oog vir bufferplakkers.

* Dié week een gesien wat 'n variasie op die ou een - Save the whale, harpoon a fat chick - is wat lui: Save a fat chick, harpoon a chauvinist.

Ag nee, wat

Die een man se dood is die ander se brood, lui die ou gesegde.

Maar 'n bekende kettingwinkel het dit dalk nou net 'n bietjie te ver gevat. Hulle het naamlik in sekere winkels aan die konflik-geteisterde Oos-Rand begin om spesiale afslag op begrafnis-kranse te gee...

* Laat Bittergal dink aan die plakkaat wat 'n stakende werker by 'n kettingwinkel nou die aand op TV rondgeswaai het: Gordon Hood steals from the poor to give to the rich.

Rebelle

Wat noem 'n mens 'n klomp Zoeloes wat leeglê?

Rebels without a Xhosa.

* Al gehoor dat daar in sommige kringe na die ANC as die Xhosa Nostra verwys word?

Viva die Doppers!

FW het veel roem uit vele oorde oor vele dinge gekry die laaste paar dae dat mense sy termyn in oënskou geneem het om sy jaar in die amp te herdenk. Maar Brolloks wil hom veral vereer vir twee stappe wat hy geneem het: die afskaf van die verspotte pie-potjies wat die ministers moes dra, en die ontbinding van die Staatspresidentswag met hulle common vere-hoede. Vandat hulle nie meer nodig is om PW in die oggend met trompetgeskal wakker te maak nie, het hulle geen nut meer nie. (Ons het lankal 'n Dopper as staatshoof nodig gehad wat nie glo aan al die swier en seremonie en dubbelpratery nie.)

'n Bestuurspos vir Oswald al is hy nie gay of vroulik nie

HAAI, vrinde, die jaar het darem gevlieg. In die ware Zuid-Afrikaanse tradisie moet ons nou 'n terugblikkie gooi oor die performance van onse leier gedurende die eerste jaar in office.

Dis nie altyd 'n dankbare taak nie, ek meen te sê daar's leiers en leiers.

En lyers, seg Moeder, synde een. Iedergeval, op tye soos dié vermy 'n mens kleinlikhede soos die betrokkenheid van Madam De Klerk in die bestuur van dinge, en selfs die dwarstrekkerigheid van sommige lede van die management wat klaarblyklik daarop uit is om alles te versuur.

All in all kan Egbertus dus met 'n oop gemoed en 'n redelike beheerbare gewete konstateer, soos Broeder Heyns ongetwyfeld sou sê, dat die eerste jaar van Miesies Klaagvoort se bewind in die geskiedenisboeke opgeteken sal staan as vrugbaar.

Dit het die koeksistergilde nuwe rigting gegee, en die koeksisters ook. Selfs Oswald is op sy plek gehou, ten spyte van sy aandrang dat hy ook 'n bestuurspos verdien al is hy nie vroulik of gay nie, ten minste is hy swart, en is dit dan nie in Zuid-Afrika 'n deprived minority nie? Trust Oswald.

Fungus Klaagvoorti

Van daardie vindingryke siel gepraat, dit het pas 'n nuwe soort sampioen gekweek wat die ganse gastronomiese wêreld in rep en roer het. Dit gis en dit gons, gastronomies is die woord. Iedergeval, in die land van nouvelle cuisine also known as kiddies portions dished up by an interior decorator het die kokke en literati behoorlik bolmakiesie geslaan, op eg Franse wyse, soos die klas ding maar gedoen word daar.

Die probleem, vrinde, is 'n nuwe uitgawe van die mees gesaghebbende woordeboek in daardie mooi taal.

Seg Moeder watwou mooi, jy moet kan Frans praat om dit te verstaan, dis nie soos Afrikaans nie. Geliefdes, in die woordeboek is daar twee prentjies van sampioene, die een giftig en die ander heerlik.

Seg die boek onder die giftige: fungus Oswaldi, heerlik met koeksisters. En onder die heerlike: fungus Klaagvoorti, vermy soos 'n koeksister. Nou word honderdduisende van die woordeboeke ingetrek.

Sommige kopers van die boek sal natuurlik nie op die kennisgewing reageer nie omdat hulle reeds sampioengeregte voorgesit het nie. Die mag van die tuinier.

Magnum PI-prys?

Dis 'n bron van ongerief vir baie welmenende locals dat die antichris sy fondse bekom van die Arafats en Gadaffis van die aardbol.

Egbertus self meen egter dat dit geoorloof is, jy vat tog geld waar jy dit kan kry, selfs van Voëlvrye Weekblad as dit dan moet, al is jy 'n generaal of 'n prokureur-generaal.

Haai, is ons nie 'n gemeenskap van Napoleons nie? Almal dapper generaals, en weinig onderdane. Iedergeval, sappigheidjie op die Gaddafi-front is dat oom Com Mandela die Internasionale Gaddafi-prys vir Human Rights gewen het.

Ver sy dit van Egbertus om selfs te glimlag daaroor, maar daar is darem 'n kinderlikheid in die gebaar. Human rights, I ask you. Dis so goed as om die Magnus PI-prys vir diplomasie uit te loof.

Die now pray later

Uit Zimbabwe nie noodwendig iets nuuts nie. Seg die agbare kommissaris van polieste hulle kry dinge 'n bietjie hot-om in daardie geweste: arresteer eers en ondersoek later.

Dis mos 'n ou Afrika-tradisie, of hoe? Al die jare al het onse eie geliefde polieste 'n beleid van eers donder dan dagvaar. Die now pray later. Wonder wat dink onse jongste martelaar daarvan. Piet Skiet, verneem Egbertus op goeie gesag, kan nou verander word na Piet Sing, soos in kanarie.

Misnomer

Die AWB is voorwaar in goeie geselskap. In 'n vars meningsopname onder swartmense, I'll have you know, het 52 persent van die mense gewaag om te sê dat hulle die AWB as 'n negatiewe krag in die land sien.

Het hulle enige opinie oor ander groepe en goeters? Ja, al te seker: 51 persent meen dat Inkatha, die bekende Vryheidsparty, 'n negatiewe bydrae maak tot onse toekoms. Dit laat 'n mens wonder of "Freedom" party nie die mees spectacular misnomer van die seisoen is nie.

Seg Moeder hoe kan dit wees, Magnus word dan Minister of State genoem? Moeder het 'n death-wish.

Ystervuis sweet

Darem vreeslik, dierbares, hoe die ystervuis nou sweet. En sappig dat die polieste die third force ondersoek en niks vind nie. Seg Oswald hulle moet net na die mense se ore kyk.

Ja vrinde, julle moet nie vergeet om julle ore ook swart te smeer wanneer julle jul bydraetjie tot vrede lewer nie. Aan jou vrinde en ore sal jy geken word.

Iedergeval, seg Miesies Klaagvoort dit lyk of Herr Klaus von Joburg nou ook die ystervuis inspan.

Egbertus seg amelee mense in hoge plekke moet maar die wind vang, maar die baron se timing is asemrowend. Die vervolging van Womandela op dié tydstip kan dalk net die faux pas van die dekade wees.

Die fokspassie, soos Moeder altyd by die Nuwejaarsbal sê. Miskien bedoel sy die foxtrot.

HOE RYM DIT DAN?

EGBERTUS KLAAGVOORT

Kompenseer vir dié wet

IAK van Lenasia skryf:
With the scrapping of the unjust and hated Group Areas Act imminent, I hope that the authorities will consider compensation to the many people who were affected by this act.

Ons such compensation is that those people who were forced to acquire property under the nominee system must be able to take transfer of such property into their rightful names without any further costs.

The services of the Deputy State Attorney can be utilised for this purpose.

Legal, transfer and other incidental costs must be waived and or borne by the State.

Where properties were transferred into "companies" because of the Act, a refund of unnecessary increased legal, transfer and other costs which have to be incurred.

It costs approximately R9 000 for a house valued at R120 000 to be transferred into the name of a company or close corporation, whereas it will only cost approximately R3 500 if transferred to the real owner.

The sooner this injustice is disposed of the better.

Kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede, soos Blake, sê die mens wat nooit sy of haar opinie verander nie, is soos staande water en teel reptiele van die verstand

Die Bleskoppe teen Apartheid hoop Marike gaan haar shopping in Washington geniet

Attention Christian singles
Born-again Christian Introduction Service. We Have Results Because We Care! We have socials too. Call (011) 476-4923, PO Box 35322, Northcliff 2115.
PS. Ons lewer 'n tweetalige diens

Voorstellingsdiens vir "upmarket", uitvoerende wedergebore Christen-alleenlopers. Skakel: (011) 476-4923 of 793-6059, Posbus 35322, Northcliff 2115

WOONPLEK

Professional women requires person to share duplex in Northcliff for more information phone Naomi 880-3633 (w) or 673-0698 (h)

DIENSTE

Sonus Marcels:
Mobile Disco, PA Systems, Recording Studio. Contact: Marcels, Tel: (011) 812-2447

CITY COLLEGE
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given
ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

DRESSMAKING & DESIGN
Be qualified to start your own business
Enquiries
City Dressmaking & Design School
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

PARENTS: Should your teenager be doing better at school? To develop his/her potential: Phone 678-3266

Aggrieved by an unfair dismissal from work? You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job. Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

REGTERBREIN-DINAMIKA:
Vergroot jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. 'n Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

BEDREWE VERWER
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor dienspligg. Skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (W); Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (H); Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30 nm);
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (H)
of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4:30nm tot 7:00nm

POWA
(People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The United States Information Service (USIS) will present a series of videos on "Economics - Growing A Business" in September. The series will comprise of interviews with successful businessmen/founders. The series will also offer portraits of several companies in transition - some that have grown steadily, others that are just taking off, and one in the midst of a comeback.
These programs will be screened on Wednesdays at 1pm in the USIS auditorium, at the 3rd floor, African Life Building, 111 Commissioner Street

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur: Konflik kan op 'n skeppende wyse beheer word. Ons is hier om Suid-Afrika te wys hoe. Rig navrae oor lidmaatskap of oor ons gereelde praatjies en seminare aan die Instituut in Johannesburg (011) 482-2128 of faks (011) 482-2450. SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur, Posbus 890601, Lyndhurst 2106

GEBEURE

THE CONCERNED SOCIAL WORKERS will be holding its Annual General Meeting.
Date: 26 September 1990
Time: 6pm
Keynote speaker: Albie Sachs on "Welfare Rights and a New Constitution in South Africa"
Venue: Dorothy Susskind Theatre (A1) Wits University

YEOVILLE SPRING FAIR:
to be held from 9am to 5pm on Saturday 22 September at the Yeoville Square, Cnr Raleigh and Fortesque Street.
* There will be a variety of arts and crafts stalls, and food and refreshments will be on sale.
* An important highlight will be the Speakers Corner where anyone who dares, can air their views in public
* Entertainment at the Yeoville Recreational Centre from 12h00 will include puppet shows, dancers, mime artists, folk, jazz and classical music, theatre, singing and entertainment for the kids.
* Don't miss the World Music Party from 9pm in the Recreational Centre Hall where Shifty Music will be playing vibrant music from all over the world
* For more information on the fair contact: Venessa at (011) 678-6321 or Bruce at 487-3608

Reünie van Vlootgimnasiumlede
'n Reünie van die 1960 Vlootgimnasiumkwekelinge sal vanaf 1 tot 3 Oktober 1990 by SAS Saldanha plaasvind. Alle voormalige kwekelinge van die 1960 inname word uitgenooi om dié eenmalige geleentheid by te woon. 'n Dag ter see op die SAS Drakensberg, 'n reünledinee en 'n voorstellingsparade sal die hoogtepunte van die program wees. Vir registrasiedoeleindes en verdere inligting skakel mev Annetjie Leibrandt by Vloothoofkwartier, Tel (012) 317-3306, of rig 'n telegram aan 1960 Gimnasiumreünie, Vloothoofkwartier, Privaatsak X104, Pretoria 0001. Navra kan ook gerig word aan SAS Saldanha, Tel (02281) 42211, of aan u streeksverteenwoordiger

HANDWERK

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788-3994

MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

JACOB REGOP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: .....
Adres: .....
.....
..... Poskode: .....
Telefoon: .....

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

REGTE, EGTE, GOEIE GESONDHEIDS-VOEDSEL

Fruits & Roots verskaf die beste gehalte voedsel en natuurlike produkte – handhaaf die hoogste gesondheids- en ekologiese standaarde.
FRUITS & ROOTS VIR BETER GESONDHEID... NATUURLIK
NOU OP 'N NUWE RUIM PERSEEL NET 1 BLOK STRAAT AF!
Rockeystraat 28a, Bellevue, 2198
Uit Bezuidenhoutlaan
Tel (011) 648-0251 Faks (011) 648-9509
Handelsnavrae welkom

Cascade Pools
CASCADE POOLS
*** Nuwe swembaddens**
*** Herstelwerk**
Vir meer inligting skakel (012) 86 2751 a/u

Kashgar
Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

Só kyk 'n mens mos rugby!

Veldore en regstreekse rugbyuitsendings op televisie is ook nie alles nie. Om week ná week na die toetsunies op die kassie te kyk raak maar vervelig (behalwe die kere wanneer WP-ondersteuners hul spelers wys hoe mens met 'n Blou Bul se gal werk). TIM SANDHAM, wat onlangs weer 'n draai by Olënpark op Potchefstroom gemaak het, meen ondersteuners in die groot stede het die kuns van rugby-kyk verleer.

WAS dit Aldous Huxley wat voorspel het dat elke mens in sy eie lewensruimte - met tweerigting TV en toegang tot inligting (en seker kos en 'n kleinhuisie) selfvoorsienend en afgesonderd in die Brave New World sou woon?

Nee, wat, Aldous, jy't jou misreken. Selfs al kom ons eendag sonder seks en Loving klaar, sal ons bloeddorstigheid verseker dat ons tyd vir boks en rugby inruim.

Watter skadeloser manier is daar om ons bloedlus te bevredig as om in die warm son, bier in die hand, te kyk hoe ons rugbyhelde mekaar op die veld opf...er...aandurf?

Breek weg kêrels, gaan kyk 'n slag rugby - regstreeks, van die pawiljoen af - in Potchefstroom, Welkom of Springs.

Wanneer 'n normale mens (lees: 'n rugby-malle) 'n wedstryd by een van die kleiner bonde soos Wes-Transvaal, Noord-Vrystaat of Oos-Transvaal bywoon, is die volgende vreugdes jou beskore:

Almal wil deel van die groep wees, maar nie net nog 'n gesig in die skare word nie. Omdat die pawiljoene soveel kleiner is voel jy deel van die familie.

Dit beteken ook dat jy soveel nader aan die veld is - jy't nie veldore nodig om te hoor hoe die ster-spelers die skeidregter probeer intimideer nie.

Dit werk ook anders om. As jy Naas uitjou omdat hy al wéér skepskop, weet jy jy mors nie jou asem nie. Hy gaan jou hoor.

So hou jy die skeidsregter ook op sy tone.

Daar's geen plek vir onpartydigheid nie. Toe die Wes-Transvaalse heelagter, Wessel van der Merwe, in 'n onlangse wedstryd teen die Vrystaat 'n strafskop ver na links haak en die vlaggies omlaag bly, spring 'n ouerige omie verontwaardig op: "Ag twak man! Die ding was oor!"

Toe die Weste teen Transvaal gespeel het, het 'n vurige ondersteuner van die Mielieboere dit sy taak gemaak om die Rooibontvleuel, Cabous van der Westhuizen, te ontsenu. Toe Cabous omdraai en 'n bal jaag: "Pasooooop! Die Weste kom!"

Cabous se meisie, wat toevallig daar naby sit, protesteer: "Los vir Cabous uit!"

Hy ignoreer haar en skree raad aan Jannie Breedt: "Sannieee! (Dis geen tikfout nie. Gemeet aan Potch se standaarde, is die Springbok-kaptein verwyfd) Moenie vir Cabous pass nie! Hy't nog nie aan die bal gevat nie en hy's klaar die ene vrees!"

Die meisie chip weer in: "Is nie - hy's cute."

Oomblikke later duik Cabous oor vir 'n drie. Dit bring die Mielieboer net 'n sekonde lank van stryk voordat hy half aan homself brom: "Dis van vrees dat hy so vinnig hardloop."

Wie wil nou die steriele aanmerkings van TV-kommentators soos Ockie Oosthuizen en Tiny Naude hoor? Luidrugtige toeskouers is gewoonlik nie net vermaakliker nie, maar ook beter ingelig.

Oordeel self:

Ockie: "Die manne wil-wil mekaar groet."

Toeskouer: "Donner hom!"

Ockie: "Uli Schmidt is geneig om 'n bietjie té hard in te klim."

Toeskouer: "Uli jou vark! Jaag hom af, ref!"

Ockie: "Ons kon nie mooi sien waarvoor die skeidregter daardie strafskop toegeken het nie."

Toeskouer: "Ref, maak oop jou blerrie oë! Hy was nie naby die bal nie!

Welslae het rugby in Natal bederf. In die ou dae, toe hulle nog in afdeling B was, sou 'n mens amper nie kon glo dat Kingspark in Durban was nie. Landelik is die woord.

Lojaliteit is regstreeks aan welslae gekoppel. Dit moet verdíén word.

Voor 'n promosie-relegasie wedstryd teen Oos-Transvaal op Kingspark in die vroeë jare tagtig kondig 'n Last Outpost-collonial luidkeels aan: "Today we Banana boys are going to teach you Vaalies a rugby lesson."

Tien minute voor die eindfluitjie, toe dit baie duidelik blyk dat Natal ten spyte van sy (destydse) flambojante hardlooprugby verdoem is tot nog 'n jaar in afdeling B, snou hy sy geliefde Banana Boys toe: "You bastards are a bloody disgrace! You shouldn't be allowed on a rugby field."

Omdat daar in die kleiner dorpe en stede soveel minder te doen is is die besoek van 'n top-rugbyspan ietwat van 'n gebeurtenis.

In Johannesburg hang al die mooi meisies op Saterdae by die vlooimark of ander trendy plekke uit. In Potchefstroom gaan kyk hulle rugby.

(Die laaste keer toe ek op Ellispark was, het ek langs 'n dame gesit wat my aan Frans Erasmus herinner het. Haar bo-arms was net frisser).

As al die gejuig jou dors gemaak het of as die drankies op die pawiljoen steeds nie jou dors geles het nie, is daar altyd 'n kroeg of twee waar die saak aandag kan geniet en waar van die spelers later onder kruisondervraging geneem kan word.

(Transvaal is so hard besig om geld te spaar dat jy nie eers meer 'n speler op 'n onthaal sal raakloop nie. En 'n mens kan jou dit nouliks voorstel dat die helde tussen ons gepeupel in 'n kroeg sal sit en bier drink).

Die belangrikste bly egter die wedstryd self. Die kleiner bonde is die vergestalting van dit waarvoor rugby staan: maak nie saak hoe groot of sterk jou teenstander is of hoe ver agter jy is nie, jy speel voluit tot die eindfluitjie.

Jaar ná jaar word die kleiner bonde se topspelers deur die grotes gekoop (Sou die Weste nie vanjaar beter gevaar het met Robert du Preez, Deon Oosthuysen, Tobie Oosthuizen, Kobus Wiese, Tjaart Marais en Martin Knoetze in hul geledere nie?)

Week na week speel hulle kliphard - net om weer te verloor. Maar daar is darem klein beloninkies soos 'n gelykop-uitslag vir die Weste teen die Vrystaat, en twee amper-wenne vir Noord-Vrystaat teen Natal en Noord-Transvaal.

Na al die plesier kry jy nog 'n aangename verrassing: Jou motor staan nog waar jy hom parkeer het, al die ruite is heel en sy radio is nog in.

Natal en Noord-Transvaal het verlede week gewys hulle is terug op dreef. Vandag se kragmeting tussen dié twee bulspanne op Loftus Versfeld kan gesien word as 'n kleedrepetisie vir die eindstryd. M-Net saal die wedstryd regstreeks van 15h30 af uit.

Die wedstryd tussen Transvaal en die Westelike Provinsie word regstreeks op TV 1 uitgesaal.

Hoewel albei spanne reeds uit die Currliebekerwedloop is, maak die kragmetings tussen dié twee aartsvyande altyd groot belangstelling gaande.

Die week se volledige sport-programrooster is:

SAUK:

Vrydag, 21 September:
18h00, TV1: Rugbyforum met Zandberg Jansen.
17h00, TV4 en 21h00, TSS: Soccer Scene.

Saterdag, 22 September:
12h00 - 17h56, TV1:Korfbal; tennis - ATP-toer; valskermspring in Mmabatho; gholf; begin van die BOC-seiljag in Newport en rugby - Midas 0-20, WP teen Tvl op Newlands.
21h00 - 23h00, TSS: Landloop: 5th Avenue-Myl van New York. Laatnaduitsending, TV4: Boks - Internasionale Titelgeveg, Dingaan Thobela.

Sondag, 23 September:
14h45 - 17h00, TV2/3:Portugese Grand Prix.

Die week se TV-Sport

Maandag, 24 September:
21h00 - 2h00, TV1:Rugby: Santambank Currie-beker.

Dinsdag, 25 September:
21h00 - 22h00, TSS: Gholf; Rugby; Motorsport; Internasionale nuushoogtepunte.

Woensdag, 26 September:
21h00 - 22h00, TSS: Veerpyltjies; Gimnastiek; Amerikaanse voetbal - NFL-reeks.

Donderdag, 27 September:
21h00 - 22h00, TSS: Fietsry - Allied-toer; Motorsport - 'Rally of 1 000 Lakes'.

M-NET:

Vrydag, 21 September:
18h30: World of National Panasonic.
20h40: Gholf: Wêreld putjiespeltoernooi.

Saterdag, 22 September:
14h00-18h00: World of National Panasonic; motorsportnuus; Gholf: wêreld-putjiespel-toernooi; Rugby: Natal teen Noord-Transvaal

Sondag, 23 September:
15h00: Gholf: regstreeks - eindstryd van wêreld-putjiespel-toernooi.

Maandag, 24 September:
20h00: Gholf: Wêreld-putjiespeltoernooi (hoogtepunte van verlede jaar se eindstryd).

Dinsdag, 25 September:
22h00: Britse sokker-hoogtepunte.

Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

Redaksie

Redakteur: Max du Preez
Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein
Nuusredakteur: Hans Pienaar
Sub-redakteur: Ryk Hattingh
Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw
Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson, Tinus Horn
Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo
Sportredakteur: Tinus Horn
Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

Bestuur

Advertensies en bemarking: Manie Eagar.
Redaksionele assistent: Cathy Fennessy
Navorsing en biblioteek: Laetitia Popie.
Boekhouding: Clara Nkutha
Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan

Buitekantore

Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.
Tel (021) 24 8049 / 23-2722
Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

'Julle het die spelers, maar jul tegnieke is verouderd'

Natal se tenk sê Bokke moet leer skrum

DIS moeilik om Tom Lawton te glo as hy sê Suid-Afrika behoort die beste rugbyspan in die wêreld te hê omdat ons spelers so groot is.

Dié Australiese toetsspeler wat vanjaar vir Natal uitdraf, is immers ver oor 'n outydse ses voet lank en trek die skaal op 'n allemintige 118 kilogram (die massa waarmee Mike Schutte in sy boksdae deur die toue geklim het). En Lawton speel haker!

Hy stel jou egter gou gerus - hulle is nie besig om in die geheim reuse in Australië te kloon nie. "Hulle vind my grootte daar net so uitsonderlik soos julle hier," sê hy.

En hy hou voet by stuk: Die Springbokke sal ná Suid-Afrika se hertoetrede toe wêreldsport gou weer in 'n magtige rugbymasjien ontwikkel. Maar nou is daar nog 'n paar kwesplekke.

"Isolasie het rugby in Suid-Afrika beslis verswak. Julle het nie tred gehou met dit wat in wêreldrugby aangaan nie en dit sal 'n rukkie kos om aan te pas."

Volgens hom is veral ons skrumwerk glad nie waffers nie.

"Noord-Transvaal het byvoorbeeld uitstekende voorrymanne, maar tog is sy skrumwerk maar bra middelmatig."

Op die vooraand van 'n belangrike Curriebeker-wedstryd en drie weke voor die eindstryd sal dié stelling die Bloues beslis die harnas in jaag, maar dit kan nie as 'n sielkundige speletjie afgemaak word nie. Daarvoor het Natal se skrumwerk veels te dramaties verbeter vandat Lawton in die voorry sak.

Hoewel een swaeltjie glo nie 'n somer maak nie, was een TOM LAWTON genoeg om Natal in 'n verwoestende skrum-masjien te verander. TINUS HORN wou van dié rugbyreus weet wat hy van Suid-Afrikaanse rugby dink en het 'n paar verrassende antwoorde gekry.

Die manier waarop die Piesangboere die Oostelike Provinsie 'n paar weke gelede verniel het, was veral ontsagwekkend.

Nie eers die Bok-loskop Frans Erasmus se byna legendariese krag kon verhinder dat die manne van die Baai soms vyf, ses meter ver teruggestoot word nie. "Domkrag" moes só spook om darem 'n bietjie weerstand te bied, dat hy later die veld met 'n besering moes verlaat.

Lawton is egter beskeie oor sy eie rol. Volgens hom is elke lid van die agttal belangrik. "Hier skiet Suid-Afrika te kort; daar word te veel van die voorry verwag, sonder dat die ander manne na hul vermoëns skrum."

Hoewel daar duidelik waarheid hierin steek, is Lawton se krag beslis Natal se grootste bate.

Deesdae word al meer druk op hakers gesit om soos losvoorspelers balle e jaag (en 'n paar van hulle doen dit skitterend) maar Lawton sê dis onsinnig dat die speler wat die diepste in die skrum weggesteek is, dié rol moet vervul.

"In die middel van die skrum is 'n derde stut sekerlik van meer waarde as 'n vierde loosvoorspeler," sê hy.

In Natal se geval is dit beslis so. Wanneer die Piesangboere so met hul teenstanders in die skrums mors, het Wahl Bartmann-hulle geen hulp nodig nie, dankie.

Lawton noem Bartmann se naam gereeld tydens die onderhoud.

"Man, hy het al sedert 1986 'n groot invloed op my loopbaan. In die toetsreeks waarin die Springbokke die Kavaliers geklop het, het hy skitterend gespeel en ek was beïndruk met die feit dat hy nooit laat slap lê het nie. Hy speel elke wedstryd voluit."

Hy sê hy kan nie verstaan hoe Transvaal Bartmann verlede jaar die trekpas kon gee nie. "Hy is briljant en hy leef vir sy rugby. Daardie soort toewyding sien 'n mens maar min."

Ander manne wat hy uitsonder is die Springbok-haker Uli Schmidt, met wie hy al 'n paar keer regstreeks kragte gemeet het, en Heinrich Rodgers, wat verlede jaar vir die Springbokke loskopstut teen die Wêreldspan - waarvan Lawton lid was - gespeel het.

"Uli is 'n uitstekende haker - beslis een van die wêreld se heel bestes. Heinrich het ontsaglik baie potensiaal, maar skrum nog nie werklik na sy vermoë nie."

Lawton het ook baie lof vir die Natalse afrigter, Ian MacIntosh.

"Hy ken rugby en weet hoe om spelers te motiveer. Dis wat ek van 'n afrigter verwag."

Op die vraag of Natal se welslae nie dalk net toe te skryf is aan die feit dat die Piesangboere 'n dikker tjekboek as die meeste ander unies het nie, wil-wil Lawton hom amper vererg.

"Ek is beslis nie gekoop nie, en en weet dieselfde geld vir Wahl en Guy (Kebble)," sê hy.

'n Mens glo hom. Wie wil in elk geval met 118 kilogram stry?

Hy sê hy sou hom aanvanklik glad nie vir Natal beskikbaar gestel het nie.

"Ek het Dick Cox ('n oud-Wallaby wat nou in Durban woon) toevallig verlede jaar raakgeloop. Toe ek vir hom sê ek is klaar met internasionale rugby, het hy my gevra of ek nie vir Glenwood Old Boys wil kom speel nie. Dit het na 'n goeie idee geklink en ek was nog geen oomblik spyt nie. Toe hulle my vir Natal kies, was ek lus om te speel."

Hoekom sou 'n 27-jarige speler op die kruin van die golf besluit om toetsrugby vaarwel te roep?

"Dis eenvoudig. In Suid-Afrika word die bekwaamste man as afrigter aangewys. In Australië kies hulle die een wat die meeste geraas maak."

Hy was bly toe die Wallabies onlangs 'n verrassende oorwinning oor die All-Blacks in die derde toets om die Bledisloe-beker behaal het, maar meen hulle sal Nieu-Seeland meer gereeld klop as hulle beter afrigters aanwys.

Hy het geen planne om hom weer vir Australië beskikbaar te stel nie en moet nog besluit of hy volgende seisoen terugkom Suid-Afrika toe.

"Maar as Natal my vliegtuigkaartjie koop, sal ek dit ernstig oorweeg..."



'Uli Schmidt is 'n uitstekende haker - beslis een van die wêreld se heel bestes'

Die jazz-koning was hier

Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

PHINEUS TSHUKUDU

DIE "Koning van Afrika-jazz" en wêreldbekende trompetspeler Hugh Masekela het twee weke gelede, ná 31 jaar as uitgewekene in Europa, na sy geboorteland teruggekeer.

Masekela, soos ander uitgeweke musikante, was op 'n private besoek aan vriende en familie en om hang-outs uit die ou dae te besoek. Maar tot sy bewonderaars se teleurstelling het hy nie opgetree nie, al het hy 'n paar nommers by Kippie's in Johannesburg gespeel.

Masekela is in 1960 saam met die spelers van die treffer-musiekspel "King Kong" uit Suid-Afrika weg. Hy was toe lid van die Jazz Epistles.

"Dis pynlik om 'n uitgewekene te wees," het Masekela op 'n afskeid-nuuskonferensie by Soweto se Ipelegeng-Sentrum gesê voor hy gister terug is Amerika toe, "en hoewel uitgewekenes nou hulself weer in die land kan vestig, sal die erfenis van my selfopgelegde ballingskap onaangetas bly."

"Isolasie-politiek het die blankes hul menslikheid ontneem," het Masekela in sy swart broek, baadjie en pet - wat herinner aan die kleredrag van 'n Sophiatown-tsotsi - gesê. "As ek 'n sogenaamde blanke was, sou ek verleë gewees het en my laat herklassifiseer het as 'n mens. Hoe kan hulle bekostig om steeds in 'posh' huise te bly terwyl hul swart landgenote in die smerigheid van Mshenguville, Lehurutshe and Gazankulu 'squat'?"

Talent

Hy en ander uitgeweke kunstenaars wil graag terugkom en 'n bydrae lewer tot die verbetering en bewaring van Afrika-kultuur, het Masekela gesê.

Hy het die moontlikheid van 'n fondsinsamelingkonsert genoem om op 'n grassroots-vlak talent te help ontwikkel.

"Maar," het hy gewaarsku, "daar moet nie te hoë verwagtinge wees nie, want ons kan nie wondere verrig nie. Ons bring nie spesiale muti huis toe nie. Ons wil net weer deel word van die gemeenskap."

Hy het veral teen kolonialisme te velde getrek en gesê dit ontneem Afrikane die voordeel van hul medeburgers se talent.

"As jy vandag na Afrika kyk, Zambië, Zimbabwe, Ghana, Nigerië en ander ... die beste kunstenaars uit daardie lande woon in Europa omdat hulle hulself nie tuis kan onderhou nie weens die ellende en tragedie van kolonialisme.

"Selfs al word kolonialisme uitgeroei, blyk dit ekonomiese kolonialisme is steeds met ons. Ons is 'n ekonomies verslane kontinent. Daardie beduiwelde stelsel het verkondig die enigste goeie Afrikaan is 'n werkende Afrikaan."

Masekela, wat steeds vlot Sotho, Tswana, Zoeloe en tsotsi-taal praat, het gesê: "Jy sien, jou huis is jou huis en jy kan 'n man nooit van sy tuiste vervreem nie. Ek is wie ek is weens Suid-Afrika en sy mense. Dis opwindend om terug te wees na 30 jaar se nomadiese lewe."

Verwoerd

Dis hartverskeurend dat die land weer, soos met Sharpeville in die 60's, deur geweld geteister word, het hy gesê. Masekela meen die verwoesting van die afgelope tyd is die produk van 'n goed-georkestreerde komplot deur opeenvolgende regerings om verdeeldheid tussen rasse te saai.

"'n Mens sou kon sê Verwoerd se 'chickens have come home to roost.'"

Masekela is op 4 April 1939 op Witbank gebore. Hy was 'n protégé van vader Trevor Huddleston wat hom 'n prompet gegee het. Sy eerste opname was saam met Dollar Brand en die Jazz Epistles in 1959.

Hy het musiek gestudeer in Londen en New York en in die 70's saam met die trompetspeler Fela Kati in Guinee, Liberië, Zaïre en Ghana opgetree. Masekela, broer van die ANC-kultuurhoof Barbara Masekela, was met die sanger Miriam Makeba getroud.

In die vroeë jare tagtig het Masekela hom in Botswana gevestig, maar het die land verlaat ná 'n SAW-aanval waarin van sy bure dood is.

Foto: Cedric Nunn

So van slaai gepraat

Fynproe
NETTIE PIKEUR

DAAR is twee soorte restaurante in Suid-Afrika: Dié wat 'n goeie slaai kan maak, en die wat staatmaak op smaaklose blare, suur olywe, drie stukkies feta-kaas en 'n bottel-sous genaamd vinaigrette. Not to mention rou uie.

Mag hierdie rip-off konings vir altyd in margarien braai. Want vandag gaan hulle hoor van slaai. En die volgende keer as iemand weer 'n plastiekbakkie wat veronderstel is om soos kiaat te lyk, gevul met sulke koue blare en bottelslaaisous, voor ons voorsit, is daar moeilikheid.

Want ons het vandag weer die heerlike Julia Child, sy van Amerikaans\Franse faam opgespoor om ons te verduidelik hoe Caesar-slaai gemaak word. En watter leesgenot is dit nie, uit 'n boek genaam "From Julia Child's Kitchen", uitgewer Jonathan Cape.

Die lieflike vrou vertel sy het die eerste keer 'n egter Caesar-slaai geëet waar dit ontstaan het: Caesar Cardini se restaurant in Tijuana, Mexico, in die twintigerjare van hierdie eeu. "Caesar het die groot wa met die houtbak na die tafel gestoot. Al wat ek duidelik kan onthou, is die twee eiers wat hy in die slaai gebreek het," vertel Julia.

Haar lieflike beskrywing is omtrent die hele boek werd.

En hier is die res van die slaai.

Caesar-slaai

Vir vier tot ses mense benodig jy 4 - 6 groot cos-slaaikoppe. My woordeboek sê bindslaai, maar hulle is mal. Dit lê nie in die volksmond nie. Verder twee huisies knoffel, en 'n knoffelmeul, 150 ml olyfolie, geroosterde croûtons, een suurlemoen, 'n eetlepelvol Parma-kas, sout, peper en Worcestersous.

Eerstens was jy jou cos-blare, en maak hulle mooi droog. Druk die knoffel deur die drukker in 'n klein bakkie, druk fyn, voeg 'n titseltjie sout by, asook 3 lepelsvol olyfolie. (Vergeet van sonneblomolie - dis nie vir die koningsgereg nie). Druk die knoffelmengsel deur 'n siffie en sit in 'n pannetjie saam met die croûtons oor 'n matige hitte. As hulle bruin is, plaas in 'n mooi bak.

Byt vas, dis nog nie opskeptyd nie, maar die resultaat is die moeite werd. Jy kook jou twee eiers vir een minuut, druk dadelik onder koue water en skil versigtig af. Hulle is nog baie loperig, maar nie meer rou nie. Jy maak jou slaai, (met groot dramatiese handbewegings, sê Julia) deur in 'n groot houtbak die blare te plaas, vier lepels olyfolie by te voeg, goed te meng, en dan die heel eiers, croûtons, gerasperde kaas, sout, peper, en ses druppels Worcestersous by te voeg. Sy meng dit met lepels, maar daar is mense wat sê die goddelike slaai kan met die hande gemeng word, dit smaak beter...

Vir ons as kinders was die sampioenslaai 'n wonder - hoe kon die ferme klein skyfies, redelik smaakloos wanneer uit die kombuis geskaai, so magies geurig en sag word? Hier het ons geleer olyfolie waardeer.

Sampioenslaai

Sny sowat twee pakke sampioene (wit of bruines, maak nie saak nie) in dun skyfies. Dis nooit nodig om sampioene te was of af te skil nie - die grond waarin hulle gekweek word, is eetbaar.

Nou maak jy 'n klassieke vinaigrette, maar baie: sowat 'n driekwart koppie vol. Vier dele olyfolie op een deel suurlemoensap, met 'n teelepeltjie wynasyn bygevoeg. Nou sout en vars swart peper, asook 'n lepelvol fyngekapte pietersielie.

Gooi die vinaigrette oor jou slaai om te rus vir 45 minute. Dit moet effens sag wees, maar nie 'n pappery nie.

Die slaai is wonderlik saam met brood en botter, koue vleis, of sommer met 'n boudjie braaihoender en aartappels.

Spinasieslaai met spek en Feta-kaas

Soek vir jou die mooiste jong spinasieblare uit, en was en sny die wit lowwe uit. Maak goed droog.

Nou braai jy stukkies spek tot bros, en laat droog drup. Sny Feta-kaas in blokkies, en gebruik maar daardie laaste paar stukkies sampioen om nog geur te verleen. Meng alles en besprinkel met 'n slaaisous wat heelwat suurlemoen bevat. Maar moenie die slaai verdrink nie - die blare word gou pap.

Groenbone met waterkastaïngs

Gewoonlik maak ons hierdie boontjieslaai met vars groenbone, net-net gekook in baie kookwater met sout, en dan skoongespoel onder koue water. Hierby kom 'n handvol neute en dan 'n slaaisous. Maar nou die dag makeer ons neute, en ek ontdek 'n blikkie waterkastaïngs - soos die Chinese dit noem - agter in die koskas. Die bros, harde klein goedjies was perfek by die koue bone, met 'n bietjie ekstra sout en 'n plain vinaigrette.

Ons Pikeurs is nie lief vir slaaisouse gemaak met pienk goed en bottelmayonnaise en so aan nie. Maar haal die magimix uit en maak die smaaklike sousie vir 'n vars paar blare.

Roquefort-en-jogurtsous

Blaauwkrantz-kaas is uitstekend hiervoor. Skep sowat vier eetlepelsvol in die bak van die menger, voeg by 'n halfkoppie goeie ongegeurde jogurt, asook swartpeper en 'n krui na smaak. Geen sout nie, die kaas is reeds sout genoeg. Meng tot glad en fyn, en drup oor jou slaai. Die mengsel is ook besonder lekker by aartappels in die skil gekook, of oor 'n groenteslaai.

die week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm

BILLY JOEL - JUST THE WAY YOU ARE
'n Musiekspel met Suburbia en Teaspoon op saks -
Regie deur Colin Law
Tot 22 September

UPSTAIRS BY DIE MARK

STARBRITES - deur Barney Simon en die spelers **Musiekregisseur - Duze Mahlobo** - Marionette en ontwerp deur Handspring Puppet Company - Ma tot Vr 8.15nm Sa 6.15nm en 9.15nm 'Dit is 'n toneelstuk oor transformasie en toorkuns, en dit is self toorkuns' - Robert Greig - Business Day

DIE LAAGER
Jana Cilliers in
POPE JOAN II -
regie deur MARIO SCHIESS
Ma tot vr 8.15nm; Sa 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
Mothobi Mutloatse se BABY COME DUZE - Regie deur Corney Mabaso - Met Bayete, Mara Louw, Ramalao Makhene en Patrick Shai
'n Musiekspel wat in 'n sjebeen in die hemel afspeel' - Van Tot 20 Oktober - Ma - Vr 8.30nm (Aandete begin 7nm) - Wo 3nm - Sa 5.45nm en 9.30nm (Geen ete)

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Township Fever Band - 832-1646

MARK-GALERYE
Andrew Munnik en Russell Scott - Groot galery
Foto's deur Gillian Cargill - Klein galery
Skilderye deur Deorah Kersh

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vloolmark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

Het drinken leert de mens het eerst

BJ LANKWARDEN skryf in sy wynrubriek oor bier

'N PAAR warm dae en 'n mens se houding oor jou drankvoorraad verander geheel en al. Laasweek het jy nog gedink aan port en rooiwyn, maar al waaraan jy nou kan dink, is ligte witwyn en natuurlik bier.

Bier speel toenemend 'n belangriker rol in ons lewens soos die jongste statistiek van KWV wys. Volgens dié interessante inligting is die jaarlikse per capita-verbruik van wyn 9,07 liter per kop. Wat maar min is vergeleke die gesonde 58,04 liter bier wat ons elk per jaar drink.

Mense sal sê ons het 'n warm klimaat so bier moet beter as wyn verkoop. Maar dis nie noodwendig waar nie, want in party baie warm lande, soos Italië, is die wyn-verbruik jaarliks oor die 100 liter per kop. Die wyn word natuurlik saam met etes gedrink en 'n mens vermoed dat die water nie van 'n goeie gehalte is nie.

Ander mense voer ook aan dat Italiaanse bier nie vergelyk met die hoë standaarde van dié van Noord-Europa nie, maar dis nie waar nie. Italië het 'n ou brouerstradisie en vervaardig uitstekende bier.

Plaaslik kan verbruikersaandag skuif en sekere make sal meer aandag kry soos die tyd verloop. Al ons bier is egter "bottom fermented" en daarom baie eenders. Lion Lager is soeter as die ander, maar daar is nie genoeg basiese verskil tussen al die ander soorte om jou vinger daarop te sit en dit 'n unieke gehalte te noem nie. Miskien pas dit die publiek, sodat hulle 'n ander soort kan drink sonder om ontsteld te raak. Dit veronderstel die publiek het 'n skerpsinnige onderskeidingsvermoë wanneer dit kom by bierproe.

Die ander dag merk ek 'n dosyn ouens bier uit 'n bottel drink. Dit was binnenshuis en daar was sekerlik glase beskikbaar. Tog het hulle uit die bottel gedrink en selfs nóg bier so verbruik. Dis vir my dieselfde as om wyn uit die bottel te drink.

Waarom drink 'n mens wyn uit 'n glas? Nie net omdat dit meer higiënies is om 'n glas te vul en nou en dan vol te maak as om 'n bottel van mond tot mond rond te stuur nie, maar omdat wyndrinkers na die kleur wil kyk en natuurlik die boeket van die wyn wil geniet.

Die boeket van 'n bier is ook baie belangrik en deur uit die bottel te drink gaan dit geheel en al verlore. Nog belangriker is egter dat bier in 'n glas gegooi moet word sodat dit kan skuim. Niks lyk erger as 'n bier sonder skuim nie. 'n Goeie kop skuim lyk goed, laat jou toe om die aroma van die bier te kry en neem helaas ook van die gas weg soos wat dit vorm. En dis ook baie belangrik.

As jy dors is, kan jy 'n koue gaskoeldrank uit 'n bottel drink, want dis onwaarskynlik dat jy meer as een sal drink. Bier is 'n ander saak, jy kan ses, sewe of selfs twintig biere op 'n aand drink. Jy sal vol gas raak en ongemaklik begin voel en boonop sal jy moeilik 'n woord uitkry sonder om 'n wind te breek. Gedrag wat bier nie verdien nie.

Bedien jou bier in 'n glas, verkieslik 'n skone én saam met maaltye. Gematig is dit 'n aangename verandering van wyn en soms net so belonend.

Om mee af te sluit, 'n ou Nederlandse gesegde:

"Het drinken leert de mens het eerst.
En daarna pas het eten.

Men zal daarom uit dankbaarheid
het drinken nooit vergeten."

Community Arts Project voer debat

BARBARA MASEKELA, die ANC se departementshoof van kuns en kultuur, is die genooide gas by Kaapstad se Community Arts Project (CAP) se debat Donderdagaand.

Masekela sal deelneem aan 'n paneelbespreking oor sake soos sensuur, die kunsterade en die kulturele boikot. Die onderhoudvoerders is Derek Wilson, die Argus Tonight! se kunsredakteur, Jackie Nolte van die Visual Arts Group, Duke Ngcukana van Music Action for People's Power, Melvyn Minnaar van Kruik, Claire Slingers, die kulturele koördineerder van die SA Domestic Workers Union en Rachelle Kapp, die kulturele koördineerder van UK se Sentrum vir Afrika-studies. Die debat begin 8nm en word by 106 Chapelstraat, Woodstock, aangebied. Tel: (021) 45-3689/45-3648.

CAP bied ook Saterdag 29 September van 9.30vm tot 5nm 'n reuse teaterseminaar aan. Sowat 21 van die belangrikste teaterorganisasies neem deel. Vir verdere inligting bel Mike, John of Patti by bogenoemde nommers.

Warning: this review could violate your sense of decency

CHRIS VICK reviews the work of three leading names in US rap, and warns: This article contains explicit lyrics

THE operative word here is fuck.

Whether they're doing it to the system, or doing it to their partners, the word has aroused an army of young, hungry US rap musicians.

At the vanguard stands Public Enemy, noisiest, most militant and currently most successful of "hard" rap bands. Public Enemy are to rap what the Sex Pistols were to punk: the shock troops, a kind of musical Black Panthers.

"Fear of a Black Planet", their latest album, was released early this year, and is described by band leader Chuck D as "showing up the Eurocentric view for what it is. It's about the fear that anybody not white is black and contaminating..."

This is Public Enemy's third album since their formation in 1987, and it contains some vicious street poetry. The lyrics are chanted against a backdrop of sampled and scratched sounds and drum machines which is more noise than music.

It all takes place at a helter-skelter pace. There are 20 tracks on the album, hardly any over three minutes long but all thunderous in their protest: "Our freedom of speech is freedom or death/ we got to fight the powers that be/ lemme hear you say/ fight the power".

In your face

If there's a band that raps harder than Public Enemy, it's Los Angeles-based Niggers With Attitude (NWA). "Public Enemy is more political and we're more street," says NWA leader Ice Cube. "Public Enemy is more of an overview; we deal with what's in your face. We feel the boy across the street don't care about the president, the governor or the mayor. The only people he sees in authority are the police."

And NWA's response to the police is blunt: Fuck 'em.

"Fuck the police. They have the authority to kill the minority. Fucking with me 'cos I'm a teenager ... searching my car, looking for the product, thinkin' every nigger is selling narcotics."

On one track, "Fuck The Police", NWA members sing of being "young niggers on the warpath, and when we're finished it's gonna be a bloodbath of cops dying in LA". They also describe the joy of "taking out a cop or two with an Uzi or an AK".

NWA's album, "Straight Outta Compton" (Compton is the LA suburb they live in), includes "Fuck The Police" and several other songs about gang life, drugs - and women, where another word enters their vocabulary: bitch.

"We're not disrespecting women, we're disrespecting bitches," explains singer Eazy E. He adds: "A woman is a woman. A bitch is someone who carries herself in a stuck-up way ... a bitch is someone who fucks everybody except me."



The 2 Live Crew and friends

Bitches

If you need to hear more, listen to The 2 Live Crew, the rude boys of rap. They don't much care for politics, devoting their new double album, "As Nasty as They Wanna Be", to tales of "bitches" and what they do with them - and the word "fuck" is as operative as ever.

"I got bitches who can do things to me that you can never do; they can fuck me, suck and give me money too," crows group leader Luke Skywalker on one track, "Get The Fuck Out Of My House".

The bulk of the album is musical pornography, a bit like the doors of the men's toilets at the Market Theatre. Fuck this, fuck that, every tune more lewd than the last. The titles give a good indication of the content: "Dick Almighty"; "Me So Horny"; "The Fuck Shop"; "If You Believe In Having Sex"; and so on. Rude, often puerile, the line between porn and corn is a thin one at times.

Labels

The United States may feel it is the land of the free at the moment, but it is definitely not the land of the broadminded.

And bands like NWA, The 2 Live Crew and Public Enemy have provided plenty of ammunition to conservative groups lobbying for the formal censorship of music.

So far they have had several victories; their biggest was forcing record companies to print stickers on albums which contain "explicit language".

The 2 Live Crew's album, for example, carries such a warning. NWA's album warns: "These songs contain explicit lyrics. Parental guidance suggested."

The labelling regulation already applies in more than 20 of the US's 52 states, and some record dealers are refusing to sell labelled albums to youths under 18. Other dealers refuse to stock them at all.

Police have arrested record dealers who sell these albums to children: In Florida, a shop assistant was arrested for selling The 2 Live Crew's album to an 11-year-old. And a store owner in Alabama was fined for selling the same album. The charge: Obscenity.

Both The 2 Live Crew and NWA have also been warned that they face prosecution if they perform in the state of Tennessee, where a district attorney declared that their music violates obscenity laws.

A conservative senator explains the logic behind the labelling like this: ~"A can of soup has a content label. It's become accepted practice to have labelling so we know what's going into our bodies. It's just as reasonable to have some labelling (on albums) so we know what goes into our children's minds and characters."

* All three albums mentioned here are available - with warning stickers, but without age restrictions - in South Africa.

Oom Leeu, dink oom...?

VICTOR MUNNIK skryf oor TV

BINNEKORT, landgenote, sal ons 'n wonderlike TV-diens hê. Al die onbekwames en halsstarriges sal gefire word, en vervang word deur vars exiles. Totsiens solank.

Dit sal net gedoen moet word voordat ons envoi in Hongarye honderde Oos-Europese programme aankoop en ons verstrik raak in 'n bleek Kundera-kultuur.

Want ons soek na die hooglande van Ethiopië en die moerasse van Soedan, met Cliff Saunders en Al J Venter veilig besig met museumwerk in Verwoerdburg.

So byvoorbeeld is die tosseltjie-kop kêrel wat oom Mathlabatini geïnterview het, net die soort bek wat ons nodig het om ons politici vrae te vra. Hy vra byvoorbeeld die leeu van Soweto; "Oom Leeu, dink oom die dag sal weer kom dat oom se musiek weer so gewild raak soos 'n paar jaar gelede?"

Voëlverskrikker

Soos julle kan sien was ek by Dollar Brand se Durbankonsert pleks van om TV te kyk. En hoekom? Uit protes teen die Amerikaanse oorheersing van ons kultuurlewe.

Ek sien LA Law het die yuppie flu-prys (get it? get it?) gekry as puik drama. Seker vir sulke juweeltjies soos die groot dommetjie wat sy verloofde Alice omgeskop het ("how can I love you if you won't lie down?", soos Jennifer by gelcentheid gesing het) omdat sy 'n voëlverskrikker gesoen het.

Hulle praat die saak uit in 'n restaurant en hy sê: kyk, gmf, gmf, ek het jou geskop want liefde beteken jy is veronderstel om net vir my te soen.

O. Maar soos die mooi klein dommetjie met die hartseer ogies sê, wat as sy dalk 'n bietjie vergeet daarvan?

Die meneer

Ja, so doen elkeen maar sy bes. Die besondere program Time marches on... taram taram... het juis gefokus op die beul van Frankryk, of soos sy vyande hom noem, die meneer van Parys.

Heel gevoelig wys die Amerikaners hoe die Franse omie in sy grys karretjie met die guillotine in na 'n plattelandse dorpie ry om 'n misdadiger se kop af te sny. Dan kom hy terug Parys toe, kyk dat sy knegte die lemme en dinge mooi skoon was, en stap dan kop onderstebo huis toe. Soos die gevoelige kommetator sê: "Hy steek sy gesig weg terwyl hy loop, want hy weet hoe ander mense na hom kyk - met 'n soort van afsku..." Vreemd nè, want hy is tog aan niks skuldig nie.

Hoedjies

So van afsku - of is dit vervreemding? - gepraat, pres Tudor Ndamage Control weet duidelik nie baas Frik haat hoedjies nie. Daarmee verdien die comrade oom president ons nuwe naasbestaan-in-onskuldprys, 'n foto-boekie waarin oud-minister Fanie Botha se politieke loopbaan volledig uitgebeeld word.

Tande

Ons musikale deernisprys gaan vandeesweek aan Thinus Maree, sanger van die trefferliedjie: "Hier is my tande". Dit is ten spyte van genadelose kompetisie van die Basterbevryders se uitvoerende kunste-vleuel.

'n Kunsveiling ten behoewe van Ainslie-fonds

WERK van 100 beeldende kunstenaars - waaronder William Kentridge, Margaret Vorster, Helen Sebidi, Elza Botha, Marié Strauss en Eduardo Villa - word Sondagmiddag 5-uur by Sotheby's (Biermannlaan 13, Rosebank) in Johannesburg opgeveil.

Die veiling is ten behoewe van die Ainslie-gedenkfonds wat beurse aan kunsstudente gaan voorsien.

Bill Ainslie is laasjaar oorlede en was hoof van die Johannesburgse Kunsstigting.

***Besigtigingstye: Vrydagmiddag 3 tot 5 en Saterdag en Sondag van 9 tot 12.30.**

Schiess en Napier span saam

PIETER SWANEPOEL gesels met die regisseur van "Pope Joan II" wat nou in die Laager by die Mark-Teater op die planke is

MARIO SCHIESS kan soms net so opgewonde raak as wat hy aanvanklik kalm mag voorkom. Kry hom aan die praat oor drie dinge en jy sit ses ure lank by hom vas. Die teater, musiek en Jung. Nou moet ek toegee: ons het dié keer nie eers een keer direk na Jung verwys nie.

Teater was ons onderwerp en na 30 jaar in die teater, kan dit seker nie doller gaan met 'n regisseur as wat dit vanjaar met Mario Schiess gaan nie. Twaalf openingsaande dwarsoor die land. Hy noem hulle op, ek probeer dit nie eers neerskryf nie.

Die huidige is "Pope Joan II" met Jana Cilliers. Een van die feministe van Zürich, Ester Villar, het in dié futuristiese stuk 'n vroulike karakter geskep wat haar inwydingstoespraak lewer wanneer sy in die jaar 2014 die eerste vroulike pous word.

"I was surprised to see you take four pieces down to this year's Grahamstown fest," sê ek. "Ja, ek moet mal wees." Hy's pas terug van 'n rehearsal in Johannesburg en sy jongste dogter wat tee aandra, vertel hom iets van iemand wat gebel het oor 'n vliegkaartjie na Frankryk.

Dis oor "Die aap", verduidelik hy. "Ek moet reël om hom vanjaar in Frankryk opgevoer te kry. 'n Suid-Afrikaanse akteur wat daar woon sal die Franse aap speel".

Ek onthou dat ek die naam Mario Schiess die eerste keer gehoor het toe "Die aap" (soos hy graag verwys na sy verwerking vir die verhoog van Franz Kafka se kortverhaal, "Report to an Academy".) in Pretoria opgevoer is. Tot op hede is dit seker sy grootste sukses.



Mario Schiess

Nie alleen had "Die aap" met Maruis Weyers in die hoofrol destyds Suid-Afrikaanse gehore en kriciti aan die brand nie, maar sou dit ook internasionaal (Edinburg, Jerusalem, Los Angeles) groot lof toegeswaai word.

Intussen het Schiess nog nie van "Report to an Academy" afgesien nie. Die stuk het onlangs 'n transformasie ondergaan toe die swart akteur Sam Williams die apeman ingelaat is.

Van die 60s af het Schiess dit sy taak gemaak om eietydse teater aan Suid-Afrikaners bekend te stel. Sy eerste produksie was Ionesco se "Prima Donna", waarna hy Genet se "The Maids" aangepak het.

"Ek het produksies gedoen waarvoor meeste mense skrikkerig was. En tog was daar altyd goeie akteurs wat honger was vir die moderne uitdagings. Destyds was geld vir die teater selfs meer skraps as nou, en moes die produksie opgemaak word uit 'n kombinasie van professionele en amateurspelers".

Vir die Volksteater doen hy toe 'n hele string dramas, waaronder 'n aantal van Dürenmatt en Max Frisch. In 1964 speel Cobus Rossouw byvoorbeld al 'n hoofrol in Schiess se produksie van "Andorra". Truk het eers 10 jaar later moed bymekaar kon skraap om die stuk met sy duidelik anti-rassistiese tema op te voer.

Dit is met my volgende vraag wat Schiess 'n opgewonde irritasie nie kan onderdruk nie. "Nee, daai tyd was daar nie veel inheemse stukke wat die moeite werd was nie. Dit beteken egter nie dat ons nie toe groot dramaturge kon oplewer nie. In Suid-Afrika was dit nog altyd 'n geval van, 'If you don't have heroes, you create them.' So gaan dit vandag nog. Ons het nie 'n tekort aan helde nie. Of hulle die moeite werd is om te bewonder, is 'n totaal ander saak."

Teen die einde 60s, vroeg 70s, het hy 'n paar rolprente ook gemaak. Die een het hy self geskryf. Ongelukkig was nie een fliek 'n lokettreffer nie en sy geld was gedaan. Hy is terug teater toe omdat hy nie al sy kreatiewe energie wou uitmors op geldinsameling nie.

In 1977 doen hy die regie van sy eerste eie teks, "Charade" en in 1978 doen hy sy eerste volwaardige produksie vir die Mark-Teater. "Equus" tref die Afrikaanse gehoor. Marius Weyers vertolk die hoofrol. Twee jaar later val dieselfde eer 'n bloedjong Tersius Meintjies - toe nog 'n student - te beurt. Sedertdien het hy suksesse en mislukkings gehad. "Soms maak die kriciti my oë vir my eie tekortkominge oop en leer ek uit my mislukkings. Maar ander kere stem ek nie saam nie. Ek glo tot vandag toe nog in 'n paar produksies wat swak ontvang is deur gehore en kritici."

Sodra hy terug is uit Europa pak hy sy nuutste werk aan. Soos sy onlangse "Nemesis", is "Paradise Concerto", wat by die Roodepoortse Stadsteater opgevoer word, ook op feite gegrond. Hierdie keer kom sy liefde vir musiek na vore.

Die drama sal afspeel saam met 'n sang-siklus wat Mahler vir gestorwe kinders geskryf het. Volgens oorlewering het Mahler se vrou hom gewaarsku om nie die lot te tart terwyl hy self twee dogters het nie. Wanneer Mahler se een dogter dan sterf, loop die werklikheid in 'n dramatiese voorstelling op die verhoog.

Jonathan Rands vertolk die rol van Mahler, Helena Hettema is sy vrou en Jana Cilliers 'n mistieke persoonlikheid - "die Anima, as jy wil". Die pro-Musica orkes sal in die put wees om musiek onder leiding van Weiss Doubell te verskaf. Marita Napier sing die liedere.

Here's a case of Nazi overkill

MUSIC BOX
Jessica Lange, Lucas Haas, Armin Mueller-Stahl
Director: Konstantin Costa-Gavras

ANDREA VINASSA

WITH every film Costa-Gavras becomes stylistically and technically more assured. Why then, does his latest, and most impressive film, fail to rise above the filmmaker's own hypothesis ... that people capable of the most monstrous behaviour given one set of circumstances, are towers of virtue in another.

Whether Ann Talbot would zealously defend her Hungarian father, believing that he has been falsely accused of war crimes in America, is not the question. That she would carry on believing in his innocence when Costa-Gavras has revealed, to the audience, that he is guilty beyond a shadow of a doubt, is the film's fatal flaw. In fact, if he were innocent, there would have been no reason to make the film.

From the outset "Music Box" is utterly predictable and relentlessly unambiguous. It remains for Jessica Lange to carry the interminable narrative towards its inevitable end with a performance of extraordinary range.

"Betrayed", though a considerably less convincing film, nevertheless retains that element of uncertainty which creates moral dilemmas for audiences.

Costa-Gavras is too reluctant to risk propagating what he is condemning that he films himself into a creative cul-de-sac. His Achilles' heel is Ann Talbot's father, played with all the warmth of a North Sea shark by Armin Meuller-Stahl, whom he condemns before the trial begins.

"Music Box" is one of those should-have-been-brilliant films that cannot be faulted in areas of commitment, research, actuality, cinematography, performance and dialogue. The film is impeccable in most respects, which is why it is so disturbing to come away unsatisfied. I can only put it down to overkill.

Screenwriter Joe Eszterhas - he also scripted "Betrayed" - had a deeply personal interest in the subject matter. His Hungarian heritage started him on the story. As an eight-year-old child in America he met many Hungarian émigrés who were anti-Semites. He was convinced that they were the perpetrators of the lesser-known Holocaust that occurred when World War II was literally over.

Jessica Lange ... extraordinary range

One could not wish for a more dramatic scenario: A Chicago lawyer takes on the defence of her father who is accused of war crimes and is faced with his possible guilt.

The clash of the character's rational faculties with her emotions provides Lange with some riveting moments. Unfortunately we are unable to accompany Ann on her search for truth, because we know Dad is guilty and even if he weren't, we'd still want him to be put away for being such a shifty SOB.

Obligatory questions about legal ethics are interwoven with others inquiring about whether Nazi witch hunts are still justified. Occasionally, very occasionally, Costa-Gavras throws his audience into a moral quandary, providing glimpses of what the film should have been.

The most chilling aspect of the film is the revelation of American covert involvement in the granting of immunity to Nazis with anti-communist sympathies. This is definitely the most valuable contribution Costa-Gavras and Eszterhas have to make.

For the rest ... the film is Jessica's.

Braam Kruger in die hof

DIE Johannesburgse kunstenaar Braam Kruger verskyn vandag in die Johannesburgse Landroshof op aanklagte dat hy en sy vrou Wimpie te veel van hulle huis gebruik om in te skilder. Die Johannesburgse Stadsraad is die klaers.

Diegene wat ondersteuning wil bied kan hulle 9vm by die hof aanmeld.

Lente-kermis in Yeoville

DIE Yeoville Resident's Organisation bied heeldag môre 'n Lente-kermis in die Yeoville-park (h/v Fortesque- en Raleighstr) aan. Stalletjies, buskers en 'n seepkissie wat enigiemand met politieke pretensies kan gebruik om hul sê te sê, word in die park aangebied.

Meer formele vermaak - "gumboot"-danse, die Yeoville ANC-koor, jazz en klassieke musiek en teater - vind in die saal langs die park plaas. Later die aand (9nm) is Shifty Music se World Music-partytjie. Vir meer inligting, bel Vanessa by (011) 678-6321 of Bruce by (011) 487-3608.

Die jol leef voort

ONDANKS gerugte, disinformasie, leuens, rassisme, geweld, Saddam Hussein, TV, tax, shopping centres, apatie, plastic, general boredom en gebrek aan inisiatief is die jol nie dood nie. Die jol is blakend gesond en woon nou in Kaapstad.

Met Johannes Kerkorrel, Koos Kombuis en die Poeding, Jahnito Novel and the Strings of Jah en die Valiant Swart Band.

Datum: Vrydag, 28 September
Tyd: 8.30nm
Plek: Three Arts, Mainstraat 260, Plumstead, Kaapstad
Kaartjies: R10, R8 vir studente en skoolkinders
Bespreek by Computicket.

Truffaut sit die stryd voort

Dié week vervolg DANIE PIETERSE sy oorsig van die revolusionêre verlede van die Franse rolprentbedryf en die regisseur Francois Truffaut se betrokkenheid daarby. (Die jaarlikse Franse Rolprentfees, 'n vertoonkas vir Europa se gesondste filmbedryf, begin vandag in Johannesburg.)



Eens 'n revolusionêr, altyd 'n revolusionêr ... Francois Truffaut in die verbeteringskool

DIS 9 Februarie en Frankryk staan op die rand van verreikende sosiale veranderinge. Minder as vier maande later sal die land in so 'n toestand van chaos verkeer dat generaal De Gaulle die volksraad sal moet ontbind en 'n algemene verkiesing uitroep.

Francois Truffaut het sopas saam met sewe ander raadslede uit die vergadering van die Cinematheque gestap omdat die De Gaulle-regering ontslae wou raak van Henri Langlois, die direkteur van die onafhanklike staatsgefinansierde Cinematheque, en 'n regeringsman in sy plek aanstel. Truffaut het 'n paar dae gelede begin met die verfilming van "Baisir Volés" ("Stolen Kisses") en hy het sy hande vol, maar hy twyfel nie vir 'n oomblik oor sy prioriteite nie: hy begin onmiddellik organiseer vir die heraanstelling van Langlois.

Die volgende dag weier hy en ongeveer veertig ander regisseurs dat hulle films by die Cinematheque vertoon word en bywoning daal drasties. Op 13 Februarie sluit die Cinematheque sy deure "vir opname en reorganisasie".

Die dag daarna reël die filmmakers 'n protesoptog waaraan ongeveer 3 000 protesteerders en 30 busvragte polisiemanne deelneem. Die betogers word uiteengejaag en beide Truffaut en Godard word beseer. Die Franse uitsaaidiens, die ORTF, gee slegs die amptelike weergawe van gebeure oor die radio en televisie: "'n Versteuring is veroorsaak deur dertig of veertig heethoofde, wat mercurochrome oor hulleself gegooi het om die indruk te skep dat die polisie hulle aangerand het."

'n Komitee vir die Verdediging van die Cinematheque word gevorm, wat van regoor die wêreld steun ontvang. Baie buitelandse regisseurs weier ook die vertoning van hulle films en nadat die Cinematheque 50 dae lank gesluit was, moet die regering die stryd gewonne geen en Langlois weer aanstel.

(Gedurende hierdie tyd moes die verfilming van "Baisir Volés" natuurlik tweede plek inneem en die film se uiteindelike sukses is grootliks te danke aan die spontaniëteit en geesdrif wat tydens die veldtog op stel geheers het.)

Die Franse rolprentbedryf se protes teen inmenging van die staat en hulle eise om selfbestuur is egter maar net die voorloper van wat gaan kom: Daar is wydverspreide ontevredenheid met outoritêre burokratiese strukture van politieke partye aan die linker- en regterkant van die politieke spektrum, 'n ontevredenheid wat veral onder studente uiting vind. Die slagspreuk "Dit is verbode om te verbied" gee 'n aanduiding van die heersende stemming.

Daar is ook 'n groeiende bewussyn van sosiale verantwoordelikheid en studente kritiseer die sinisme van die ouer geslag wat verantwoordelik was vir die bloedige oorlog in Algerië en wat die Amerikaanse betrokkenheid in Viëtnam, 'n vorige Franse kolonie, stilswyend goedkeur.

Vroeg in Mei gryp die polisie in by 'n massavergadering op die Sorbonne-kampus en neem 'n groep studente in hegtenis. Die situasie ontaard in chaos. Die studente rig versperrings in die strate op en gewelddadige botsings vind plaas tussen polisie en studente.

Die studente vra vir 'n landswye staking en op 13 Mei marsjeer ongeveer 200 000 mense deur die strate van Parys onder die banier: "Studente, leerkragte en werkers saam." Stakings en onrus versprei soos 'n veldbrand deur die land.

Truffaut is intussen betrokke by die stigting van die "State Generaal ('n verwysing na die Franse Revolusie) van die Rolprent", 'n los groepering van filmmakers, tegnici, akteurs, die redaksie van die "Cahiers du Cinema" en oudiovisuele studente. Die groep sou slegs vir 'n tydperk van drie weke bestaan, maar hulle sou 'n belangrike invloed uitoefen op die toekoms van die oudiovisuele veld in Frankryk en op die rigting van rolprentkritiek wêreldwyd.

Die belangrikste teiken van die protes van die State Generaal is die Centre National de la Cinematographie (CNC), 'n staatsbeheerde liggaam wat die Franse rolprentbedryf sedert die veertigerjare reguleer en ondersteun.

Die aanklag is dat die CNC, wat oor die nodige strukture beskik om die plaaslike rolprentbedryf aan te moedig, staan en toekyk terwyl die bedryf op 'n groot skaal deur buitelandse kapitaal geïnfiltreer word en die Amerikaanse rolprent die norm op Franse skerms word. Hiermee saam is daar 'n diepgaande ontevredenheid oor die feit dat die rolprent toenemend as kommoditeit en nie as kuns en kommunikasiemedium gesien word nie.

Ander vraagstukke wat baie aandag geniet, is die sisteem van rolprentverspreiding, wat 'n klein groepie mense die mag gee om te besluit watter films gesien word en watter nie, sensuur, en die swak opleidingsgeriewe vir beide oudiovisuele werkers en fliekgangers.

Intussen het die Cannes-Filmfees op 10 Mei geopen, gesluit en weer geopen. Die State Generaal eis die sluiting van die fees en op die 18de val 'n groep filmmakers, tegnici, waaronder Truffaut, Godard en Lelouche, die hoofteater van die Cannes-fees binne. Hulle knip elektriese koorde en maak die vertoning van die film wat moes begin, onmoontlik. Truffaut self swaai aan die gordyne voor die skerm om te verhoed dat hulle oopgaan.

Op 25 Mei sluit die radio- en televisiejoernaliste van die ORTF hulle ook by die reeds meer as 10 miljoen stakende werkers en studente aan. Vyf dae later ontbind De Gaulle die volksraad nadat hy militêre leiers besoek het om hulle steun vir die regering te toets. In 'n toespraak op televisie waarsku hy teen die totalitêre kommunistiese gevaar wat Frankryk bedreig.

Teen daardie tyd is dié gevaar egter reeds verby: In die laaste week van Mei het 'n belangrike gedeelte van die radikale studentebeweging, sowel as die linksgesinde vakbonde, begin saamstem dat 'n verandering van regering die eerste prioriteit is en 'n revolusionêre verandering van staatsbestel nie meer op die agenda is nie. Die Franse sosioloog Alain Touraine skryf dit toe aan "die ontmoeting tussen 'n revolusionêre beweging en 'n onrevolusionêre situasie".

Vanaf die middel van Junie begin werkers weer terugkeer na hulle werkplekke en die De Gaulle-regering word herkies. Die State Generaal van die Rolprent sou nie weer as beweging funksioneer nie, hoewel die invloed daarvan vandag nog geld.

Wat die State Generaal interessant maak, is dat die sentrale vraagstukke, teenstrydighede en effekte van Mei '68 in dié beweging gereflekteer word: Die ontevredenheid oor die outokratiese regeringstyl van die De Gaulle-regering het groepe en individue met soveel sukses verenig dat 'n nuwe sosiale bestel skielik moontlik geword het. Die soeke na 'n alternatiewe stelsel (wat ook 'n nuwe bedeling vir die filmbedryf sou insluit) het egter die grondliggende verskille in die opposisie op die voorgrond gebring.

Toe De Gaulle die algemene verkiesing aankondig, het die CGT, die grootste vakbondbeweging en nou verbind met die Franse Kommunisteparty, aangekondig dat hulle nie die verkiesingsproses sal ontwrig nie. Die revolusionêre groep van die beweging daarenteen, wat gevoel het dat die pad na verandering nie die parlementêre roete moet volg nie, het dit die "verraad-verkiesing" gedoop.

Dieselfde polarisasie het homself in die State Generaal gemanifesteer: Die groep waarvan Truffaut deel gevorm het, was tevrede met 'n hervorming van die bestaande politieke- en rolprent-sisteem en die gebeure van '68 het byvoorbeeld nie 'n duidelik onderskeibare invloed op sy werk gehad nie.

Die groep waarvan Godard deel was, aan die ander kant, het gevoel dat 'n radikaal nuwe rolprent geskep moet word, geskoei op die lees van die revolusionêre "rolprent-dokumente" (ciné-tracts) wat gedurende die tydperk van die opstande vervaardig is.

"Cahiers du Cinema" het ook 'n nuwe rigting ingeslaan. Die klem was op die verwerping van die tradisionele narratiewe styl ten gunste van vormveranderings wat aan die nuwe politieke rolprent moes vorm gee: "Ekonomies/politieke aksie moet onskeidbaar verweef wees met die aksie van vorm."

Uiteindelik is beide Godard en "Cahiers" egter gekonfronteer met die feit dat die werkersklas, wie se belange hulle sou dien, nie die tipe film gaan sien wat hulle propageer nie en dat "werkers beter dinge het om te doen as om uit te vind hoe kapitalistiese uitbuiting homself in 'n film manifesteer."

In 1975 distansieer die "Cahiers" homself van die onderskeid tussen die "plesier-kommersiële rolprent" en die "plig-militante rolprent" en eindig die artikel met 'n aanhaling van Brecht: "Met 'n ligtheid van aanslag is al die grade van erns moontlik."

Dit beteken egter nie dat al die woelinge rondom Mei '68 tevergeefs was en die rolprentbedryf maar net weer terug was waar hy was nie. Die aanwinste was groot: Die CNC het begin om 'n beleid van "stimulasie sonder manipulasie" teenoor die filmbedryf te volg, wat daartoe gelei het dat die Franse filmbedryf vandag die gesondste een in Europa is. (Dit het die meeste vertoonlokale, die grootste aantal bywonings per persoon, die minste penetrasie van Amerikaanse films en vervaardig die meeste plaaslike films.)

Andersyds het die betrokkenheid van die rolprentbedryf by die gebeure van '68 'n nuwe bewussyn van die sosiale verantwoordelikheid van die medium gebring, iets wat nie met die Nouvelle Vague (New Wave) van die vyftigs en vroeë sestigs die geval was nie. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n besinning oor filmteorie en die strukturalistiese en semiotiese filmkritiek (wat Britse en Amerikaanse filmteorie sterk sou beïnvloed) het op die voorgrond getree.

Sensuurmaatreëls is verslap en op die gebied van televisie het die stakings van die joernaliste tot gevolg gehad dat 'n baie meer liberale beleid by die ORTF gevolg is met die "vrye vloei van inligting" as nuwe slagspreuk.

Truffaut het voortgegaan om van sy beste rolprente in die sewentigs en vroeë tagtigs te maak.

* Gaan kyk "La Petite Voleuse" by die Rosebank Mall in Johannesburg. Dit is gegrond op 'n sinopsis wat Francois Truffaut in die vyftigs geskryf het.

Die Franse Filmfees

DIE jaarlikse Franse Filmfees - wat vandag by die Seven Arts in Grantlaan, Norwood, Johannesburg begin - bied 'n vertoonkas vir die Franse rolprentbedryf.

Dat prente soos "die oorspronklike, ongesensureerde weergawe" van Bernardo Bertolucci se 1972-prent, "Last Tango in Paris" en Federico Fellini se 1980-prent "City of Women" vertoon word, is 'n aanduiding dat die Franse, soos die res van Europa, sukkel om in die allesverterende teenwoordigheid van televisie en Amerikaanse geweld-prente 'n ernstige rolprentbedryf aan die gang te hou.

Dit wil ook voorkom of die dae van die groot outeurs soos Godard, Truffaut, Rohmer en Chabrol verby is. Kêrels soos Luc "Subway" Besson en Jean-Jacques "Diva" Beneix is maar lig in die broek. (Beneix se jongste, "Roselyne en die Leeus" (1989) handel, soos sy "Betty Blue" oor 'n vrou se obsessie ... dié keer met leeus.)

Hoogtepunte is:

*** Jean Louis Benoit se "Dede" (1990) met Luc Thuiller van "Monseiur Hire"-faam. Dit is 'n komiese melodrama in die tradisie van "When Father Was Away On Business".**

*** Elie Chouraqui se "Miss Missouri" (1990) ... 'n road-movie wat in Amerika afspeel.**

*** Jean Becker se psigo-riller "One Deadly Summer" het vier Cesar-pryse gewen. Isabelle Adjani se beste vertolking.**

*** Ben Kingsley speel 'n Brasiliaanse slangjagter in "The Fifth Monkey".**

*** Die tydperk net voor onafhanklikheidwording in 'n Franse kolonie in Afrika word opgeroep in Claire Denis se "Chocolat".**

*** "Twist Again in Moscow" is 'n Feydeau-agtige klug wat in Moskou afspeel.**

*** Gerard Depardieu, Phillipe Noiret, Catherine Deneuve en Sophie Marceau speel die hoofrol in "Fort Saganne", 'n epiese prent oor Frankryk se imperialistiese verlede.**

*** Jeremy Irons en Fanny Ardant speel die hoofrolle in "Australia".**

*** Claude Miller, ook die regisseur van "La Petite Voleuse", het die regie behartig van "Deadly Circuit" (1983). Ook met Isabelle Adjani.**

*** Eietydse Frankryk ... geen toekoms, geen God ... word in "A World Without Pity" uitgebeeld. Hippolyte Girardot het die 1989-Cesar vir Beste Akteur gewen.**

*** "Passport" (1990) is die eerste ko-produksie tussen Rusland en Israel en handel oor die emigrasie van Jode uit Rusland.**

Bespreek by Computicket. Die feeskantoor is van 10vm tot 5nm oop.
Tel: (011) 402-5477/8/9

TEATER

JOHANNESBURG

By die Warehouse, Markteater is BABY COME DUZE met Bayete, Mara Louw en Patrick Shai te sien. Tel: (011) 832-1641.

By die Mark se Laager kan Jana Cilliers in POPE JOAN II gesien word. Tel (011) 832-1641.

THE COCKTAIL HOUR met Sean Taylor is tans by die Leonard Rayne-teater te sien. Tel (011) 402-7726.

Truk se DAMP SHEETS met Mitzi Booysen, Pieter Brand en Tjaard Potgieter is by die Dairo-teater, Windybrow te sien. Tel: (011) 724-3301.

By die Alexander-teater in Braamfontein kan MIDNIGHT BLUES met Sam Marias, Natalie Da Rocha en Terry Fortune gesien word.

By die Mark se Upstairs kan Barney Simon se STARBITES met Fats Dibeco en Arthur Maiepo gesien word.

KAAPSTAD

Nico Malan-Teater: Arena: A LOVELY SUNDAY FOR CREVE COEUR. Tot 6 Oktober. Tel: (021) 21-5470.

In die Opera kan die ballet uitvoering CAMILLE gesien word. Tot 9 Oktober. Tel: (021) 21-5470.

Theatre on the Bay, Seepunt: MOVE OVER MRS MARKHAM. Tel (021) 438-3300.

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING: 21-27 SEPTEMBER
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091

BIRD ON A WIRE
Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DAYS OF THUNDER
Tom Cruise, Robert Duvall (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FAMILY BUSINESS
Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CRAZY CAMERA
Candid Camera Comedy (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

GREMLINS 2 THE NEW BATCH
Phoebe Cates, John Glover (2-8)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City)
Cnr. CLAIM/PLEIN ST.
337-3033/23-5871
Parking at Jack Mincer

BIRD ON A WIRE
Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

GREMLINS 2 THE NEW BATCH
Phoebe Cates, John Glover (2-8)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DAYS OF THUNDER
Tom Cruise, Robert Duvall (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FAMILY BUSINESS
Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CRAZY CAMERA
Candid Camera Comedy (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

AMERICAN NINJA 4
Michael Dudikoff, David Bradley (2-10)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

PRETTY WOMAN
Richard Gere, Julia Roberts (2-14)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

REVENGE
Kevin Costner, Anthony Quinn (2-18)
DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548

BIRD ON A WIRE
Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DAYS OF THUNDER
Tom Cruise, Robert Duvall (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362

BIRD ON A WIRE
Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DAYS OF THUNDER
Tom Cruise, Robert Duvall (A)
